UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'N ONDERSOEK NA DIE PLEK- EN PLAASNAME VAN DIE GROOT MOOT

deur

STEPHANUS STRYDOM

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Doctor Litterarum in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Universiteit van Pretoria,
PRETORIA.

Januarie 1955.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# I N H O U D S O P G A W E.

| | | | Bladsy |
|---|---|---|---|
| VOORWOORD | | ... ... ... ... ... ... ... ... | i |
| HOOFSTUK I | - | Pleknaamstudie in Suid-Afrika en in Europa ... ... ... ... | 1 |
| HOOFSTUK II | - | Aardrykskundige Skets ... ... ... | 14 |
| HOOFSTUK III | - | Historiese Skets... ... ... ... | 29 |
| HOOFSTUK IV | - | Metode van Ondersoek ... ... ... | 48 |
| HOOFSTUK V | - | Die plaas- en plekname in die gebied. | 63 |
| HOOFSTUK VI | - | Pretoria met Voorstede... ... ... | 180 |
| HOOFSTUK VII | - | Oorsig van die Stof ... ... ... | 200 |
| HOOFSTUK VIII | - | Taalkundige Aantekeninge. ... ... | 208 |
| HOOFSTUK IX | - | Alfabetiese lys van alle plekname in die gebied ... ... ... ... | 212 |
| LYS VAN KAARTE EN BRONNE | | ... ... ... ... ... | 220 |

- - - - - - - - - - - -

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VOORWOORD.

In die eerste plek wil ek my innige dank uitspreek teenoor my geagte promotor Prof. Dr. S.A. Louw onder wie se belangstellende leiding hierdie werk ontstaan en gegroei het. Hy het baie ure opgeoffer om probleme met my te bespreek en was altyd bereid om hulp en raad te gee.

Aan die personele van die Staatsbilioteek, Pretoria en die Merenskybiblioteek van die Pretoriase Universiteit wil ek dank betuig vir die hulp met die naslaan van Africana en ou tydskrifte. Verder wil ek graag die personele van die Transvaalse Argief en Kantoor van Aktes bedank vir bronne wat tot my beskikking gestel is. Die tekenaars in die Landmeter-Generaalskantore wil ek op besondere wyse bedank vir kaarte aan my getoon en vir die uitstekende kaart van die Groot Moot en omgewing wat hulle opgestel het. In verband met hierdie kaart wil ek die Stadsraad van Pretoria bedank vir die vriendelike toestemming om dit te gebruik hoewel dit reeds opgeneem is in die Eeufeesboek wat met Pretoria se Eeufeesviering vanjaar verskyn.

Besondere dank gaan ook aan Mnr. F.W. Marsh van die Driehoeksmetingkantoor, Pretoria wat 'n hele aantal kaarte van die gebied tot my beskikking gestel het. In dieselfde departement wil ek ook Mnre. Struwig en Dys hartlik bedank vir hulle hulp.

Die ethnoloë, Dr. Breütz en Dr. van Warmelo in die Departement van Naturellesake, wil ek bedank vir hulp in verband met die verklaring van 'n aantal naturellename.

My besondere dank en erkenning ook aan Mnr. T.J. Pauw van Pretoria wat verantwoordelik is vir al die foto's wat in die proefskrif opgeneem is.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die volgende persone het my op besondere wyse te hulp gekom met die leen van Africana werke en die verstrekking van waardevolle inligting: Adv. George Findlay Q.C., Mnr. Eugene Marais, Mnr. J.C. Vlok en Mnr. H. Behrens.

Aan my broer wil ek 'n spesiale woord van dank rig vir al sy belangstelling en hulp.

Ook wil ek graag die talle medewerkers wat vraelyste ingevul het en baie ure afgestaan het vir gesprekke, hartlik bedank vir hulle vriendelikheid en tegemoetkoming.

Ten slotte wil ek almal bedank wat my geïnspireer het en in staat gestel het om vry van materiële bekommernisse hierdie proefskrif te voltooi.

PRETORIA.
Januarie 1955.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K I.

## PLEKNAAMSTUDIE IN SUID-AFRIKA EN EUROPA.

Die plaas- en plekname wat ons in Suid-Afrika aantref met uitsondering van sommige inboorlingname, is veel jonger as die van die ou beskaafde lande soos Holland, Frankryk of Engeland. In hierdie ou lande was die name al baie eeue aan veranderings en vervormings onderworpe. Om hierdie rede vereis die Toponimie aldaar veel studie en ondersoek om die herkoms van 'n naam vas te stel.

In Suid-Afrika, wat 'n veel jonger land is, is 'n ondersoek na die herkoms van plaas- en plekname, 'n veel makliker taak. Dit neem nog egter niks weg van die interessantheid van die Studieveld nie. In vergelyking met Europa het ons in Suid-Afrika nog skaars 'n begin gemaak met pleknaam studie.

Verder in hierdie hoofstuk wil ek graag vermeld wat daar alreeds gedoen is. Waar daar Plekname aangehaal word as voorbeeld, het ek die spelling behou wat die bepaalde skrywers gebruik het.

Die eerste werk oor ons plekname verskyn in 1914 te Kimberley uit die pen van Eerwaarde Charles Pettman: Notes on South African Placenames.

Eerwaarde Pettman stel dit hierin dat die name wat blankes toegeken het, maklik is om te verklaar en so ook die Bantoename. Hy meen dat die groep Boesman- en Hottentotname die meeste hoofbrekens besorg. In die eerste plek maak hy 'n kultuur-historiese studie van plekname volgens die verskillende kultuurlae.

Die eerste groep wat hy bespreek, is die Boesman-, Hottentot en Kaffername. So gebruik hy van die volgende

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voorbeelde:

(a) Gong-gong is 'n suiwer Boesmannaam en beteken waterval. Die naam is 'n nabootsing van die geluid van vallende water deur 'n gat in die rotse.

(b) Van Hottentotse oorsprong meen hy, is bv.
Karoo (droë plek)
Outeniqua (die manne belaai met heuning)
Gamka (volop leeus)
Komgha (rooi klei).

Van hierdie twee genoemde groepe sê Pettman die volgende: „The Bushmen have gone, the Hottentots are rapidly following, but their fleeting breath has established monuments likely to be far more lasting than themselves; their place-names fall upon the ear like the faint echoes of a departing people, reminding us that they once were, and that at one time the land was theirs; they are sufficient and apt, describing the features of the country as they struck these keen-eyed children of the desert." 1)

(c) Kaffername is meer volop en ook besonder beskrywend, bv.
Umtata (brak water)
Amanzimtoti (soet water)
Umzimvubu (plek van die seekoei).

Die tweede groep plekname wat Pettman bespreek, is die name gegee deur Portugese seevaarders. Hy meen dat die name vandag nie genoeg erken word nie. As 'n mens die ou kaarte bestudeer wat dikwels verrassende gegewens bevat, kom jy diep onder die indruk van alles wat hierdie brawe avonturiers moet deurgemaak het. „Scorning the danger of unknown seas and rocky coasts, deadly fevers, fatal pestilence and parching thirst; facing furious tempests, unknown currents,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mutiny in the crews, secret treachery or open hostility of the natives; braving all the perils of the earth, fire and water, fearless they pursued their end, and today the world honours and applauds the heroes whose shadowy forms seem from time to time to flit across the stage of historic research." [2)]

Dit is jammer dat baie van die name wat hulle toegeken het, vandag nie meer gebruik word nie en deur ander vervang is. Name wat nie meer gehoor word nie is bv.

Angra dos Ilheos (baai van die eilande)

Vandag bekend as Walvisbaai.

Rio del Infante ('n Offisier van Diaz)

Vandag die Visrivier.

Angra S. Blaize ('n Heilige)

Vandag bekend as Mosselbaai.

Die derde groep wat Pettman bespreek, is die Hollandse name. Hierdie name begin in 1652. Daar is bv.

Tafelbaai, Vogelklip en Kaapstad.

Daar word verskillende kommandeurs en Goewerneurs vernoem:

Swellendam, Simonstad en Stellenbosch.

Van die name wat die vroeë koloniste aan plase en plekke gegee het, sê Pettman: „The early Cape Settlers gave simple, honest, and sometimes even poetic names to places and localities." [3)]

Bv., Wynberg, Rondebosch en De Paarl.

Daarna kom Pettman met 'n stelling wat myns insiens maar 'n halwe waarheid bevat en waarin hy die eenvoud en direktheid van die Afrikaner se naamgewing bespot. Sou iemand wat ons Boeremense ken en verstaan die volgende geskrywe het?:

„Then as the colony grew and education decayed, the farming element was deteriorated by the addition of a

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lower class of burger, and we can trace a corresponding rudeness in the place-names - a rudeness which has lasted up to the present for in almost every district we have a superabundance of Doorn Hoeks, Modder Gats, Haasfonteins, Rietkuils, Kraai Doorns; at one place you will find a Wagen Pads Kloof, at another a Stomp Stert Fontein, then a Zwartfontein, a Stinkfontein, to say nothing of Hermanus Petrus Fontein, Grootvaders Bosch, Schilpads Dorp and Martin Wesselstroom." [4)]

Sover dit die naamgewing van plase betref, het ek dit in die Groot Moot ondervind dat 'n naam nooit om dowe neute gegee word nie, maar dat 'n plaas gewoonlik vernoem word na 'n kenmerkende eienskap daarvan. Behalwe sy klagte oor die lelike name wat die onontwikkelde mense aan hulle plase sou gegee het, sluit Pettman hierby in die naam Martin Wesselstroom. Dit behoort na regte te wees Marthinus Wesselstroom en is die vroeëre naam van Wakkerstroom. Hierdie plek is Marthinus Wesselstroom genoem ter ere van president Marthinus Wessel Pretorius.

Verder wys Pettman op name wat kenmerke van die omgewing aandui:

Bakenlaagte, Spelonken, Schurweberg, Waainek en Blinkwater.

Pettman trek ook te velde teen lelike plekname, maar sê darem dat 'n paar soos Weenen en Bloedrivier gespaar kan word. Hy wys ook op name van Hugenote-oorsprong, soos Lausanne, name waarin families uit die Kolonie vernoem is, bv., Pretoria, Bredasdorp en Reitz en name wat die aard van die veld beskryf, bv. Boschveld en Doornveld.

Die vierde groep name wat Pettman bespreek, is die van Engelse oorsprong. Hy gee voorbeelde waarin Engelse konings, goewerneurs, generaals, staatsmanne en

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ander professionele mense vernoem is, bv. King Williams Town, Caledon, Wellington, Montague Pas en Biggarsberg.

Die vyfde groep name ressorteer onder Fauna en Flora. „Our placenames indicate how wide was the territory which many of these animals roamed and how ruthlessly they must have been pursued and destroyed." 5) Hy gee voorbeelde van name waarin daar vernoem is: grootwild, antiloopsoorte, kleiner velddiere, reptiele, veldvoëls en insekte: Luipaardsvlei, Elandsfontein, Robbeneiland, Slangberg, Kraaifontein en Rysmierbult.

Van name waarin plantsoorte voorkom, gee hy ook voorbeelde soos Pampoenpoort, Haakdoornbosch en Bamboesspruit.

In die Slothoofstuk gee Pettman 'n aantal losstaande name wat nie onder een van die rubrieke ingesluit kon word nie. Hieronder noem hy Lindley, Murraysburg en Oranjerivier.

Aangesien Notes on South African Placenames die eerste werk in hierdie land oor plekname is, het ek taamlik breedvoerig daarby stilgestaan. Met die ander werke wat daarna verskyn het, sal ek net kortliks op die inhoud daarvan wys.

Die tweede boek oor Plekname verskyn in 1917, nl. Place Names in the Cape District van C. Graham Botha. Hierdie werk is dadelik verskillend van Pettman se genoemde werk aangesien Botha 'n klein gebied geneem het in teenstelling met die groot gebied van Pettman.

C. Graham Botha het oor baie gegewens beskik en verstrek verklarings vir die name van dorpe, paaie, berge, riviere, strate, pleine, wonings en plase.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die volgende werk De Oorsprong van Tweehonderd Zuid-Afrikaansche Plaatsnamen verskyn ook in 1917 uit die pen van Gerard Joubert. Hierdie werkie kan ons beskou as die begin van 'n pleknaamwoordeboek. Onder die name waarvan hy kortliks die herkoms verklaar, is daar stede, dorpe, voorstede en strate. So verklaar hy bv., die herkoms van pleknаme soos Barberton, Gezina, Molteno, Stutterheim en andere.

In 1922 verskyn daar 'n tweede werk van Pettman: Place Names of the Orange Free State. In hierdie werk waarin nie alle verklarings en jaartalle juis is nie, bespreek hy ongeveer tweehonderd name. Die name van dorpe, berge en riviere word verklaar, maar aan plaasname word nie geraak nie. Die werk is verdeel in ses dele:

(a) Sendelinge: Philippolis (Genoem na die sendeling Dr. Philip).

(b) Voortrekkers: Uijsklip (Verdrag tussen Uijs en Moroka).

(c) Boesmans: Koesberg (Koes-draaijakkals).

(d) Korannas: Vaalrivier.

(e) Basuto: Thaba 'Nchu (Die Swart berg).

(f) Weer die Voortrekkers: Winburg, Boomplaats en Proklamasiedrif.

Pettman wys in die werk op pleknаme aan diere en plante ontleen en dui klassieke, Bybelse, beskrywende en ingevoerde pleknаme aan.

In 1923 verskyn daar nog 'n werk van Pettman, nl. South African Methodist Placenames. In hierdie werkie wat maar klein van omvang is, bespreek hy ongeveer 'n honderd pleknаme wat verband hou met die godsdiens.

In 1926 verskyn daar in Kaapstad 'n tweede werk van C. Graham Botha oor pleknаme: Place Names in the Cape

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Province. Hierin noem hy van die moeilikhede waarmee die pleknaamnavorser te kampe het en sê dat om elke pleknaam se herkoms behoorlik te omskrywe, die navorser die gebied baie goed moet ken en ook iets moet weet van die naturelle-tale.

Hy verdeel die boek in vier dele:

(a) Voor die Hollanders na die Kaap gekom het;

(b) Tyd van die H.O.I.K. en die Bataafse Republiek;

(c) Engelse periode;

(d) Name wat nie by genoemde groepe ingevoeg kan word nie.

Die laaste boek wat oor plekname gepubliseer is, is Notes on South African Placenames van Charles Pettman wat in 1931 te Queenstown verskyn. In hierdie werk bespreek Pettman ongeveer tweeduisend plekname.

Behalwe die genoemde boeke wat uitsluitlik met pleknaamstudie te doen het, het daar ook hoofstukke in verskillende boeke voorgekom waarin Suid-Afrikaanse pleknaamstudie bespreek word.

In Volk en Taal van Suid-Afrika van 1921 wy Dr. S.P.E. Boshoff 'n hoofstuk aan „Samestelling i.v.m., Plek- en Plaasname." Hy skenk uitsluitlik aandag aan die taalkundige aspek en laat 'n helder lig val op die samestellings in Plaas- en Plekname.

In die Bundel Opstellen van Oud-leerlingen aangeboden aan Prof. Dr. C.G.N. de Vooys is daar 'n hoofstuk, Suid-Afrikaanse Plekname as Studievak, van Dr. P.J. Nienaber. Hierin wys hy op ons agterstand met betrekking tot pleknaamnavorsing in vergelyking met Europa. Verder bespreek hy ook baie kortliks byna alles wat daar oor Plaas- en Plekname in Suid-Afrika geskrywe is.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Behalwe die hoofstukke in boeke is daar ook 'n hele aantal artikels in tydskrifte oor Pleknaamstudie gelewer. So is daar 'n artikel van dr. Abel Coetzee in Die Vaderland (9.10.36), 'n reeks artikels in Die Suiderstem (7.5.38 en 2.7.38 tot 20.8.38) van wyle prof. J.J. Smith en 'n hele aantal van dr. P.J. Nienaber in Die Huisgenoot (26.5.33, 27.1.39 en 3.2.39) en Die Burger (10.9.38 - 29.10.38). Van Engelse kant is daar die artikel van prof. Max Drennan in die Rand Daily Mail (29.8.28) en 'n artikel van Charles Pettman in S.A. Journal of Science (Volumes XVII & XIX).

Aan universiteite is daar, sover my bekend, nog net een verhandeling oor plekname gelewer, nl. die M.A.-verhandeling van H.J.J.M. van der Merwe: Ondersoek in verband met die oorsprong van Plaasname in die Oostelike gedeeltes van Carolina en Ermelo.

Daar bestaan ongetwyfeld baie belangstelling vir Plaas- en plekname. In die dagblaaie en in die ander tydskrifte verskyn daar kort-kort klein brokkies waarin gegewens verstrek word oor die een of ander pleknaam of waarin daar aangedring word op mooier plekname.

Tog is daar 'n deel van die Pleknaamstudie wat tot dusver uiters stiefmoederlik verontagsaam is deur sprekers en skrywers. Almal se aandag was tot dusver gevestig op die belangrike name. Die herkoms van dorpsname, bekende berg- en riviername is uitgepluis, maar niemand het nog na 'n boereplaas gegaan en gaan luister hoeveel name daar op so 'n enkele plaas voorkom nie. Die boer ken sy plaas en hy het 'n naam vir elke kloof, nek, krans, drif, waterkuil en lopie. Dit is hierdie name waarvan daar talle in 'n beperkte gebied voorkom, wat so verwaarloos is in die verlede.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om hierdie plekname op elke plaas te versamel, die herkoms te verklaar en op kaarte aan te bring, is 'n geweldige taak. Om die taak oor die hele Unie te kan afhandel, is 'n Pleknaamburo noodsaaklik. Met die stigting van so 'n buro aan een van ons universiteite sal dit moontlik wees om stof van onskatbare waarde in te samel.

Wat betref die korrekte spelling van ons plekname is daar alreeds veel gedoen. Daar bestaan talle kaarte op verskillende skale geteken wat die hele Unie dek. Die name wat op hierdie kaarte voorkom, moet sover moontlik korrek wees.

In die Driehoeksmetingkantoor te Pretoria waar die kaarte saamgestel en gedruk word, is Mnr. Dys afgesonder vir werk insake plekname. In sy kantoor is daar alreeds duisende plekname oor ons hele land geliaseer. Die werk geskied in samewerking met die twee Pleknamekomitees wat aangestel is deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

Al die bestaande name op 'n kaart word in 'n lys byeengebring, daarna word vraelyste uitgestuur in verband met hierdie name. Die volgende stap is om hierdie name te liaseer. Die naamlys gaan dan na die klein Pleknamekomitee waarvan prof. S.P.E. Boshoff die voorsitter en dr. M.J. Posthumus en Mnr. F.W. Marsh lede is. Hierdie klein Pleknamekomitee keur sekere spellings goed of af. Indien die naam so goedgekeur word, bring Mnr. Dys 'n rooi hoekie op sy liaseerkaart aan. Die naamlys gaan dan na die Groot Pleknamekomitee waarvan prof. Mackie, Mnr. Hiemstra en prof. Le Strade lede is. Sodra hulle 'n spelling goedkeur, word 'n groen hoekie aangebring op die liaseerkaarte by die Driehoeksmetingkantoor.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op hierdie wyse sal te werk gegaan word totdat alle plekname op kaarte goedgekeur is deur die Pleknamekomitees.

Wat plaasname betref, hier bedoelende die reeds bestaande plaasname soos bv. Uitzicht en Zandfontein, mag die Pleknamekomitees nie daaraan raak nie, want dit sou 'n chaos beteken in die kantore van die Landmeter-Generaal en die Kantoor van Aktes.

Die genoemde komitees mag wel op aansoek van die liggame waaronder dit ressorteer, die spelling van die name van poskantore, spoorwegstasies en haltes verander.

Dit is egter duidelik dat genoemde werksaamhede slegs verband hou met die spelling. Die kultuur-historiese sy van plekname gaan geheel en al verlore en ook 'n deel van die taalkundige aspek.

In werklikheid en in vergelyking met Europa, is daar in Suid-Afrika nog maar baie min gedoen aan pleknaam-studie. Hierdie goudmyn van taalkennis lê nog feitlik onaangeroer en wag op die taalkundige navorser.

In Europa is die waarde van die Toponimie lank reeds bekend en is daar talle ywerige geleerdes wat hulle daarmee besig hou. Een van die bekendste name op hierdie gebied is sekerlik die van prof. dr. H.J. van de Wijer van Leuven in België.

Aangesien plekname in Europa reeds honderde jare oud is, het die geleerdes gevind dat 'n studie van toponimiese stof baie nuttig is vir kennis van die ouer taal-toestande. Met die bestudering van moderne dialekte is bronne geen probleem nie, maar hoe verder in die verlede teruggegaan word, hoe skaarser word hierdie bronne. Na gelang die bronne afneem, styg die taalkundige waarde van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die naamstudie. Dit is nie slegs die plekname wat hier ondersoek word nie, maar ook persoonsname.

In al die werke en ondersoeke is dit hoofsaaklik die doel om uit die plek- en persoonsname allerlei inligting in te win oor die historiese fonetiek en in mindere mate ook oor die woordvoorraad, woordvorming en vormleer.

'n Ander aspek van naamstudie as hulpmiddel vir die historiese dialektologie het minder aandag getrek hoewel dit die nouste verband hou met dialekgeografie. Dit is die kartografiese metode wat meer belangstelling by die naamkunde geniet het. Dit is wel deeglik niks anders as historiese dialekgeografie in Europa nie.

Dit is dus baie duidelik dat die naamstudie in Europa wat 'n veel wyer veld dek as wat in Suid-Afrika op die oomblik die geval is, onskatbare waarde het vir die Taalkunde.

Dit is insiggewend om te sien hoeveel daar gedoen word in verband met naamkunde.

Jaarliks word daar aan universiteite kursusse gereël in verband met Toponimie en Onomastiek. Ek noem slegs as voorbeeld een van hierdie kursusse wat aan die universiteit te Leuven aangebied is deur professor van de Wijer en dr. K. Roelandts: Nederlandse onomastiek en de methodes der moderne naamkunde.

Oor die hele Europa is daar geleerdes wat intens belangstel in die Toponimie. So is daar in Denemarke lesings gehou deur prof. Skautrup, prof. Hasselrot en dr. Kristian Hald; in Duitsland is daar die professore Steinberger, Stroh en Weisgerber; in Frankryk weer prof. M.A. Dauzat; in Noorweë is Arkivsjef Per Hovda besig met

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die versameling van plekname en in Swede is daar weer prof. Sahlgren wat direkteur was van die Ortnamnsarkivet te Uppsala.

In talle lande is daar ook Naamkundeverenigings. So is daar in Duitsland die Zentralstelle des Bayerischen Ortnamenbuchs; in Engeland The English Place-Name Society; in die Nederlande die Commissie voor Naamkunde; in Swede die Kungliga Ortnamns-kommissionen en in Amerika The American Name Society.

Verder word daar jaarliks kongresse gereël waar nuwe naamkundige werke en probleme bespreek word.

Daar word verskillende toponimiese en onomastiese blaaie versprei soos bv. Mededelingen, uitgegee deur die Vereniging vir Naamkunde te Leuven en Onoma, uitgegee deur die Internasionale Komitee van Onomastiese wetenskappe.

Daar het reeds talle naamkundige werke verskyn waarvan die „Studiën en monographieën" oor Vlaamse pleknaamkunde en bekend as die reeks Nomina Geographica Flandrica, 'n uitstekende voorbeeld is. Hierdie reeks staan onder leiding van prof. dr. H.J. van de Wijer.

Ons in Suid-Afrika, wat nog maar 'n baie jong land is in vergelyking met Europa, staan op die drumpel van die Pleknaamstudie. Ons plekname het hulle eie karakter, eie interessantheid en eie bekoring en behoort om hierdie redes genoeg liefhebbers te vind om die skat van taalkennis wat dit inhou, aan die lig te bring.

---

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## VOETNOTAS - HOOFSTUK I.

1. C. PETTMAN: Notes on South African Placenames, bl. 4.
2. Do. bl. 10.
3. Do. bl. 13.
4. Do. bl. 14.
5. Do. bl. 28.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# H O O F S T U K II.

## AARDRYKSKUNDIGE SKETS.

### (a) DIE LIGGING:

Die Groot Moot is 'n vallei van naastenby tagtig myl lank en met 'n breedte wat wissel van twee tot vier myl. Hierdie vallei word gevorm deur die Magaliesberge aan die Noordekant en die Witwatersberg en Daspoortrant aan die Suidekant. Aan die Oostekant word dit begrens deur die plase Hartebeestpoort 308 en Derdepoort 469 en aan die Westekant deur Hekpoort 122, Doornspruit 99 en Nooitgedacht 121.

Die Groot Moot is geleë in drie distrikte. Die gedeelte vanaf die Westelike grensplase tot en met Bultfontein 120, is geleë in die Krugersdorpse distrik. Vanaf Remhoogte 40 tot en met Rietfontein 28 val onder Brits en die gebied vanaf Kameeldrift 82 en Uitzicht 586 tot en met die Oostelike grensplase, is geleë in die Pretoriase distrik.



Gedeelte van die Groot Moot soos gesien vanaf Kommandonek.


© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Groot Moot is nie die enigste moot wat in die distrikte Pretoria-Brits-Rustenburg-Krugersdorp aangetref word nie. Daar is ook ander mote wat kleiner en minder bekend is.

Net Suid van die plaas Rietfontein 28, aan die anderkant van die Daspoortrant, begin wat bekend staan as die Pretorius Moot. Hierdie moot strek oor die plase Welgegund 481, Broederstroom 163, Leeuwenkloof 97 en Hartbeesthoek 116. Hierdie deel staan bekend as die Pretorius Moot omdat daar vroeër jare baie van die Pretorius-familie woonagtig was. Vandag woon daar nog 'n hele aantal Pretoriusse.



Die Pretorius Moot.

Op die plaas Hekpoort 122, een van die Westelike grensplase, begin 'n ander Moot wat verder Wes strek en bekend staan as die Klein Mootjie. Hierdie Moot lê tussen die Witwatersberg en die Swartrantjies of Middelrantjies en strek oor die plase Doornbosch 94 en Zeekoehoek 95.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Die Klein Mootjie gesien vanaf Hekpoortfort op die Witwatersberg, met die Swartrantjies op die agtergrond.

Vanaf Nooitgedacht 121 swaai die Magaliesbergreeks Noordwes in die rigting van Rustenburg. Aan die Westekant van die reeks vorm daar nou wat bekend staan as die Rustenburgse Moot.

Met die ondersoek van die Groot Moot het ek dus nog drie ander mote gevind wat aangrens teen die Groot Moot.

(b) DIE BODEMVERHEWENDHEID:

In die volgende tabel word weergegee die grootste hoogtes wat die bergreekse, wat die Groot Moot begrens, op die verskillende plase bereik. Terselfdertyd word ook die laagste plek op elke plaas gegee. Alle gegewens word in voete verstrek.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | Gebied | Hoogtes bereik deur bergreekse | | Laagste plek |
|---|---|---|---|---|
| | | Magaliesberg | Witwatersberg | |
| 1. | Nooitgedacht 121 | 6078 | - | 4414 |
| 2. | Doornspruit 99 | - | - | 4294 |
| 3. | Hekpoort 122 | - | 5495 | 4148 |
| 4. | Hartebeestfontein 118 | 5820 | 5414 | 4019 |
| 5. | Hartebeestfontein 119 | 5580 | - | 4047 |
| 6. | Bultfontein 120 | 5472 | 5204 | 3991 |
| 7. | Remhoogte 40 | 5628 | 4751 | 3922 |
| 8. | Scheerpoort 60 | 5588 | 5040 | 3852 |
| 9. | De Rust 19 | 5286 | 5062 | 3809 |
| 10. | Hartebeestpoort 68 | 4995 | 4659 | 3810 |
| | | | Daspoortrant | |
| 11. | Syferfontein 24 | 5256 | 4549 | 3890 |
| 12. | Rietfontein 28 | 5315 | 4878 | 3904 |
| 13. | Kameeldrift 82 | 5446 | - | 4040 |
| 14. | Uitzicht 586 | - | 5032 | 4022 |
| 15. | Boekenhoutkloof 263 | 5072 | - | 4161 |
| 16. | Zandfontein 93 | 4880 | 4995 | 4200 |
| 17. | Pretoria Stadsgebied | 4859 | 4633 | 4100 |
| 18. | Koedoespoort 299 | - | 4400 | 4250 |
| 19. | Hartebeestpoort 308 | - | 4608 | 4292 |
| 20. | Derdepoort 469 | 4727 | - | 4200 |

Uit hierdie gegewens blyk dit dat sover dit die Groot Moot betref, die Magaliesberg sy grootste hoogte bereik op die plaas Nooitgedacht. Die baie hoë krans van 6,078 voet, staan bekend as Nooitgedachtkrans. Die laagste plek in hierdie reeks is Kommandonek waar die hoogte net 4,150 voet is. Wat die Witwatersberg betref, is die hoogste punt op Hekpoort (5,495 voet) en die Daspoortrant weer, bereik op die plaas Uitzicht sy grootste hoogte (5,032 voet).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die laagste punt in hierdie twee reekse wat feitlik aanmekaargeskakel is, is waar die Erfspruit, net ten Ooste van Broederstroomnek, sy weg deur die reeks baan. Die hoogte daar is 4192 voet. Hier mag nog bygevoeg word dat die Swartrantjies aan die Suidekant van die plaas Doornspruit, die hoogte van 4858 voet bereik.

Verder blyk dit ook duidelik dat die grond, vanwaar die Groot Moot in die Weste begin, geleidelik daal na Hartebeestpoort 68 waar die Hartebeestpoortdam geleë is. Vanaf die Hartebeestpoortdam is daar dan weer 'n geleidelike styging tot op Hartebeestpoort 308 waar die Groot Moot eindig.

Net soos dit die geval is met die bodem van hierdie vallei vind ons die laagste plekke in die twee bergreekse ook in die onmiddellike omgewing van die Hartebeestpoortdam.

Die bodem van die vallei is baie gelyk en slegs hier en daar vind ons 'n los koppie of rantjie. So is daar op die plaas Nooitgedacht die Vaalkop (4606 voet), op Hartebeestpoort 68, Cloister Kop (3992 voet) en 'n los koppie in die Stadsgebied Pretoria (4505 voet) wat Villieria en Rietondale van mekaar skei.


(c) DIE WATERS:

Die Groot Moot is ryk aan water want ons vind daarin die groot Hartebeestpoortdam, riviere, spruite, lopies en talle droë slote wat met reëntye vol water is. Dit is onmoontlik om almal hier te vermeld, daarom word net die belangrikstes genoem.

Daar is twee groot riviere, naamlik die Krokodilrivier en die Magalies. Die Krokodilrivier baan sy weg

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur die Witwatersberg en vloei in die Hartebeestpoortdam aan die Suidekant. Die Magaliesrivier vloei die Groot Moot binne op die plaas Hekpoort om uiteindelik ook die Hartebeestpoortdam te bereik. Veel kleiner as die genoemde twee, is die Scheerpoortrivier wat ook deur die Witwatersberg breek en dan in die Magalies vloei op die plaas Scheerpoort.



Die bekende Apiesrivier wat vandag veel kleiner is as vroeër jare, vloei ook vir 'n kort afstand, vanaf die Daspoort tot by die Wonderboompoort, deur die Groot Moot.

Daar is 'n hele aantal sterk spruite in die Groot Moot soos Hekpoortspruit en Doringspruit wat in die Magaliesrivier vloei op die plaas Hekpoort, Swartspruit of Jonkmanspruit wat van die Oostekant af in die Hartebeestpoortdam vloei. So vind ons Oos van Pretoria op daardie Mootplase, die Hartebeestspruit en die Rademeyersrivier.

Op byna al die plase is daar 'n klein lopie sowel as 'n aantal droë slote. Wanneer dit baie reent, voer hierdie slote die waters van die berge af na die vallei ver benede.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die riviere en spruite voer baie minder water af as in vroeër jare omdat die meeste boere pompe op die rivier - of spruitwal het en so baie van die water uitpomp vir besproeiingsdoeleindes.

Dit tref die navorser ook dadelik dat daar op baie plase vore uitgehaal is uit die spruite of riviere. Deur middel van hierdie grondkanale word daar baie morge grond besproei. Dan is daar ook talle plaasdamme wat in die meeste gevalle vir suiping gebruik word.

(d) DIE SAMESTELLING VAN DIE BODEM.

Hoewel die grondstruktuur in die Moot baie wisselend is, is dit 'n baie vrugbare vallei. Op sommige plekke is die grond vaal en sanderig, op ander is dit 'n rooi leemgrond, terwyl sommige dele taamlik brakkerig is. Naby die riviere en groot spruite word daar dikwels swart turf aangetref.

Die Suidelike gedeelte van die vallei openbaar 'n eienaardige karaktertrek. Vanaf Bultfontein 120 tot by Zandfontein 93, met die uitsondering van Hartebeestpoort 68, word daar naby die Witwatersberg en Daspoortrant, diep en suiwer lae van wit sand gevind. Hierdie sand word op sommige plase net so uitgegrawe, op vragmotors gelaai en na die groot stede vervoer. Op Uitzicht 586 is daar egter ook twee groot Sandwasserye om die sand heeltemaal te suiwer.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Voorbeeld van 'n Sandwassery.

(e) HOE DIE BODEM GEBRUIK WORD.

Die gebruik van die bodem hang van drie dinge af: die bodemverhewendheid, die besproeiingsmoontlikhede en die grondstruktuur.

Waar die vallei laag geleë is en dit moontlik is om die grond te besproei, vind ons gewoonlik landerye. Sommige laagtes waar dit moerassig is, word gebruik vir weiveld.

Dit is egter met uitsondering dat die gedeeltes, waar die bodemverhewendheid middelmatig is, vir landerye gebruik word. In die meeste gevalle kan sulke dele nie besproei word nie, en daarom word dit vir weiveld uitgehou.

In die hoog geleë dele, dit is die gedeeltes teen die bergreekse, vind ons geen landerye nie, maar word die berghange bewei en vind ons ook baie bosse. Hierdie bosse is veral baie ruig in sommige van die klowe waar daar fonteine aangetref word.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die meeste gevalle word landerye met draad van mekaar geskei, maar op sommige plase word nog rye wilgerbome tussen lande aangetref. Die eerste bewoners het in baie gevalle die lande wat aan 'n rivier of spruit lê op hierdie manier van mekaar geskei.

Vroeër jare het die boere duisende sakke hawer in die Moot gewen, maar vandag is 'n hawerland 'n uitsondering. Lusern het die plek van hawer ingeneem. Behalwe lusern word daar ook koring verbou. In groot dele word daar baie tabak geplant. Behalwe lusern, koring en tabak lê baie inwoners hulle toe op groente en blomme. Op die plase Nooitgedacht 121, Hartebeestpoort 68 en Kameeldrift 82 is daar 'n aantal boere wat hulle toelê op die kweek van vrugte. Lemoenboorde is egter net hier en daar te sien.

Dit was bemoedigend om te ondervind dat baie boere, veral die wat berggrond besit, die inheemse plantegroei sover moontlik probeer beskerm. Dit is te betreur dat grasbrande jaar na jaar baie van die inheemse bome en struike vernietig. Sommige gedeeltes van die bergreekse is nog dig bebos en 'n ware lushof vir die liefhebber van ons eie Afrikaanse plantegroei. Met my besoeke aan die inwoners en uit die vele gesprekke, het ek die volgende bome en struikgewas kon aanteken: Soetdoring, Karee, Wildevye, Wilde Kameeldoring of Pampoendoring, Haakdoring, Kaffer-wag-'n-bietjie, Olienhout, Boekenhout, Stinkpeul, Hardekool, Ghwarriebome, Wa-bome, Raasblaar of Bakhout, Wilde Appelkoos, Kanebos Stinkhout, Droëpeer, Vlierboom, Suikerbos, Deurmekaarbos, Wilde Perske, Moepels, Wildeals en die Blombos of Dikbas.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(f) PAAIE:

Met Pretoria as uitgangspunt is daar verskillende paaie wat in die Moot uitskiet.

I. Na die Weste:

(i) Die groot hoofweg deur die Daspoort en die voorstad Hercules. Die teerpad gaan oor Zandfontein 93, Uitzicht 586, Kameeldrift 82, Rietfontein 28, Syferfontein 24 en 'n gedeelte van Hartebeestpoort 68. Waar dit oor die Hartebeestpoortdamwal gaan, is dit buite die Moot en strek dan verder na Rustenburg.

Uit hierdie hoofweg splits daar drie belangrike paaie:

Op Zandfontein 93 draai 'n pad na regs oor Hornsnek. Hierdie pad sluit later aan by die teerpad tussen Silkaatsnek en Brits. Voordat Hornsnek bereik word, swaai 'n pad na links uit wat strek oor Boekenhoutkloof 263 en Kameeldrift 82 om weer aan te sluit by die Pretoria-Hartebeestpoortdam-teerpad.

Die tweede pad wat afswaai, is op die plaas Syferfontein waar 'n teerpad na regs oor Silkaatsnek strek na Brits.

Die derde belangrike afdraaipad is net ten weste van die Hartebeestpoortdam waar 'n teerpad na links afdraai om oor Kommandonek weer die Moot binne te gaan. Hierdie pad, wat feitlik dwarsdeur geteer is, strek oor Scheerpoort 60, Remhoogte 40, Bultfontein 120, Hartebeestfontein 118, Hekpoort 122 en Doornspruit 99. Nie ver van Doornspruit af nie, sluit dit aan by die Krugersdorp-Rustenburg hoofweg. Op Scheerpoort 60 draai daar 'n pad na regs uit hierdie hoofweg waarmee die volgende plase bereik kan word: Remhoogte 40, Bultfontein 120,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hartebeestfontein 119, Hartebeestfontein 118, Nooitgedacht 121 en Hekpoort 122 waar dit weer by die hoofweg aansluit. Op Hekpoort swaai daar 'n pad na links waaruit verder aan weer 'n pad na regs uitdraai. Die pad na regs gaan deur die Klein Mootjie en die na links deur die Hekpoort na Krugersdorp.

(ii) 'n Tweede hoofweg wat uit Pretoria na die Moot lei, is met Kerkstraat uit na die Weste. Op die plaas Schurweberg draai 'n pad uit na regs oor die Daspoortrant by Saartjiesnek. Hierdie pad gaan oor Rietfontein 28, Syferfontein 24 en Hartebeestpoort 68 waar dit aansluit by die Pretoria-Hartebeestpoortpad wat in die Moot afstrek.

As 'n mens met die hoofweg aanry, swaai dit op Broederstroom 163 regs weg oor Broederstroomnek. Die pad strek oor De Rust 19 en op Scheerpoort 60 sluit dit aan by die pad oor Kommandonek.

II. Na die Noorde:

(i) Met Paul Krugerstraat wat later die hoofweg na die Noorde word deur die Wonderboompoort, gaan 'n mens verby die voorstede Capital Park, Eloffsdal, Les Marais, Roseville, Parktown, Mayville en Mountain View.

(ii) Met Voortrekkerweg wat verder, net ten Ooste van die Wonderboompoort oor die Magaliesberg gaan, bereik 'n mens die voorstede Riviera, Gezina, Rietfontein en Wonderboomsuid.

III. Na die Ooste:

Daar is drie weë wat die ondersoeker na die einde van die Groot Moot sal neem:

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(i) Met Kerkstraat in 'n Oostelike rigting, swaai, waar die Stadsgebied eindig, 'n pad na links deur die Koedoespoort. Hierdie pad strek oor die plaas Koedoespoort 299. Hierdie pad sluit verder aan by die hoofweg na Derdepoort 469.

(ii) Indien Kerkstraat wat die hoofweg na Bronkhorstspruit word, Ooswaarts gevolg word, bereik 'n mens Silverton en so die Moot grensplaas Hartebeestpoort 308.

(iii) Met Michael Brinkstraat wat regs uitswaai uit Voortrekkerweg, bereik 'n mens die voorstede Rietfontein, Villieria en Waverley.
Hierdie pad strek ook oor die plaas Derdepoort 469.

(iv) 'n Vierde pad is met Zoutpansbergweg uit in 'n Ooswaartse rigting. Hierdie pad loop deur Riviera, Rietondale en Queenswood en sluit aan by die pad wat deur die Koedoespoort kom.

Al hierdie genoemde paaie word in goeie toestand gehou. Sommige is teer- en ander weer gruispaaie. Dit is baie maklik om die plase met hierdie netwerk van paaie te bereik. Dit is slegs wanneer daar van hulle moet afgedraai word na boerewonings bo in die klowe of teen die riviere dat moeilikheid ondervind word.

(g) SPOORWEë.

I. Na die Weste:

'n Spoorlyn deur Hercules vanaf Pretoriastasie strek oor die hele lengte van die Groot Moot tot op Magaliesburg vanwaar dit vertak en een spoor verder Wes gaan en 'n ander na Krugersdorp. Hierdie spoorlyn is vir die bewoners van die Moot natuurlik van onskatbare waarde.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



II. Na die Ooste:

Die hoofspoorlyn na die Ooste gaan oor die plase Koedoespoort 299 en Hartebeestpoort 308.

(h) DIE BEVOLKING:

In die Groot Moot tref die navorser mense aan wat 'n groot verskeidenheid beroepe beoefen. Daar is boere, onderwysers, werktuigkundiges, amptenare, vragmotorbestuurders en nog baie ander.

Die bevolking is hoofsaaklik Afrikaanssprekendes. Dit is slegs by uitsondering dat Engelssprekendes ontmoet word.

Een besondere kenmerk van al die mense wat ek ontmoet het, is die besondere gasvryheid. Die tradisionele Boeregasvryheid word deur die reisiger hier baie deeglik ondervind.

Daar is pragtig bewerkte plase met welgestelde bewoners in die Moot, maar daar is ook die wat maar 'n sukkelbestaan moet voer. In die skaduwee van hoë bloekombome of reusagtige wildevyebome staan daar ruim boerewonings met wye stoepe en hoë gewels of 'n armoedige klein platdakhuisie.

Maar arm of ryk, gesels maar met hulle oor die kerk of oor landsake. In hierdie twee sake en natuurlik in die boerdery stel hulle 'n intense belang.

Dit is jammer dat die werklike boere al minder word. Dit blyk baie duidelik uit die feit dat in die gebied vanaf Rietfontein 28 tot by Zandfontein 93, daar slegs ses bona fide boere is. Daar is baie wat in die stede werk en op die plasies woon. Die gevolg hiervan is dat

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




pragtige stukke aarde eenvoudig versnipper word in vyfmorg stukkies. Dit is wel te verklare want ons kultuur is 'n boerekultuur en daarom bly daar in die Afrikaner maar altyd 'n hunkering na die vryheid van die plaas.

Hoewel sommige plase, veral die na aan Pretoria, heeltemal verbrokkel is, en die ou romantiese plaaseenheid verlore, is daar tog nog plase wat familieplase gebly het. Hiervan is Rietfontein 28, Hartebeestpoort 68, De Rust 19 en Remhoogte 40 baie goeie voorbeelde.

Op sommige plekke in die Moot is die mense saamgetrek in klein dorpies. Voorbeelde hiervan is die plekkies Kosmos, Schoemansville en Meerhof. Hierdie klein dorpies lê Wes van Pretoria. Aan die Oostekant van Pretoria lê daar in die Moot die plekkies East Lynne en Silverton.

Aangesien 'n aansienlike aantal mense die Moot bewoon, is daar kerkgeboue op Scheerpoort 60, Remhoogte 40 Bultfontein 120 en Hekpoort 122.



Die Ned. Herv. of Geref. Kerk op Scheerpoort.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is ook 'n hele aantal skole op Hekpoort 122, Bultfontein 120, Scheerpoort 60, Hartebeestpoort 68, Kameeldrift 82 en Derdepoort 469.



Skoolgebou op Scheerpoort.

Met hierdie hoofstuk het ek probeer om 'n beknopte beeld te skep van 'n gedeelte van ons land waaroor ek kruis en dwars moes ry, wat ek leer ken en liefkry het soos my eie geboorteplaas. In die Groot Moot is daar pragtige natuurskone plekke. So is daar die vergesigte bo van die nekke af, die majesteit van hoë kranse en diep klowe as 'n mens op die gelykwêreld staan, die koel skaduwees van plate soetdoringbome en die blinkende kristalheldere water wat oor sanderige beddings vloei.

In hierdie wonderskone vallei met sy wisselende natuurbeelde het ek baie mense leer ken. Dit is die soort mense met wie jy maklik gesels en maklik vriende maak, want hulle is nog eg, eenvoudig en opreg.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# H O O F S T U K  III.

## HISTORIESE SKETS.

Die omgewing van Pretoria en veral die vrugbare Mootvallei was vroeg in die vorige eeu bewoon deur talryke kafferstammetjies. Hulle moet 'n sorgvrye bestaan gevoer het, want nie alleen was die grond vrugbaar nie, maar was die reënval hoog, was daar talryke riviertjies en het dit ook gewemel van die wild.

Een van die sterkste stamme wat 'n deel van die Mootvallei bewoon het, was die bakwena ba Mogôpa. Hulle gebied was in die Weste begrens deur die Krokodilrivier, in die Noorde deur die Apies- en Pienaarsriviere en in die Suide deur die Hennopsrivier. [1] Ander stamme wat om hulle gewoon het, was die baPô, baFokeng, baKgatla, Matsutsa en die Matlhakwana.

Met die koms van die heerssugtige en bloeddorstige opperhoofm Mzilikazi (in Tswana is dit Moselekatse), het die rustige lewe van hierdie verspreide stamgroepies spoedig en op geweldadige wyse ten einde geloop.

Mzilikazi was 'n aanvoerder in die leërs onder Shaka. Met een ekspedisie het hy soveel vet beeste buitgemaak dat hy besluit het om 'n aansienlike deel vir homself te hou. Hy was oortuig dat Shaka nie iets sou merk nie, maar hy het hom deerlik misgis. Shaka het boodskappers gestuur om navraag te doen na die gesteelde vee. Mzilikazi het hierdie boodskappers op smadelike wyse behandel en hulle teruggestuur. Na hierdie vernedering wat sy boodskappers aangedoen is, het Shaka besluit om aan te val. 'n Verraaier het Shaka se leër die weg gewys na Mzilikazi se kraal en die jong aanvoerder moes met 200-300 man vlug vir sy lewe.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1823 het hy deur die Vryheiddistrik getrek totdat hy die Komati- en Olifantsriviere bereik het. By hierdie kraal wat hy eku Phumuleni (die plek van rus) genoem het, het hy geruime tyd vertoef. In 1826 het hy aan die Apiesrivier, net benoorde die Wonderboompoort, drie groot militêre krale gebou wat genoem was enDinaneni (waar mense mekaar pla) en Kungwini (In die mis) en emHlahlandlela (Die pad oopkap). Daar was in alle waarskynlikheid ook groot krale van Mzilikazi aan die Pienaarsrivier in die omgewing van Baviaanspoort. Ander krale is later verder wes langs die Magaliesberg aangelê. In 1829 was sy mees westelike kraal net benoorde die teenswoordige Hartebeestpoortdam.

In 1832 het Mzilikazi se krygers die Hurutshe-gebied in die Westelike Transvaal binnegeval. Hulle hoofkwartiere was toe aan die Toelanierivier, net benoorde die teenswoordige Silverkransposkantoor in die Rustenburgse distrik.

Hierdie weswaartse beweging is hoofsaaklik veroorsaak deur Dingaan. Hy wou Mzilikazi maar nie met rus laat nie en stuur twee ekspedisies teen hom uit in 1830 en 1835. Die eerste geveg het oos van Pretoria (Tshwane) plaasgevind en Mzilikazi moes die wyk neem. Die tweede geveg het moontlik êrens aan die boonste spruite van die Hennops- en Pienaarsriviere plaasgevind. Met hierdie geleentheid het die aanvallende Zulus al Mzilikazi se krale tussen die Apies- en Krokodilriviere geplunder.

Nou trek Mzilikazi verder weswaarts en vestig hom in die Marico-distrik te Mosega en Kapain. Hier is hulle in 1837 verdryf deur 'n kommando van 130 burgers onder Potgieter en Uys. Nou vlug hulle noordwaarts en vestig hulle in 1840 in die Matoppo-heuwels. Hier, in 1868, sterf Mzilikazi dan ook.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Terwyl Mzilikazi aan die Magaliesberge gewoon het, het sy krygers verwoesting gesaai waar dit eens so vreedsaam was. In die natuurskone omgewing tussen die bergreekse vanaf Koedoespoort tot in die omgewing van Hekpoort, is die sekel van dood en verderf geswaai en is daar woeste tonele van moord en doodslag afgespeel.

Hierdie Matabele-opperhoof wat so 'n grusame heerskappy gevoer het, word as volg deur die sendeling Robert Moffat beskrywe: „In his person he is rather below the middle size, lusty, has rather a pleasing and soft countenance and is exceedingly affable in his manners. His voice is soft and feminine, and cheerfulness predominates in him. He does not appear to be passionate, and happy for the people that he is not. Were he so, many would be destroyed in the ebullitions of his anger. Indeed he might be taken for anything but a tyrant from his appearance; but for all that, it may be truly said of him, he dipped his sword in blood, and wrote his name on lands and cities desolate." 3)

Mzilikazi het die gelukkige stamme eenvoudig voor hom weggevee. Orals in die Mootvallei vind 'n mens tallose ruïnes wat hiervan stille getuies is. Dit is almal die oorblyfsels van die kafferstatte van die duisendes wat vroeër die streek langs die Magaliesberg dig bevolk het voordat die verdelgende invalle van die Matabeles plaasgevind het.

Wanneer 'n Kafferstat aangeval is, is die vreesbevange inwoners in 'n bondel uitgedryf en al die getroude mans en vrouens op die plek om die lewe gebring. Waar persone die stat op heldhaftige wyse verdedig het, is hulle met vrouens en kinders op 'n afskuwelike wyse tereggestel: droë gras met vet deurweek is om hulle nakende liggame

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedraai, vasgebind en aan die brand gesteek. Die suigelinge is gelaat om van honger te sterf of deur roofdiere verslind te word. Indien daar 'n moontlikheid bestaan het dat vriende die suigelinge sou kom haal, is hulle in 'n afskorting geplaas; gras en kreupelhout is dan bo-op hulle gegooi en aan die brand gesteek. Die jong seuns en dogters van die stat is belaai met die buit en saamgeneem na die krale van die Matabeles.

Mzilikazi het nie alleen baie hardhandig opgetree teenoor ander kafferstamme in die omgewing van die Magaliesberge nie, maar het sy eie volgelinge wat verbrou het, op 'n uiters wrede wyse tereggestel.

By die Wonderboompoort is die volgende toneel wat Moffat beskrywe, dikwels afgespeel: „The man had reached the bank of the river where a projecting bank overhung a deep pool; from thence he was launched over, to struggle a few minutes and then sink and be devoured by crocodiles." [4)]

Nog so 'n teregstellingsplek is Skavotkrans, aan die linkerkant van Silkaatsnek as 'n mens van Pretoria na Brits reis. Baie van Mzilikazi se onderhoriges wat fout begaan het, is na die kranskop gelei en na benede gewerp.

Verdere getuienis van hierdie tiran se wreedheid is die Moordkoppie. Volgens W.C. Harris is dit aan die Hexrivier net besuide die samevloeiing van die Hex- en Elandsriviere. Hy beskrywe die plek as, „a conical mountain seen from a considerable distance." [5)] Aan Andrew Smith is 'n beskrywing van hierdie koppie gegee: „On reaching the spot he did not require to be told that he was now upon the scene of action; the number of bones told the tale. He says skulls of men and horses and bones of the different parts of the bodies of both lay so

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



thick that they could be distinctly seen from a distance. In one place a great number of bones of horses were almost in a line which probably was one of the places where they made them fast. Upon looking round they found broken stocks of guns, flaps of saddles, stirrup-irons, old clothes, hats, balls, powderhorns etc., in abundance." [6]

Die Griquas en die Matabeles het stry gekry oor die handel. Die baKgatla van Pilansberg is bv., verbied om met die Griquas handel te drywe. In 1831, juis toe Mzilikazi se krygers besig was met plundertogte in die Noorde, het Barend Barends se Griquas 'n strooptog van stapel gestuur en duisende stuks vee geroof van Mzilikazi. Die Griquas het nie baie ver getrek voor hulle gaan rus het nie. Hoewel sommige vrouens hulle met die terugreis gewaarsku het, het hulle hul so veilig gevoel dat hulle nie eers brandwagte uitgesit het nie. Mzilikazi het intussen al die jong kaffertjies en ou manne bymekaar gemaak en hulle agter die Griquas aangestuur. In die vroeë ure van die derde oggend na die buit, is die Griquas deur hierdie saamgeraapte impi oorval en op twee na almal uitgemoor.

Die moord op ongeveer 'n duisend Griquas is 'n treffende toonbeeld van Matabele-mag. Dit mag interessant wees om daarop te wys hoe verkeerdelik sulke historiese plekke aangedui word. W.C. Harris sê dat dit naby geleë is aan die Hexrivier, of soos hy dit noem Machachochan. [7] Sy spelling van die naam en die uitspraak daarvan, kom baie ooreen met die hedendaagse naam Matsukubjane. [8] Andrew Smith meen dat dit net besuide die Clabalican of Elandsrivier geleë is. [9] Op die Rustenburgvel van die kaart 1:250,000 van die Staatsdrukkery word 'n Moordkop aangedui digby die samevloeiing van die Hex- en Elandsriviere. Dr. Gustav Preller beweer dat dit was by die samevloeiing van die Hennops- en Krokodilriviere op die plaas Pelindaba.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dan is daar nog iets baie interessants wat herinner aan die vroeëre Matabele-bewoners van die omgewing van Pretoria. Cornwallis Harris vertel dat hulle die Magaliesberg bestyg het en bo-op die berg, waar daar 'n reusagtige mimosa was, en net langs die voetpaadjie, 'n groot hoop klippe gesien het wat gevorm is deurdat elkeen wat daar oorgaan 'n klip as groet moet opgooi. [10] Na intensiewe ondersoek in die Moot is daar wel so 'n groot hoop klippe deur my gevind op Tweeboompienek (sien kaart no. 8 ). Al die klippe van hierdie hoop is van so 'n aard dat 'n man dit net gemaklik kan optel en gooi.



Die hoop klippe op Tweeboompienek.

Vroeg in die vorige eeu is die omgewing van Pretoria besoek deur verskeie jagters, avontuursoekers, handelaars, sendelinge en andere. Sommige van hierdie persone het baie waardevolle beskrywings van die omstreke van Pretoria nagelaat.

Dit is baie moontlik dat die eerste besoekers waaghalsige Portugese was: „At a great distance north or north-east of the Bamangwato, people came up rivers with

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



boats who exchanged ivory and Khotlo (a name given to any yellow metal or copper)." [11)]

Een van die waaghalse wat volgens deeglike navorsing die eerste blanke was wat die omgewing van Pretoria betree het was David Hume. Hy is in 1796 in Skotland gebore en het in 1817 aan die Kaap aangekom. Hy is die eerste witman aan ons bekend wat so ver noord was as die Macloutsierivier (Vloei ten weste van Beitbrug in die Limpopo vanuit die Protektoraat). Met sy terugkeer trek hy oor die plek waar Pretoria later sou verrys. [12)]

In 1829 het David Hume die Transvaal so goed geken dat hy as gids vir Eerwaarde Archbell na Mzilikazi diens gedoen het. [13)] In 1835 het hy ook vir Dr. Andrew Smith op sy besoek aan hierdie omgewing vergesel. [14)]


In die jaar 1829 het twee handelaars, Robert Schoon en William McLuckie ook Mzilikazi besoek. Hulle moet ook gewees het waar Pretoria vandag is, want in daardie jaar was Mzilikazi se krale aan die Magaliesberg in die onmiddellike omgewing van Pretoria. Schoon en McLuckie het gekom met die doel om olifante te jag en handel te drywe.

Mzilikazi het twee van sy indoenas saam met hulle teruggestuur na Kuruman om meer te leer van die blankes. Hierdie twee indoenas was bevrees dat hulle nie veilig na hulle land sou kon terugkeer nie, aangesien 'n gerug versprei is dat stamme op hulle terugreis besluit het om hulle te vermoor omdat hulle net kom spioeneer het. Die Sendeling Robert Moffat het aangebied om hulle te vergesel.

So het dit dan gebeur dat Robert Moffat vir Mzilikazi ontmoet het. Van 1829 tot 1859 het hy hom nie minder as vyf keer besoek nie. Hierdie sendeling het 'n

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

35_i




# SKETSKAART VAN ROBERT MOFFAT SE REISE 1829 – 1860.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



baie groot invloed op die Matabele-opperhoof uitgeoefen. „It might be suggested that it was Moffat's manhood that impressed Moselekatse" [15] Moffat was, veral onder die Matabele, in die posisie om die naturelle-kultuur te bestudeer, maar sy geestelike plig oorheers hom en ons vind dus ongelukkig nie veel daarvan terug uit sy werke nie.

Ongelukkig het Moffat sy roetes nie baie duidelik aangetoon nie. So gee hy bv. afstande in die tyd geneem om dit af te lê. Dit was natuurlik afhanklik van die vrag, die gebied wat oorgesteek word en die toestand van die osse. Die kaart wat ons vind in „Matabele Journals of Robert Moffat" is getrek met behulp van Andrew Smith se dagboeke, boeke van Harris, Chapman, Baldwin en Baines. Ongelukkig is die riviertjies in die onmiddellike omgewing van Pretoria, wat wel deur Moffat genoem word, nie op die kaart aangebring nie.

Robert Moffat vertel van hierdie eerste besoek hoe hy die Krokodilrivier bereik: „Towards evening we came to the Oori River (Krokodilrivier) a pretty large stream in which the hippopotamus and crocodile sport in multitudes. At this place the Oori passes through the range of high hills which are precipitous on both sides and runs N.N.E. and after being joined by other rivers it is called the Limpopo." [16] Hierdie plek is ongetwyfeld net onderkant die teenswoordige Hartebeestpoortdam. Kaptein Harris gee in sy „Wild Sports of Southern Africa" ook 'n beskrywing van hierdie poort in die Magaliesberg: „We encamped on the western banks of the Limpopo (Krokodilrivier), some distance below the point where it winds through the bowels of the earth, which rise on either hand in abrupt precipices, as though torn asunder by some mighty convulsion of nature." [17]

Moffat vertel verder dat hulle nadat die Poort

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bereik is, „we ascended the hill to the right and descended by a pass on the other side and halted on the banks of the Oori River, where it enters the ridge." 18) Met sekerheid kan gesê word dat die nek wat Moffat hier gebruik het, Kommandonek was. Hier vind Moffat 'n jaggeselskap van Barend Barends, 'n Griqua. Van hom het Moffat verneem dat die sendeling Archbell met hom saamgekom het om 'n geskikte plek vir 'n sendingstasie te vind. Mzilikazi het egter geweier om hulle te ontvang voordat Moffat daar was.

Die volgende dag het Moffat die rivier deurgetrek en by 'n kraal van Mzilikazi gewag op verdere bevele. 'n Spesiale gids het Moffat kom haal en na 'n lang en moeilike dag se reis oor heuwels en deur dale, bereik hy die Pebanrivier waar hy die Sondag vertoef. Daarna: „and two days more we proceeded eastward, over a hilly trackless and woody country --- in the early part of the day we came within sight of the long-looked-for spot under a range of hills." 19)

Moffat vertel verder dat die waens nou deur 'n drif in die Entsabotlukurivier moes gaan. Mzilikazi sou aan hierdie rivier gewoon het. Dr. Preller meen dat die Entsabotluku (hy skrywe dit Enzwabyhlungu of Entsabohloko) die Apiesrivier is. 20) Kirby, wat Dr. Andrew Smith se dagboek gepubliseer het, meen ook dat hierdie genoemde rivier die Aapiesrivier is, en dat die kraal wat Moffat besoek het nie ver van Pretoria-Noord geleë was nie. 21) Preller sê dat die kraal aan die Swartspruit, digby die Hartebeestpoortdam geleë was. 22) Dit is egter foutief om die volgende rede. Preller se geskrif is in 1938 gepubliseer. Hy moes gewerk het volgens die werk van Moffat <u>Missionary Labours and Scenes in Southern Africa</u> (1842). Die Moffat-papiere is egter eers in 1941 gevind en daarna

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




deur J.P.R. Wallis verwerk in Matabele Journals of Robert Moffat (1945). In laasgenoemde werk kom die volgende voor in 'n brief: „Next day we crossed the river (Oori of Krokodilrivier) which was much swollen by the rains and halted at a town where we were to wait orders as to our future course. These orders were soon received, for we proceeded next morning and after a very circuitous route for four days we came within sight of the monarch's abode." [23] Aangesien die onderstreepte gedeelte nie in die vroeëre werk Missionary Labours and Scenes in Southern Africa voorkom nie, kan 'n mens Preller se fout verstaan.

Hoewel Kirby die Aapiesrivier vereenselwig met Entsabotluku, is dit nie heeltemal bevredigend nie. In die Matabele Journals noem Moffat die volgende riviere wat hy moes oorgaan tussen die Krokodilrivier en Mzilikazi se hoofstat: Peban R, Ba'kane R, Kabeng R, and Entsabotluku.[24] Kirby dui op die kaart by Dr. Smith se dagboek, die Sandrivier aan as die Umpeban. Hierdie kaart is betroubaar en van die plekke wat Smith besoek het, is vasgestel deur Dr. A.L. du Toit in die inleiding tot die Diary of Andrew Smith. Daarby is tekeninge van Charles Bell, wat Smith vergesel het, ook gebruik. As die Sandrivier as die Peban of Umpeban aangeneem word, dan is die Ba'kane, Kabeng en Entsabotluku wat Moffat noem, baie moontlik die Aapies-, Pienaars- en Elandsriviere. Mzilikazi se stat kon dus moontlik in die omgewing van Cullinan gewees het. Dit lyk of die volgende aanhaling uit Matabele Journals, so 'n bewering kan staaf: „The town lay under a high hill which forms part of the extensive range bounding Caffre land and the Zoola country and running northward parallel with the coast." [25]

Die volgende persoon na Moffat wat in die omstreke van Pretoria gereis het, was Dr. Andrew Smith. Hy het saam

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026




DR. ANDREW SMITH.

GEDEELTE VAN ROETE.

VERTREK YANAF GRAAFF-REINET : 12 AUGUSTUS 1834

KEER TERUG : 4 JANUARIE 1836.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met Moffat gereis, maar op 16 Junie 1835 van hom geskei om die Magaliesberge te ondersoek. Die doel van Dr. Andrew Smith se tog was „an expedition for a comprehensively scientific and carefully recorded exploration of the country to or towards the centre of South Africa." 26) Terselfdertyd wou hy ook uitvind wat die lot was van Dr. Alexander Cowan en Lt. E.D. Donovan wat in 1808 na Oos-Afrika gereis het, die gebied van die Bangwaketse bereik het en daarna nooit weer van gehoor is nie. Hy het die Magaliesberg gevolg tot waar dit na die Ooste draai. Hy het die algemene rigting van die berge gevolg vanaf Hekpoort. Hy trek met die loop van die Magaliesrivier af wat toe bekend was as die Mavooba, totdat hy die samevloeiing van die Magalies- en Krokodilriviere bereik het. Hy kon nie met sy waens hier deur nie en gaan die berg oor by Kommandonek en kampeer ver van die teenswoordige Brits nie. Daarvandaan is hy na die Hexrivier en terug na Moffat.

Die ontdekkingsreisigers Hume en Schoon wat hom vergesel het, het nie omgedraai nie. Hume is noordwaarts en Schoon na die Ooste.


'n Besondere nalatenskap van Smith se tog is die tekeninge wat Bell gemaak het. Die afdrukke van hierdie sketse is opgeneem in die Dagboek-publikasie en daaronder vind ons pragtige tonele van die Kashanberge (Magaliesberge), die Mavoobarivier (Magaliesrivier) en van die Hartebeestpoort.

Teen die einde van 1836 het Kaptein Cornwallis Harris die omgewing van Pretoria besoek. Van al die vroeë besoekers het hy seker die treffendste beskrywings nagelaat. Hy beskrywe eers hoe hy die Cashanberge, soos die Magaliesberge eers bekend was, in die verte gewaar het. Wanneer

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

39-1




# CAPTAIN W.C. HARRIS : GEDEELTE VAN ROETE

1836 — 1837.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle hulle later in 'n vallei tussen die berge bevind, gee hy ons 'n pragtige beskrywing: „The mountains rose on either hand in bold majestic forms, clothed in parts with luxuriant verdure - their steep rocky sides besprinkled in others with occasional light bushes, which enlivened the rich and varied tints of the broken crags. Rugged cliffs margined the bubbling river and shut in the lower prospect, whilst the great range of the Cashan mountains towered above them in the distance, their spiry blue simmits appearing to us, who had for months seen nothing larger than an anthill, almost to rival the Alps in grandeur." 27)

Hy trek nou tussen twee reekse van die Cashan-berge en bereik die Krokodilrivier waarvan hy sê: „The banks are precipitous, and clothed with extensive mimosa groves, abounding with wild buffaloes, pallahs and guinea-fowl." 28) Harris sê dat daar in die rivier baie see-koeie en krokodille was. Later in sy werk gee hy ook 'n besondere beeld van die rivier 'n bietjie hoër op: „..... rolling its deep and tranquil waters between tiers of weeping willows, through a passage in the mountain barrier." 29)

Die omgewing van Pretoria het in daardie jare ge-wemel van die wild. Digby die huidige Pretoria, aan die westelike kant, het Harris op 'n groot trop olifante afge-kom: „Here a grand and magnificent panorama was before us which beggars all description. The whole face of the landscape was actually covered with wild elephants. There could not have been fewer than three hundred within the scope of our vision. Every height and green knoll was dotted over with groups of them, whilst the bottom of the glen exhibited a dense and sable living mass - their colossal forms being at one moment partially concealed by the trees which they were disfiguring with grant strength, and at

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



others seen majestically emerging into the open glades, bearing in their trunks the branches of trees with which they indolently protected themselves from the flies. The background was filled with a limited peep of the blue mountainous range, which here assumed a remarkable precipitous character, and completed a picture at once soul-stirring and sublime." 30)

Harris se beeldende taal en besondere beskrywingsvermoë roep tonele van asemrowende skoonheid voor die oë - 'n landstreek vol kleure en blinkende waters, digte bosse met hoë bome en op die grootse panorama, die wild by duisende. Die hele omgewing van Pretoria en veral die Mootvallei langs die Magaliesberge, moet 'n ware lushof gewees het, 'n paradys in die wildernis: „In the extensive and romantic valley of the Limpopo (Harris bedoel hier die Krokodilrivier( which strongly contrasts with its own solitude, and with the arid lands which must be traversed to arrive within its limits, Dame Nature has been unusually lavish of her gifts. A bold mountain landscape is chequered by innumerable rivulets abounding in fish, and watering a soil rich in luxuriant vegetation. Forests, producing timber of the finest growth, are tenanted by a multitude of birds, which, if not universally musical, are all gorgeously attired, and the meadows throughout are decked with blossoming geraniums and with an endless profussion of the gayest flowers, fancifully distributed in almost artificial parterres. Let the foreground of this picture, which is by no means extravagantly drawn, be filled in by the animal creation roaming in a state of undisturbed freedom, such as I have attempted to describe, and this hunter's paradise will surely not require to be coloured by the feelings of an enthusiastic sportsman, to stand out in prominent relief from among the loveliest spots in the universe." 31)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die jaar 1836 wat Harris in die omstreke van Pretoria was, verneem ons van Voortrekkers wat na die Noordelike Transvaal begin trek.

In Februarie 1836 begin Louis Trichardt deur die Vrystaat noordwaarts beweeg. [32] Terselfdertyd het die van Rensburgtrek ook begin beweeg. Volgens Dr. Preller was dit twee afsonderlike trekke. [33] In hulle noordwaartse tog, veral deur die gevaarlike gebied van Silkaats het hierdie twee trekke in noue voeling met mekaar gebly. Aangesien hulle geweet het van die groot Matabelekrale reg in hulle pad, het hulle ver oos van Pretoria deurgetrek.

Mzilikazi het gehoor van die aantog van blankes na die Vaalrivier en sy veggeneraal MKalipi daarheen gestuur. Hierdie impi het die voorste waens van die Potgietertrek verras en 'n klompie blankes daar uitgemoor. Generaal Hendrik Potgieter het die volgende dag met 'n patrollie vanaf Zoutpansberg op die afskuwelike moordtoneel afgekom.

Potgieter het sy mense versamel en laer getrek by Vechtkop waar hy 'n uitsoekleër van 6,000 man onder MKalipi, se aanvalle afgeslaan het met slegs 36 weerbare manne onder hom. [34]

Later het Potgieter en Maritz die Matabeles by Mosega opgevolg en vyftien buitekrale vernietig. In 1837 het Potgieter en Uys, Mzilikazi weer aangeval en die Matabeles verdryf na die verre noorde.

Volgens Mnr. Mulder van die Elandsdriftskool, naby Marikana, is die Mootvallei en die Agter-Magaliesberggebied in 1837 besoek deur 'n Voortrekker Hermanus Philippus Potgieter. Hy is later op so 'n gruwelike wyse deur Mapela se kaffers by Moorddrif om die lewe gebring. Hierdie

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



H.P. Potgieter was slegs op 'n verkenningstog om die wêreld 'n bietjie deur te kyk. Mnr. Mulder het in 1925 reeds van die toe-nog-lewende Trekkers in die gebied uitgevra, en ook van die ou naturelle.

H.P. Potgieter sou die los klompies Matabeles wat nog in hierdie gebied woonagtig was, verdrywe het. As gevolg van hierdie daad, kon die Magaliekaffers uit die gate, grotte, skeure en klowe waarin hulle gevlug het, tevoorskyn kom en weer vry asemhaal. Vir Hermanus Philippus Potgieter, 'n kragsfiguur, het hulle 'n heilige eerbied en bewondering gehad. Treffend is dit dat juis van daardie tyd af soos aan my meegedeel, naturellekinders die naam Hermaans begin ontvang het.

Dieselfde Hermanus Potgieter het weer in 1841 na die Mootvallei teruggekeer in geselskap van 'n groep Trekkers waaronder Petrus Venter ook was. Intussentyd, om en by 1839 het ander Trekkers die dorpie Magaliesberg begin, wat in 1850 verander is na Rustenburg. [35)]

Eers 'n paar jaar later het Trekkers hulle in die onmiddellike omgewing van Pretoria self, gevestig. Die eerste opstalle was die van Lukas Bronkhorst, G.S. Bronkhorst ('n lid van die Potgieter-patrollie na Zoutpansberg in 1836) P.K. Minnaar en Veldkornet Andries van der Walt. [36)] Nog later het die Fouries, Smits, Vermeulens, van Rensburgs, Prinsloos en Pretoriusse gekom.

Met 'n groot mate van sekerheid kan ons dus sê dat die eerste plase in die Mootvallei in die jaar 1841 aangelê is.

Terloops kan dit nog genoem word, dat baie van hierdie oorspronklike intrekkers weer 'n paar jaar later hulle plase verlaat het en na Andries Ohrigstad getrek het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die koors het hulle egter gou weer van plan laat verander sodat hulle maar weer teruggekeer het na die Mootvallei.

Uit alles sover blyk dit dus baie duidelik dat die omgewing van Pretoria en veral die Groot Moot besonder ryk is aan geskiedenis. Die jaar 1841 sluit feitlik een periode in die geskiedenis van die Moot af.

Stadigaan is al die plase in hierdie omgewing geokkupeer en het die lewe rustig voortgegaan.

In 1848 het 'n groot figuur uit ons geskiedenis hom in die Moot kom vestig. Hy was Andries Pretorius, die held van Bloedrivier, wat Natal met sy familie verlaat het en op die plaas De Rust of Grootplaats by die samevloeiing van die Magalies- en Krokodilriviere kom woon het. In 1851 is hy ook aangestel as Kommandant Generaal vir Magaliesberg en 'n gedeelte van Potchefstroom. [37)]

Na die dood van die Voortrekkerleiers Andries Hendrik Potgieter en Andries Pretorius in 1853 [38)] is die wenslikheid gevoel van 'n nuwe dorp wat 'n meer sentrale bymekaarkomplek sou wees. Op 7 Junie 1854 is daar op die plaas Elandspoort 'n gemeente gestig. Op 16 November 1855 het die Volksraad besluit om 'n nuwe dorp op hierdie plaas aan te lê. [39)] Hierdie datum word dan ook vandag beskou as Pretoria se verjaarsdag. Pretoria was maar eers 'n gewone dorpie en het eers in 1875 'n meer stedelike karakter begin vertoon.

Na die stigting van Pretoria het daar tot in 1864 nie veel opspraakwekkends plaasgevind nie. Aan die begin van genoemde jaar vind daar 'n burgeroorlog in die Transvaal plaas. Die laaste fases daarvan is afgespeel in die Moot en net daarbuite. Dit het plaasgevind toe M.W. Pretorius ook President van die Vrystaat was. Die burgers het

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ontevrede geraak met waarnemende president Schoeman en 'n verkiesing is uitgeskryf. Baie wou Willem van Rensburg as president hê. Daar het onenigheid gekom oor die wyse van verkiesing en aan die Magaliesberg naby Krokodilrivier vind daar 'n slag plaas. Daarna is wapenstilstand verklaar en het daar weer vrede gekom.

Van 1864 tot 1899 met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, gebeur daar nie veel in die Mootvallei nie. Met die Engelse oorlog vind daar talle skermutselings tussen Boere en Engelse hier plaas. In Desember 1900 vind daar 'n baie groot slag plaas op Nooitgedacht waar generaals Beyers en de la Rey vir generaal Clements op sy baadjie gegee het.

Besonder interessant is dat die beroemde Rebellie hier in die Moot begin het op die gedeelte Damhoek van Hartebeestfontein.

In April 1921 is daar 'n begin gemaak met die bou van die Hartebeestpoortdam. Hierdie reusetaak is eers in April 1926 voltooi.

Uit al hierdie gegewens oor die agtergrond van die Groot Moot, Pretoria, sal dit duidelik blyk dat die gebied ryker aan verlede is as enige ander om Pretoria. Voor die geestesoog van die ondersoeker van hierdie gebied, verrys daar steeds tonele toe Mzilikazi en sy duisende krygers hier heerskappy gevoer het, tonele van waaghalsige avontuursoekers en sendelinge wat 'n weg deur die wildernis baan, tonele van Voortrekkerwaens wat oor die bulte kom. Teen die agtergrond is daar altyd die pragtige vallei met sy riviere, bome en bosse en die blou kranse van die Magaliesberge wat daaroor waak. Vandag is dit moeilik om dit so voor te stel want in die 120 jaar en meer het alles baie verander. Tog moet hierdie vallei 'n plek gewees het van uitsonderlike skoonheid.

---

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## VOETNOTE - HOOFSTUK III.

1. P.L. BREUTZ: The Tribes of Rustenburg and Pilansberg districts, Bl. 81.
2. Do. Bl. 12.
3. The Matabele Journals of Robert Moffat. Vol. I. Bl. 29.
4. Do. Bl. 22.
5. W.C. HARRIS: Wild Sports in Southern Africa. Bl. 193.
6. The Diary of Dr. Andrew Smith. Vol. II. Bl. 116.
7. W.C. HARRIS: Wild Sports in Southern Africa. Bl. 193.
8. P.L. BREUTS: Tribes of Marico district. Kaart.
9. The Diary of Andrew Smith. Vol. II. Bl. 115.
10. W.C. HARRIS: Wild Sports in Southern Africa. Bl. 160.
11. The Matabele Journals of Robert Moffat. Vol. I. Bl. 18.
12. Do. Bl. 2.
13. Do.
14. Do.
15. Do. Bl.(xi)
16. Do. Bl. 12.
17. W.C. HARRIS: Wild Sports in Southern Africa. Bl. 191.
18. The Matabele Journals of Robert Moffat. Vol. I. Bl. 12.
19. Do. Bl. 2.
20. G.S. PRELLER: Ou-Pretoria. Bl. 19.
21. The Diary of Dr. Andrew Smith. Vol. II. Introduction.
22. G.S. PRELLER: Ou-Pretoria. Bl. 25.
23. Matabele Journals of Robert Moffat. Vol. I. Bl. 13.
24. Do. Bl. 12.
25. Do. Bl. 13.
26. Do. Bl. 33.
27. W.C. HARRIS: Wils Sports in Southern Africa. Bl. 152.
28. Do. Bl. 157.
29. Do. Bl. 181.
30. Do. Bl. 169.
31. Do. Bl. 186.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



32. G.S. PRELLER: Dagboek van Louis Trichardt. Bl. LX III.
33. Do. Bl. LX II.
34. G.S. PRELLER: Ou-Pretoria. Bl. 29.
35. P.L. BREUTZ: Tribes of Marico district. Bl. 16.
36. G.S. PRELLER: Ou-Pretoria. Bl. 9.
37. J.J. PIETERSE: Verhandeling. Bl. 4.
38. G.S. PRELLER: Andries Pretorius. Bl. 479.
39. J.J. PIETERSE: Verhandeling. Bl. 16.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# H O O F S T U K IV.

## METODE VAN ONDERSOEK.

Die hoof doel met hierdie verandeling was om 'n beperkte gebied te neem en dit dan noukeurig te ondersoek met die oog op plaas- en plekname. Die gebied waarop die keuse geval het, was die Groot Moot by Pretoria.

Hierdie Groot Moot is bekend oor ons hele land en baie mense het 'n vae idee watter streek daarmee bedoel word. Weinig mense kan egter hierdie gebied presies afbaken op 'n kaart.

Om die „grense" van die gebied vas te stel, het ek aanvanklik die hulp van die Landmeter Generaalskantoor ingeroep. Met behulp van die vele kaarte waaroor hulle beskik, is daar op aardrykskundige grondslag, 'n aparte kaart van die voorgestelde gebied geteken.

Aardrykskundig geredeneer, moes al die plase op hierdie aparte kaart aangedui, in die Groot Moot geleë wees. Dit was egter noodsaaklik dat hierdie voorgestelde kaart aan 'n toets onderwerp moes word.

Uit die kieserslyste van die kiesafdelings waaronder hierdie plase ressorteer, is 'n lys saamgestel van die bewoners van elke plaas met hulle onderskeie woonadresse en beroepe.

Uit elke afsonderlike plaaslys is daarna 'n aantal persone gekies, waaronder boere, onderwysers en ambagslui. Aan elkeen van die gekose persone is daar 'n vraelys en gefrankeerde koevert gepos. (Vir voorbeeld van vraelys sien einde van hierdie hoofstuk).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met die opstelling van die vraelys is ten dele gebruik gemaak van die „Toponymische Vragenlijst No. 1 (1946)" van die „Centraal Bureau voor Nederlandse en Friese Dialecten" soos dit verskyn as bylae by Veldnamen in Nederland van M. Schönfeld. Hierdie genoemde vraelys is egter baie gewysig om aan te pas by Suid-Afrikaanse toestande.

Die doel wat ek beoog het met die vraelys was vierledig. Eerstens moes daar bepaal word of die plaas in die Groot Moot lê of nie. Dit moes vasgestel word om te sien of die getekende kaart van die gebied korrek was aldan nie.

In die tweede plek wou ek vasstel of daar moontlik plase was, wat ryker aan geskiedenis is as andere. Die aanwesigheid van ou Matabelekrale, murasies van forte en oorlogsgrafte sou onmiddellik aanduidings wees van 'n interessante verlede.

Derdens is die medewerkers versoek om die name en adresse van ou persone wat moontlik waardevolle inligting kon verstrek, op te skrywe. Hierdie ouer persone wou ek my uitgangspunt maak by die latere direkte ondersoek.

In die vierde plek is daar gevra om name - plekname veral.

Hierdie plekname is onderverdeel in drie afdelings:

(a) Name wat met water te doen het;

(b) Name wat met berge te doen het;

(c) Name van landerye en weivelde.

Die medewerkers is terselfdertyd ook versoek om die herkoms van die naam kortliks te vermeld en ook die ouer of vroeëre pleknaam, indien daar een was.

Die oorspronklike plan was om eers 'n proefuitsending van vraelyste te doen, en indien van hierdie

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitgesonde vraelyste 'n bevredigende aantal ingevul en teruggestuur word, dan aan elke persoon woonagtig in die gebied, so 'n vraelys te stuur. Van hierdie oorspronklike plan is later afgesien om die volgende rede.

Daar is 140 vraelyste uitgestuur. Hiervan is 84 ingevul terugontvang. Dit sluit nie in die 16 vraelyste wat deur die Poskantoor teruggestuur is omdat die geadresseerdes of verhuis of oorlede is nie.

Nadat die ontvange vraelyste sorteer en ondersoek is, het ek bevind dat verdere vraelyste 'n onnodige vermorsing van tyd en geld sou wees. Daar was 'n duidelike belangstelling vir plekname te bespeur. Uit alle kringe is antwoorde ontvang: van onderwysers wat in sommige gevalle selfs hulle leerlinge ingespan het, van boere wat 'n natuurlike belangstelling vir die grond het, van winkeliers en selfs van gewone spoorwegarbeiders. Baie van hierdie medewerkers het my uitgenooi om te kom kuier omdat hulle sodoende meer kon vertel en my op die spoor van meer inligting kon bring.

Aangesien hierdie ingevulde vraelyste duidelik aangetoon het watter plase binne die Groot Moot val, 'n genoegsame aantal name van ou persone op elke plaas en ook 'n verbasende hoeveelheid plekname opgelewer het, het ek besluit om nie meer vraelyste uit te stuur nie, maar onmiddellik oor te gaan tot die direkte metode van ondersoek.

Voordat ek egter self die plase kon besoek, moes daar eers verdere rangskikkings- en navorsingswerk gedoen word.

Die Registrateur van Aktes te Pretoria, het my baie goedgunstiglik vrye insae toegelaat in alle ou dokumente, transporte, inspeksierapporte en kaarte waaroor hulle beskik.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hier kon ek dus vasstel wie die oorspronklike eienaar van 'n plaas was, of dit 'n lenings- of eiendomsplaas was, en wanneer dit in die persoon se gesit gekom het. Ook was ek in die geleentheid om die eerste landmeterskaarte van die plase, waarop dikwels interessante plekname aangebring is, te ondersoek. Die transportaktes en veral die eerstes het geblyk 'n uiters waardevolle bron van inligting te wees. Daar is nie alleen interessante ou spellingsvorme van plaas- en plekname gevind nie, maar baie dikwels plekname wat of verander het of in onbruik geraak het.

Om 'n plaas deeglik te ondersoek, is 'n goeie kaart noodsaaklik. Mnr. Marsh van die Driehoeksmeting-kantoor te Pretoria, het hierdie probleem opgelos. Hy het tot my beskikking gestel die aparte velle op skaal 1:50,000, vir die hele gebied wat gedek moes word. Van hierdie kaarte is elke plaas afsonderlik afgeteken met paaie, spoorlyn, riviere, droë lopies en berge. Hierdie kaarte is op elke plaas gebruik om plekke presies aan te dui.

Al die bekende plaas- en plekname wat verkry is uit vraelyste, transporte en kaarte is nou eers gerangskik. Vir die rangskikking is van die 5" x 3" indekskaartjies gebruik. In die eerste plek is daar sewe hoofkaarte vir elke plaas. (Sien volgende bladsy). Op die eerste hoof-kaart is net die plaasnaam, nommer en distrik aangebring. Alle feite wat van algemene belang is, word op aparte kaartjies agter Nommer 2 geplaas. Die volgende het ek as feite van algemene belang beskou: eerste bewoner, datum van registrasie, geskiedkundige plekke, grondstruktuur, produkte wat verbou word, plantegroei ens. Agter hoof-kaart 3 word aparte kaartjies ingevoeg waarop die name van riviere, spruite, lopies, sloepe en droë slote voorkom. Agter hoofkaart 4 kom kaartjies met name van berge, koppies, klowe, rotse ens., daarop. Agter hoofkaart 5 word die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kaartjies geplaas waarop name van landerye en weivelde of stukkies grond voorkom. Agter kaart 6 volg kaartjies met name van medewerkers en by kaart 7 kom 'n lys van foto's op die plaas geneem en wat moontlik by die verhandeling gebruik sal word.

Dit is noodsaaklik dat 'n aparte kaartjie vir elke naam gebruik word, omdat daar dan ruimte is om alle navorsing in verband met die naam daarop in te vul.

Die voordele van so 'n rangskikkingsmetode by so 'n ondersoek is dat al die plekname op 'n bepaalde plaas reeds bymekaar is, alle inligting in verband met 'n naam is byeengebring en wanneer 'n alfabetiese rangskikking vereis word, kan dit sonder moeite gedoen word. Wanneer die metode van naamgewing bestudeer word, is dit ook baie maklik om bv., alle plekname waarin 'n samestelling met -nek, voorkom, bymekaar te bring en bv. alle plekname wat van persoonsname afgelei is.

HOOFKAARTE:

1.

| |
|---|
| Naam van plaas:<br>Nommer:<br>Distrik: |

2.

| |
|---|
| Algemeen |

3.

| |
|---|
| Watername |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. | Bergname |
|---|

5. | Landname |
|---|

6. | Medewerkers |
|---|

7. | Foto's |
|---|

Nadat die oudste bewoners bepaal is, die aparte plaaskaarte geteken en die kaartjie-sisteem in gereedheid gebring is, is met die direkte ondersoek van elke plaas begin.

Met hierdie direkte ondersoek word die plaaskaart meegeneem en al die vraelyste wat op die bepaalde plaas betrekking het. In die meeste gevalle het ek altyd eerste die medewerkers aan die vraelys gaan besoek. Hierdie persone is dan versoek om die genoemde plekke (in die vraelys) op die plaas aan te wys sodat dit op die plaaskaart ingevul kan word. Aangesien ek op die vraelys nie veel ruimte kon gee vir die verklaring van die pleknaam nie, is nou getrag

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om meer inligting daaroor in te win.

Nadat die medewerkers ondervra is, het ek die oudste inwoners op die plaas besoek. Hierdie ou mense ken dikwels die geskiedenis van die plaas goed, en weet ook van baie plekname wat nie deur die jonger geslag gebruik word nie. Uit die gesprekke kan 'n mens 'n pragtige agtergrond vir die plaas opbou. In sommige gevalle was ek verplig om ook die oudste naturelle op die plaas te ondervra om meer inligting te bekom.

Uit hierdie gegewens sal duidelik blyk dat 'n eendaagse besoek aan 'n plaas nie voldoende is nie, maar dat die ondersoeker 'n plaas soms vier maal moet besoek.

Nadat 'n plaas gefynkam is vir alle plekname, en daar genoeg navraag gedoen is na die herkoms van die plaasnaam en die ander plekname, word al hierdie gegewens op kaartjies aangebring en gerangskik volgens die metode alreeds bespreek. Op hierdie manier vorm elke plaas 'n afsonderlike eenheid. Nou word ook die afsonderlike sketskaart van elke plaas wat op die plaas gebruik is, netjies en noukeurig oorgedoen met elke pleknaam presies daarop aangedui.

By hierdie ondersoek is daar dus van twee metodes gebruik gemaak. Die eerste was die indirekte metode, naamlik die uitstuur van vraelyste en die tweede was die direkte metode, naamlik persoonlike ondervraging van die bewoners van die gebied.

Op die oog mag dit lyk soos dubbele en onnodige werk, maar myns insiens is dit absoluut noodsaaklik. Waarom ek vraelyste en 'n persoonlike ondersoek as noodsaaklik vir so 'n ondersoek beskou, sal ek in die volgende paragrawe uiteensit.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Waar die navorser 'n gebied kies waarvan die grenslyne nie definitief is nie, soos bv. die Moot, Wes-Transvaal, die Rand, die Noord-Weste of die Karoo, sal die vraelyste altyd baie duidelik die grense van die gebied aandui. Dit is natuurlik heeltemal 'n ander saak as die gekose gebied een of ander distrik of provinsie is, want daar is reeds definitiewe grense.

In die tweede plek bied die vraelyste die uitgangspunte vir die direkte ondersoek. Eerstens is daar die medewerker wat die vraelys ingevul het, en tweedens is daar die name van die ou inwoners wat verstrek is. Wanneer die navorser dus op die plaas kom, is hy geen vreemdeling nie, en weet hy alreeds met wie om te gaan gesels.

In die derde plek bring die vraelyste mee dat daar 'n belangstelling vir plekname wakker gemaak word. Die vraelyste is sonder uitsondering, druk bespreek op elke plaas. Om meer inligting te verkry, het medewerkers met ander persone daaroor gesels, en op hierdie manier het baie plaasbewoners pleknaambewus geraak. So intens was die belangstelling in die plaasverlede dat een medewerker, na baie moeite, daarin geslaag het om 'n olifantsbeen op te spoor om aan my te bewys dat daar vroeër jare 'n groot trop olifante op die plaas gehou het en dat hulle gereeld by die Magaliesrivier kom suip het. Toe ek uit die direkte ondersoek by die persoon aangekom het, het hy dit met trots aan my oorhandig en daarvan vertel.

In die vierde plek beskik die navorser oor 'n hele aantal plekname wat in die vraelyste genoem is. Met die invul van vraelyste het daar natuurlikerwyse name vergete gebly. Presies dieselfde is waar van die direkte ondersoek. Die volgende voorbeeld sal dit baie goed illustreer en terselfdertyd die waarde van die vraelyste beklemtoon. Een vraelys in verband met die plaas Scheerpoort

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het ek baie laat terugontvang. Die medewerker was 'n persoon wat weggetrek het van die plaas af. Op hierdie vraelys was daar 'n pleknaam: Kokkiesgat. Met direkte ondersoek van die plaas, hoewel ek aan talle mense die vraag gestel het of daar nie watergate of plekke in die rivier is, wat name het nie, het niemand hierdie naam genoem nie. Ek het een van die ou inwoners van Scheerpoort weer gaan besoek en navraag gedoen oor die naam. Nie alleen het hulle die naam geken nie, maar kon dit ook presies aantoon en ook die herkoms van die naam verklaar.

In hierdie geval, wat nie die enigste van sy soort is nie, was die vraelys dus van besondere waarde. Was dit nie vir die vraelys nie, sou 'n baie interessante pleknaam nooit opgeteken gewees het nie. Hoewel voorvalle soos hierdie die uitsondering en nie die reël is nie, beklemtoon dit die waarde van die dubbele vangnet - indirekte sowel as direkte navorsing.

Uit my ervaring blyk dit dat vir pleknaamstudie albei metodes gebruik moet word. Die ondersoek kan op die direkte wyse alleen voltooi word, maar dan is die taak van die ondersoeker soveel moeiliker, sal dit baie meer tyd verg en is daar die moontlikheid dat name verlore mag gaan. As die vraelysmetode alleen gebruik word, sal name verlore gaan en sal dit ook baie moeilik wees om die plekname op 'n kaart aan te dui.

Die een metode vul dus die ander aan en dra waardevol by. Net soos die vraelyste noodsaaklik is, net so noodsaaklik is die persoonlike ondervraging. Die verdienstes van die vraelys is alreeds genoem, daarom wil ek graag nou die voordele van 'n persoonlike ondersoek ook noem.

Met die direkte ondervraging van medewerkers wat vraelyste ingevul het, het dit geblyk dat die persone oor

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meer inligting beskik as wat op die vraelys weergegee is. In gemaklike gesprekke het hulle baie plekname uit die herinnering opgediep en baie maal interessante verhaaltjies in verband met die pleknaam opgehaal. In die vraelys, waar die ruimte noodwendig beperk moes word, was so-iets natuurlik onmoontlik.

Die tweede groot voordeel van hierdie direkte navorsing was dat die plekke baie presies op die kaart aangestip kon word. In baie gevalle het hulle my vergesel na die plek toe, selfs al was dit moeilik bekombaar en het dit van hulle kosbare tyd in beslag geneem. So het 'n jong boer, ene Kloppers van Hartebeestfontein 119, nie geskroom om saam met my en 'n fotograaf, die steil Magaliesberg op 'n moeilike plek uit te klouter en 'n bepaalde hoop klippe, deur die Matabeles nagelaat, aan ons te toon nie. Menige bewoner het ook sy verkyker na vore gehaal sodat ek die ligging van 'n bepaalde plek goed kon vasstel. Hierdie besondere hulpvaardigheid en belangstelling, vergemaklik die taak van die ondersoeker in 'n groot mate.

Met die indirekte en direkte metodes van ondersoek het daar in albei gevalle tog moeilikhede opgeduik.

Die vraelyste, hoewel daar nie veel uitgestuur is nie, kos geld. Om hierdie rede is die aantal wat uitgestuur is, dan ook beperk. Die invulruimte moes ook beperk word, aangesien 'n vermeerdering van ruimte, meer posgeld sou beteken. Nieteenstaande laasgenoemde beswaar, is dit merkwaardig hoeveel inligting sommige medewerkers in die beperkte ruimte wel kon verstrek. Dan moet die ondersoeker ook tevrede wees met die feit dat nie al die vraelyste teruggestuur sal word nie. Dan moet ook daarmee rekening gehou word dat sommige persone miskien weggetrek het of oorlede is. Myns insiens was 'n terugsturing van 60% van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die vraelyste besonder bevredigend. Nagenoeg 10% is deur die Poskantoor, oningevul terugbesorg en van 30% is nie weer verneem nie. Nieteenstaande al hierdie moeilikhede, maak die inligting in dié wat wel terugontvang is, die uitstuur van die vraelyste die moeite werd.

By die direkte ondersoek bots die ondersoeker met meer moeilikhede. Die net of werksgebied is van nature uitgestrek. Wat dit betref, kan ons die Pleknaamvorser in Holland en Vlaandere amper beny, want daar word honderde plekname in 'n baie klein gebied gevind. So het ek met die Groot Moot as studieveld gevind dat die verste plaas bykans 70 myl van Pretoria af geleë is. Ek het gevind dat die ondersoek baie reiswerk inhou, want soos reeds gesê, moes sommige plase viermaal besoek word. Indien dit vir die ondersoeker moontlik is, sou ek aanraai dat hy nie elke aand na sy werksentrum terugkeer nie, maar om van die kenmerkende Boeregasvryheid gebruik te maak en sê drie dae op 'n plaas te vertoef en dan aan te skuiwe na die volgende totdat die hele gebied gedek is.

Met so 'n ondersoek moet die navorser baie tyd tot sy beskikking hê. Ons Boeremense is maar lief vir gesels en ek het dit dikwels ondervind dat na twee-drie-uur se gesels oor 'n paar koppies koffie, ek miskien net drie of vier name, somtyds net een, kon opteken. Die ondersoeker moet kan gesels oor die weer, oor die boerdery en die politiek! Somtyds is dit maar 'n moeilike taak om die persoon wat ondervra word se gedagtes terug te bring na plekname en hulle herkoms. Die meeste ou mense het almal die Engelse oorlog deurgemaak en somtyds raak die toehoorder so in vervoering onder die lewendige vertellings van oud-stryders dat 'n mens jou moet dwing om navraag te doen oor hierdie of daardie lopie, nek of kloof.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit loon nie om algemeen navraag te doen oor plekname nie. Ek moes altyd baie goed verduidelik watter spruitjie ek die naam van wil weet, en dikwels die een na die ander kloof aanwys. In baie gevalle het ek die medewerker in die motor gelaai en so die hele plaas platgery, die verskillende plekke aangetoon en so in die ry die name aangeteken. Hoewel die kaarte tot my beskikking baie volledig was, het dit slegs in 'n paar gevalle die moeite geloon om dit aan die medewerkers te toon. Baie min persone kon 'n kaart lees en dit vergemoeilik sake natuurlik aansienlik. Om hierdie rede moes ek plekke uitwys en die persone somtyds daarheen neem.

'n Boer stel ongetwyfeld baie belang in sy plaas, maar sy belangstelling strek nie veel verder as sy onmiddellike omgewing nie. Hierdie stelling geld natuurlik plekname en daar is ook uitsonderinge. So het ek gevind dat die bewoners van grond teen die Magaliesberg, my weinig of niks kon vertel van plekke geleë teen die Witwatersberg nie, hoewel dit somtyds slegs drie myl van hulle af is. Baie selde kon 'n persoon my inligting gee oor ander plase as sy eie.

Somtyds is groot dele van plase ontvolk. 'n Voorbeeld hiervan is die noordelike gedeeltes van Grootplaats en Scheerpoort. Eersgenoemde is opgekoop deur vroeëre soldate en staan bekend as Sappersrust. Laasgenoemde is in die hande van 'n Griekse Skeepseienaar. Al die ou bewoners van genoemde gedeeltes het uitverkoop en selfs die ou naturelle het weggetrek. In sulke ontvolkte dele, want daar woon haas geen mense nie, kan die enkele vreemde jou geen inligting bied nie. Die plekname van so 'n streek het saam met die bewoners verdwyn.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Naby Pretoria het 'n ondersoeker weer te doen met oorbevolking. Hier is die plase opgesny in klein landbouhoewes. Die mense wat die hoewes bewoon, is deur die bank nuwe intrekkers, is baie selde boere en stel min belang in die plekname van die ou plaas waaruit die hoewes gesny is. Hoe verder 'n mens in die Groot Moot afry, hoe meer werklike boere vind jy en terselfdertyd, hoe meer plekname.

Nadat al die materiaal byeengebring is, moes daar besluit word oor die aanbieding daarvan in die verhandeling. Volgens die „Monographieeën" van die Nomina Geographica Flandrica, moes ek alle plekname eenvoudig alfabeties rangskik en dan een en ander oor elke naam sê. Na lang oorweging het ek egter besluit om 'n ander metode te volg, soos blyk uit die bepaalde hoofstuk.

Ek het gevoel dat as ek die plekname bloot in 'n alfabetiese lys invoeg, ek die verband tussen die plaas en die bepaalde pleknaam ontwrig. Op hierdie manier verloor baie plekname hulle identiteit, romantiese inhoud en belang. So is 'n spruitjie met die naam van Engelbrechtloop, tog baie nou verbonde aan die plaas waarop dit ontspring, omdat dit in die verlede 'n Engelbrechtplaas was!

Die tweede rede vir my besluit was die intense belangstelling wat ek vir die plekname ondervind het. Honderde het navraag gedoen oor wanneer die werk sal verskyn want hulle sou graag 'n eksemplaar wou besit. Vir hierdie plaasbewoners sal 'n lang alfabetiese lys niks inhou nie. Hy stel slegs belang, eerstens, in sy plaas en daarom sal hy onmiddellik daarna soek.

Om bogenoemde redes dus het ek elke plaas se plekname apart groepeer. Op hierdie wyse word niks uit verband geruk nie en sal dit die belangstellende plaasboer bevredig as hy dit onder oë sou kry.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gewoonlik word daar in die „Monographieën" slegs een kaart gepubliseer wat die hele gebied dek. In hierdie verhandeling is daar 'n kaart van die hele gebied sowel as afsonderlike kaarte van elke plaas. Deur dit te doen, hoop ek om plekname duideliker aan te toon en ook die aanskoulikheid van pleknaamstudie te verhoog.

Hoewel daar tydens die ondersoek navraag gedoen is na die name van landerye, laat ek dit in hierdie verhandeling weg. Die name aangetref, is die volgende: die swart-, vaal-, rooi-, middel-, lang-, onderste-, kort-, bult- en saadland. Hierdie name kom haas op elke plaas voor, maar is baie onderhewig aan verandering. 'n Nuwe eienaar ken nuwe name toe en die name is net bekend aan die eienaar en hou geen algemene belang in nie. Verder is dit haas onmoontlik om sulke klein stukkies grond op die kaart, hoewel op groot skaal geteken, aan te toon. Weens die veelvuldigheid en veranderlikheid het ek besluit om hierdie name met hulle uiters enge gebruiksfeer buite rekening te laat.

Nieteenstaande die veeleisendheid van die taak, die duisende myle wat afgelê moet word en die vermoeienis wat die navorsing meebring, word die navorser vergoed deur die gasvryheid, vriendelikheid en hulpvaardigheid wat hom orals bewys word.

---

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

Doktorsgraad-verhandeling (Afrikaans).

Geagte Medewerker,

Ek sal dit baie waardeer as u hierdie vraelys, wat hoofsaaklik te doen het met plaas- en plekname, sal voltooi en terugstuur. Dit is my doel om al die gegewens in 'n verhandeling oor plekname op te neem. Vir elke bydrae, al verstrek u net een naam, sal ek dankbaar wees.

---

Ingevul vir die omgewing van die plaas ____________________

Naam van medewerker ____________________

Ouderdom ____________ Beroep ____________

Adres ____________________

---

1. Is die deel waar u woonagtig is, bekend as die Moot? ____________

2. Is daar geskiedkundige plekke op die plaas? (Bv. oorlogsgrafte, forte, blokhuise, ou kafferkrale). ____________

3. Name en adresse van ou persone wat u ken wat moontlik waardevolle inligting sal kan verstrek: ____________

4. Name van riviere, spruite, lopies, driwwe, moerasse, fonteine, brûê, damme, ontspringplekke, vore, slote, kanale.

| | Naam | Rede vir naam | Vroeëre naam. |
|---|---|---|---|
| (a) | | | |
| (b) | | | |
| (c) | | | |

5. Name van berge, hoogtes, koppies, rantjies, kranse, nekke, passe, poorte, klowe, grotte, rotse.

| | Naam | Rede vir naam | Vroeëre naam. |
|---|---|---|---|
| (a) | | | |
| (b) | | | |
| (c) | | | |

6. Name van landerye, weivelde en stukke grond.

| | Naam | Rede vir naam | Vroeëre naam. |
|---|---|---|---|
| (a) | | | |
| (b) | | | |
| (c) | | | |

7. Enige verdere inligting waaroor u mag beskik

By voorbaat dankie,

S. STRYDOM.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK V.

## DIE PLAAS- EN PLEKNAME IN DIE GEBIED.

In hierdie hoofstuk bespreek ek die plaas- en plekname wat in die Groot Moot voorkom. In die A-deel word al die plase met die plekname wat daarop voorkom, bespreek. In die B-deel word plekname bespreek wat nie juis aan een bepaalde plaas verbonde is nie. Die Pretoria Stadsgebied wat in die Groot Moot lê, word in 'n later hoofstuk afsonderlik bespreek.

By die bespreking van die plaas- en plekname word die plase van die weste na die ooste geneem, d.w.s. vanwaar die Groot Moot begin, tot waar dit doodloop.

Al die gevolgtrekkinge wat gemaak word in verband met die herkoms van plaas- en plekname berus op die getuienis van informante of is geput uit geskrewe bronne. Waar ek eie gevolgtrekkinge gemaak het, word dit vermeld. Verder het ek in die meeste gevalle nie die name van informante by die name vermeld nie aangesien dieselfde verklarings dikwels verstrek is deur 'n hele aantal persone.

Die ouderdom van die name kon ook nie altyd vasgestel word nie. Die meeste informante sê dat hulle die name so leer ken het van kleinsaf. In sommige gevalle is dit wel moontlik om die ouderdom vas te stel:

So is daar bv. die baie ou name soos Scheerpoort, Renhoogte, Silkaatsnek en Kommandonek wat na die beginjare van die nedersetting in die Groot Moot teruggevoer kan word.

Daar is ook 'n groep name wat ontstaan het tydens die Engelse oorlog, bv. DeWetsnek en Cable Hill Redoubt.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ten laaste is daar ook meer resente name soos Damsig, Pioneer, Melodie en Harmonie.


In sommige gevalle soos bv. Nooitgedacht, DeWetsnek, Derdepoort en Kommandonek, het ek breedvoerig stilgestaan by historiese gebeurtenisse wat aan die plekke verbonde is. Hierdie historiese gebeurtenisse het 'n besondere invloed uitgeoefen, want die pleknaam is op besondere wyse bestendig. Dit het ook die naam wyd bekend gemaak.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

64-1

# DOORNSPRUIT 99.




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# A. PLAAS- EN PLEKNAME.

## DOORNSPRUIT 99.

Hierdie oorspronklike Leningsplaas is op die 18de Junie 1860 geregistreer vir Hermanus Jacbobus Potgieter. Later het dit aan G.J. Kruger behoort.

Doornspruit is een van die drie plase tussen die Witwatersberg en die Magaliesberg waarop die Groot Moot begin. Wanneer 'n mens in die Moot in 'n Westelike rigting ry, is dit opmerklik hoe die omgewing verander wanneer die plase Hekpoort en Doornspruit bereik word. In plaas van 'n gelyk valleivloer met hier en daar sagte heuwelrondinge, is daar op hierdie plase baie meer rantjies en koppies. Dit is ook treffend dat in hierdie hoek waar die Groot Moot begin, die omgewing baie meer bosryk is as op enige ander plek in die vallei.

### Die plaasnaam:

Hierdie plaas is so genoem vanweë die talle soetdoringbome wat baie dig langs die Doringspruit en die Droëspruit staan. Die doringbome is baie dig op plekke en is die eerste kenmerk van die plaas wat deur die besoeker opgemerk word.

### Die plekname:

1. Bosplaat:

Hierdie gedeelte van die plaas word so genoem omdat hier 'n baie digte lap of plaat doringbome staan.

2. Doringspruit:

Dit is dieselfde spruit wat hoër-op bekend is as Swartspruit en laer-af op die plaas Hekpoort, die Klein Riviertjie genoem word. Dit het die naam Doringspruit

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ontvang omdat daar so baie soetdoringbome op die walle groei.

3. Droëspruit:

Dit is 'n baie ou naam en kom voor op die oudste kaart van hierdie plaas. Die spruit vloei slegs sterk wanneer dit baie reën, andersins het dit maar baie min water. In die wintermaande is dit gewoonlik droog. Omdat die spruit so dikwels min water het of heeltemal droog is, is dit Droëspruit genoem.

4. Die Middelrant:

Hierdie rant lê in die middel van die strook tussen die Witwatersberg en die Magaliesberg, en daarom is dit so genoem. Die gebied tussen die Middelrant en die Witwatersberg is bekend as die Klein Mootjie.

5. Mooikraal:

Op hierdie deel van die plaas is daar 'n aantal ou Kafferkrale. Aangesien hulle op 'n besondere mooi natuurskone plek geleë is, het die inwoners die plek Mooikraal genoem.

6. Mooikraalrante:

Hierdie rantjies lê op die gedeelte wat bekend staan as Mooikraal, en het om daardie rede dieselfde naam gekry.

7. Rooisloot:

Hierdie sloot vorm teen 'n skuinste en sluit aan by Doringspruit. Omdat die walle rooigrond is, het dit die naam Rooisloot ontvang.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



8. Skurwekop:

Hierdie kop is so genoem omdat die rotse en klippe wat daar aangetref word, skurf van geaardheid is.

9. Slangkoppie:

Hierdie kleinerige koppie word deur die boere vermy omdat dit feitlik 'n boerplek van slange is. Vee word ook nie toegelaat om teen die skuinste daar te wei nie. Die teenwoordigheid van die slange is dan ook rede vir die naamgewing.

10. Swartkoppie:

Van veraf vertoon hierdie koppie baie donker weens die swart kleur van die klippe wat daar aangetref word.

11. Tarentaalkraal:

Hierdie gedeelte van die plaas word so genoem omdat daar ook 'n paar ou krale is en omdat swerms tarentale in die omgewing aangetref word.

12. Tierkloof:

In hierdie klofie het daar vroeër jare tiers (luiperds) gehou wat die boere baie skade berokken het. Omdat dit die enigste kloof op die plaas is waarin hulle geskuil het, is dit Tierkloof genoem.

13. Turfsloot:

Die Turfsloot sluit aan by die Droëspruit en word so genoem omdat dit deur turfgrond loop.

14. Wildealshoek:

Op hierdie plek vorm die rantjies 'n hoek wat later bekend geraak het as Wildealshoek omdat daar baie wildeals gegroei het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

67-i

# HEKPOORT 122.




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



HEKPOORT 122.

Hierdie Eiendomsplaas is op die 23ste Januarie 1858 geregistreer in die naam van Gerrit Johannes Kruger. Op die 4de Maart 1869 is 'n gedeelte getransporteer aan Herman Philippus Potgieter.

Die plaas Hekpoort is een van die drie plase wat die Groot Moot aan die Westekant van Pretoria afsluit. Hier vind ons ook die begin van die Klein Mootjie wat strek tot by Elberta in die Weste.

Die plaasnaam:

Hekpoort het sy naam ontvang na aanleiding van 'n poort in die Witwatersberg, wat nog steeds bekend staan as die Hekpoort. Deur hierdie nou poort gaan vandag die pad na Krugersdorp en ten ooste van die pad vloei die Hekpoort-spruit. Aan die oostekant van die pad deur die poort is daar 'n fort uit die Engelse oorlog. Hierdie fort, tipies van baie in die Groot Moot, is die enigste wat nie vervalle is nie. Dit is pragtig herstel en is ook omhein.

Die Hekpoortfort.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die veertiger- en vyftigerjare van die vorige eeu het die Krugers en Potgieters hierdie poort as 'n veekraal gebruik. In die poort is daar 'n hek gemaak en wanneer dit gesluit was, was die vee heeltemal veilig. In een van G.J. Kruger se briewe by die Kantoor van Aktes, noem hy ook 'n sekere Hekbaken wat opgerig is in 1841. [1)] Na aanleiding van hierdie hek in die poort, het die poort die naam Hekpoort ontvang en so ook die plaas waarop hierdie poort geleë is.

Plekname:

1. Bulhoek:

Dit is 'n kloof in die Witwatersberg waar daar in die vorige eeu deur een van die vroeëre eienaars 'n besondere kwaai bul gehou is.

2. Die Doppervoor:

Uit hierdie voor wat uitgekeer word uit die Magaliesrivier, besproei baie mense wat aan die Gereformeerde Kerk behoort, hulle landerye.

3. Doringhoekloop:

Hierdie lopie begin na die kant van die plaas Doornspruit. Aangesien hierdie hoek van die Groot Moot so vol doringbome is, is dit die rede vir die naam.

4. Hekpoort:

Hierdie nou poort verleen deurgang deur die Witwatersberg. Die herkoms van hierdie naam is alreeds bespreek onder die plaasnaam.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Die Hekpoort.

5. Hekpoortspruit:

Hierdie spruit ontspring in die Hekpoort en aangesien dit deur die hele poort vloei, is dit so genoem. Eienaardig en tog uiters interessant is dit dat G.J. Kruger in 'n brief aan Douw Gerbrand Kruger van 4 Desember 1873, vertel van die Witwatersrivier. [2] Uit sy brief lyk dit of hy in alle waarskynlikheid, hiermee die Hekpoortspruit bedoel het. Aangesien ons tog die Witwatersberg het, was dit aanvanklik vir my baie eienaardig om nie 'n rivier met hierdie naam teë te kom nie. Die benaming Witwatersrivier, hoewel baie paslik, word nooit meer vandag gehoor nie.

6. Hekpoortspruitdrif:

Hierdie drif lê in die Hekpoortspruit, daarom die naam. Dit is in die omgewing ook bekend as die Bloudrif. Dit het hierdie naam ontvang omdat die grond daar by die drif net blou potklei is. Hoewel die drif vandag vervang

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is deur 'n brug 'n entjie hoër-op, kan die moete daarvan nog gesien word.



Hekpoortspruitdrif.

7. Hoogekop/Hoëkop:

Hierdie kop is deel van die Witwatersberg en word so genoem omdat dit die hoogste punt is in die bergreeks. Hoëkop wat Wes van die Hekpoort geleë is, is 'n baie ou naam, want tussen al die ou transporte van die plaas, was daar 'n sketskaartjie gedateer 25 November 1873 waarop hierdie kop aangedui is as Hoogekop. [3] Hierdie oorspronklike naam is ver-Afrikaans en vandag staan dit bekend as Hoëkop.

8. Jukdrif:

Hierdie drif deur die Hekpoortspruit is in die Hekpoort geleë. Vroeër jare, met baie reëns, was dit 'n uiters moeilike taak om waens vol hawer gelaai deur hierdie drif te sleep. Aangesien daar sommer baie jukke hier gebreek is in die pogings om deur te kom, het die drif hierdie naam ontvang.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9. Die Klein Riviertjie:

Die stroom het hierdie naam ontvang omdat dit 'n kleiner rivier is as die Magaliesrivier en omdat dit groter is as al die ander spruite en lopies. Hoewel hierdie riviertjie op kaarte aangedui word as Swartspruit, is dit op die plaas Hekpoort nie so bekend nie; daar word dit die Klein Riviertjie genoem. Eintlik is hierdie riviertjie bekend onder drie name. Net voor dit saamvloei met die Magaliesrivier op die plaas Hekpoort, is dit die Klein Riviertjie; 'n endjie hoër op, op die plaas Doornspruit noem hulle dit die Doringspruit en in die derde geval, nog hoër op, op die plaas Doringdal en hoër, staan dit bekend as Swartspruit.

10. Die Meulvoor:

In hierdie voor, wat net soos die Doppervoor, uit die Magaliesrivier gekeer word, het vroeër jare ene van Bloemenstein 'n swaar rollermeule gehad waar koring en mielies gemaal is. Later het die meule egter afgebrand. Nogtans staan die voor vandag nog bekend as die ou Meulvoor.

11. Nooitgedachtloop:

Omdat hierdie lopie op die plaas Nooitgedacht ontspring en vandaar na die Magaliesrivier vloei, word dit so genoem.

12. Skeurkloof:

Dit is 'n groot kloof in die Witwatersberg, en is so genoem omdat dit lyk of die berg daar vanmekaar geskeur is om die kloof te vorm.

13. Die Swartrantjies:

Hierdie rantjies word so genoem omdat hulle oortrek is met swart lappe bosse. Hierdie rantjies word ook

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



genoem die Middelrantjies daar dit feitlik in die middel van die plaas geleë is. Die gebied tussen die Swartrantjies en die Witwatersberg, op Hekpoort, is ook die begin van die Klein Mootjie.

14. Tierkloof:

In hierdie kloof in die Witwatersberg het daar in die vorige eeu baie luiperds, of tiers soos ons Boeremense hulle genoem het, gehou. Daarom het die kloof hierdie naam ontvang.

15. Tygerkop/Tierkop:

Volgens oorlewering is daar 'n luiperd op hierdie kop geskiet en daarom is dit so genoem. Dit is ook 'n ou naam want dit word net soos die geval met Hoogekop, op 'n ou plaaskaart van 1873 aangedui. [4)]

16. Valsspruit:


Hierdie spruitjie is so genoem omdat daar orals in die klein driffies deur die spruitjie, baie valsplekke was, waarin 'n mens baie maklik kon vasval.

17. Die Witrantjie:

Die verklaring van die naam is baie maklik aangesien die hele rantjie besaai lê met wit vuurklippe.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

# NOOITSEDACHT 121




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



NOOITGEDACHT 121.

Nooitgedacht is een van die drie plase wat die Groot Moot aan die Westekant sluit. Hierdie oorspronklike Leningsplaas is op die 6de Junie 1854 geregistreer in die naam van Hermanus Philippus Potgieter. Na die dood van Hermanus Potgieter aan die einde van 1854 het Willem Boshoff Sr. 'n groot deel daarvan besit.

Hermanus Potgieter is 'n belangrike naam in ons volksgeskiedenis. Na die stigting van Winburg het hierdie onverskrokke Voortrekker 'n verkenningstog onderneem na die Noorde. Soos reeds in die historiese skets van die gebied gestel, het hierdie kragsfiguur die bewondering en eerbied van die Magaliekaffers afgedwing. In 1840 - 41 het hy na die Groot Moot teruggekeer en hom hier gevestig.

Hermanus Potgieter is egter op skokkende wyse om die lewe gebring deur die opperhoof Mapela. Hermanus Potgieter, 'n broer van kommandant-generaal A. Hendrik Potgieter, het van sy beeste onder die sorg van Mapela geplaas, met toestemming van hom, in ruil waarvoor hy dan die koeie kon melk. Toe Potgieter later aan die einde van 1854 met 'n hele geselskap waarby vrouens en kinders, die stat besoek, was die Kaffers vriendelik en is die waens in die stat getrek. Wat die tweede dag gebeur het, is nie baie duidelik nie aangesien nie een lid van die geselskap oorgebly het nie. Wat uit kaffermededelings verstaan word, is dat Potgieter moeilikheid met een van Mapela se onderdane sou gekry het. Die kaffer het met hom skoorgesoek en Potgieter wat haastig van humeur was en baie sterk, het die astrante naturel te lyf gegaan. Die ander kaffers het gemaak asof alles weer vreedsaam was en het Potgieter uit die stat weggelok onder die voorwendsel dat hulle hom 'n klomp olifantstande wou gaan wys. Terwyl hy uit die stat was, het die kaffers die res van die geselskap uitgemoor.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hulle het hom na die slagtingstoneel teruggebring en hom daar lewendig afgeslag en sy bloed gedrink.

Die kommando wat Mapela gaan straf het, het op die ongelukstoneel verskriklike bewyse van gruwelikhede gevind. Die slagoffers en veral die vrouens is op die allerwreedste maniere om die lewe gebring. So is daar kalbasse vol uitgebraaide mensvet gevind. [5)]

So het hierdie Voortrekker, wat een van die eerste Trekkers was wat hom in die Groot Moot gevestig het, aan sy einde gekom. Sy naam sal steeds baie nou verbonde wees met die plaas Nooitgedacht.

In die meeste van die werke oor die Engelse oorlog en in die meeste van die vertellings, kom die naam van die plaas ook voor, want daar het een van die groot veldslae van die oorlog plaasgevind.

In Desember 1900 het generaal Clements laer getrek in die Nooitgedachtkloof aan die voet van die Magaliesberg. Hier was die Engelse troepe van plan om ongehinderd Kersfees te vier. Voor Kersfees sou daar egter 'n bloedige slag plaasvind en sou hierdie selfde Engelse moes vlug vir hulle lewens.

Van die laer daar op Nooitgedacht skryf kaptein M.H. Grant in die History of the War in South Africa Vol. IV, die volgende: „Where at Nooitgedacht, a steep ravine indented the Magaliesberg, he had pitched his camp close against the mountainside, holding the crests of the cliff high overhead with a line of pickets." [6)]

Die Boeremagte onder die bekwame leiding van generaals Beyers en De la Rey, het besluit om aan te val en die Engelse te oorrompel. Hulle het met middernag aangeval en eers die Engelse uit die skanse bo-op die berg

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geskiet. Die Engelse brandwagte het in wanorde die steil krans probeer afkom en so het baie aan hulle einde gekom. Toe die dag breek, was die Boere bo-op die krans en begin die laer reg onderkant hulle onder die lood te steek.

Toe die Engelse begin wegvlug, al langs die Magaliesberg in 'n Oostelike rigting, het generaal Beyers wat naby die Vaalkop, net suid van Nooitgedachtkloof was, op hulle begin vuur. Die Engelse het gevlug tot op Rietfontein. Vir agt dae na die slag het die ambulanse gesneuweldes kom verwyder. Die gesneuwelde burgers is by Maanhaarrand op die plaas Bosfontein begrawe terwyl die Britse soldate in drie kerkhowe begrawe is - die een bo-op Nooitgedachtnek, die tweede in Nooitgedachtkloof en die derde op Rietfontein. Vir die Boeremagte was dit 'n groot oorwinning en Kapt. Grant swaai generaal De la Rey groot lof toe in sy werk: „But Clements had now become aware of the real nature of the marauders. Not now had he to deal with the usual gangs of freebooters such as had formerly infested the Magaliesberg; he was in the presence of a strong and aggressive force, led by one of the most able Generals of the federal armies." 7)



Waar die slag plaasgevind het op 13 Desember 1900.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoewel die leeue-aandeel van die geveg berus het op die skouers van generaals De la Rey en Beyers, het by verdere ondersoek geblyk dat generaal Kemp ook 'n aandeel in die stryd gehad het. As gevolg van hierdie bloedige slag het die naam Nooitgedacht bekend geraak oor groot dele van ons land.

Die plaasnaam:

Volgens vertelling is die plaas so genoem deur Hermanus Potgieter. Hierdie Voortrekker se blik, was net soos die van sy broer, kommandant-generaal Hendrik Potgieter, altyd noordwaarts gerig. Hy was altyd van plan gewees om hom ver in die Noorde van Transvaal te vestig. Nadat hy die Groot Moot in 1837 gesien het, het hy egter besluit om hom daar te vestig. Hy het maar gemeen om hom naby sy broer te vestig en het nooit gedink dat hy hier in die Groot Moot sou woon nie. Daarom het hy sy plaas Nooitgedacht genoem.

Plekname:

1. The Dome:

Hierdie ronde bergspits in die Magaliesberg is 'n geliefkoosde plek vir bergklimmers. Met sy steil kranse wat met 'n effense ronding na die spits loop, is dit uiters moeilik beklimbaar en slegs ervare bergklimmers waag dit om dit te bestyg. Onder hierdie groep mense staan dit bekend as „The Dome", 'n naam wat verbrei het na die plaasmense in die omgewing. Die koepelvormigheid van die rotsmassa is natuurlik rede vir die naamgewing.

2. Doringhoekloop:

Hierdie lopie word so genoem aangesien dit op die plaas Doringhoek ontspring en dan oor Nooitgedacht loop.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. The Fountains:

Dit is 'n klein klofie net ten ooste van die groot Nooitgedachtkloof. Aangesien daar 'n paar fonteine in die klofie opborrel, het dit die naam ontvang. Die Engelse benaming is verstaanbaar aangesien die Noordelike gedeelte van die plaas reeds vir baie jare in Engelse hande is.

4. Groothoutboskloof:

Hierdie kloof is baie ruig en dig bebos aangesien dit besonder waterryk is. Weens die bosagtige voorkoms is dit die Groothoutboskloof genoem.

5. Nooitgedachtkloof:

In hierdie kloof het die gedenkwaardige slag van 13 Desember 1900 gewoed. Aangesien dit die grootste kloof op die plaas is, is dit na die plaas vernoem.



Nooitgedachtkloof met Nooitgedachtnek
op die agtergrond.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6. Nooitgedachtkrans:

Hierdie krans ten weste van Nooitgedachtnek, is ook na die plaas genoem en hier bereik die Magaliesberge, sover dit die Groot Moot betref, sy grootste hoogte.

7. Nooitgedachtloop:

Hierdie grootste lopie op die plaas, is ook maar na die plaas genoem.

8. Nooitgedachtnek:

Hierdie nek, ook die enigste op die plaas, dra ook die plaasnaam. Die nek is betreklik vlak, maar het hoë, regaf kranse aan weerskante daarvan. Van hierdie kranse het die Britse soldate in hulle nood gespring.

9. Vaalkop:

Hierdie groot kop wat van baie ver gesien kan word, vertoon maar altyd vaal weens die klipperige geaardheid daarvan. Selfs in die middel van die somer, lyk dit nog maar vaal en juis omrede van hierdie eienaardigheid word dit dan ook die Vaalkop genoem.



Die Vaalkop op Nooitgedacht.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



10. Vaalkopspruit:

Hierdie spruitjie loop met 'n draai om die Vaalkop en om hierdie rede word dit dan ook die Vaalkopspruit genoem.

11. Die Wildealsboskloof:


In hierdie kloof groei daar besonder baie wildeals en daarom is die kloof so genoem. Die naturellenaam wat ook gehoor word, is Mogogomelakloof.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HARTEBEESTFONTEIN 118.




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



HARTEBEESTFONTEIN 118:

Oorspronklik was hierdie Eiendomsplaas veel groter as wat vandag die geval is. In 1909 is daar 721 morge van die plaas afgesny en is dit gevoeg by 1229 morge wat afgesny is van Bultfontein. Op hierdie wyse het daar 'n nuwe plaas, Hartebeestfontein 119, tot stand gekom.

Die hele Hartebeestfontein is op die 18de Januarie 1860 geregistreer in die naam van J.D. van Aswegen Sr. Voor die registrasie van die plaas het dit behoort aan die bekende H.P. Potgieter. Die woning van Hermaans Potgieter staan nog vandag, amper ongeskonde, op 'n gedeelte van die plaas deur Mnr. A. Kruger bewoon. Langs die ou opstal, staan daar ook nog die ou skuur.



Die ou woning van H.P. Potgieter op Hartebeestfontein 118. Die skuur is nie op die foto te sien nie. Die huis is oorgepleister in later jare, maar die gedeelte aan die regterkant toon baie duidelik hoe die hele huis vroeër vertoon het.

Hoewel die hele plaas geregistreer is vir Hans van Aswegen, wil dit tog voorkom uit die ou transporte dat Potgieter en van Aswegen hierdie groot en uitgestrekte

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plaas om die helfte besit het. Later is gedeeltes oorgeneem deur J.B. Wolmarans, J.J. en B.A. Kloppers. Laasgenoemde was voorsitter van die Transvaalse Volksraad. Om hierdie rede het president Kruger dikwels op die plaas kom besoek aflê.

Die plaasnaam:

Hierdie plaas is Hartebeestfontein genoem omdat daar in die beginjare van die nedersetting in die Groot Moot, baie hartebeeste aangetref is. Daar was ook baie ander wild waaronder ook olifante en renosters. So is daar naby die Magaliesrivier 'n paar groot blouysterklippe getoon wat baie glad geskuur is aan die kante en bo-op. Kleiner klippe as hierdie, wat ook daar lê is onaangeraak en die oppervlakte heeltemal ru. Volgens die boere is daar net een verklaring moontlik en dit is dat olifante en renosters, nadat hulle by die rivier was, hulle op die klippe kom skuur het.

Vandag word daar nog baie roofdiere op die plaas aangetref. So het Mnr. Freek van Tonder aan die begin van 1954 'n luiperd en 'n wolf gevang wat 10 voet van neus tot stert was. Volgens hom is daar nog baie wolwe en luiperds in die Magaliesberg.

Vroeër dae was daar natuurlik baie meer wildsoorte, maar veral hartebeeste. Dan was die veld ook mooi en daar was baie water, want in al die klowe op die plaas was daar standhoudende fonteine. Die groot aantalle hartebeeste en baie fonteine het veroorsaak dat hierdie plaas toe Hartebeestfontein genoem is.

Plekname:

1. Ambulanskoppie:

Mnr. M.H.O. Kloppers, wat nog op Hartebeestfontein woonagtig is, het saam met 'n klompie ander burgers 'n

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ambulanswa van die Engelse op Bultfontein afgeneem. Hulle het die wa na Hartebeestfontein geneem, dit aan die voet van 'n koppie in die Magaliesbergreeks getrek en dit gevisenteer. Daarin het hulle 'n groot hoeveelheid gewere en patrone gevind. Mnr. Kloppers kan nog onthou dat hy 'n „Vrystaatse Mauser", waarvan die slot 'n krom vorm gehad het, geneem het. Hy en 'n sekere Gysbert van Rensburg moes juis na die voorval, omdat die Engelse gekla het oor die aanval op 'n „weerlose ambulans", die gewere na genl. Smuts op Olifantsnek neem, om dit te toon as bewysstukke.

Aangesien die ambulanswa aan die voet van die koppie gevisenteer is, het die koppie toe die naam Ambulanskoppie gekry. Voor die Engelse oorlog was dit bekend as Pramkoppie omdat dit die fatsoen het van die bors van 'n vrou.



Ambulanskoppie of Pramkoppie is die ronde kleiner kop, meer na links op die foto.

2. Amos se spruit:

Hierdie spruitjie is so genoem omdat 'n Indiër met die naam van Amos baie na aan die spruitjie 'n winkeltjie gehad het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Blouwaldrif:

Die drif in die Magaliesrivier is so genoem omdat die walle die ene blou potklei is. In reëntye was dit uiters moeilik om deur hierdie drif te kom. By hierdie drif het president Kruger baie keer die boere van die omliggende plase ontmoet. Hy het gewoonlik met sy verewa en agt perde gekom en dan daar uitgespan. Hier het hy die burgers dan vertel van nuwe wette en dit met hulle bespreek. Hy wou weet wat sy volk van die wette gedink het, en het dit dan ook met die Volksraad bespreek. Omdat die drif so 'n belangrike bymekaarkomplek was, is die naam bestendig en het dit bekend geraak ver oor die grense van die plaas.

4. Bobbejaankrans:

Hierdie grans is een van die hoogstes in die Magaliesbergreeks. Omdat die mens en ander roofdiere hulle nie maklik hier kan bykom nie, het die bobbejane dit as tuiste gekies en daarom word dit dan ook Bobbejaankrans genoem.



Die Bobbejaankrans.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5. Damhoek:

Die Noord-Westelike gedeelte van die plaas waar die Magaliesberge 'n hoek vorm, staan bekend as Damhoek. Voordat daar 'n groot dam gebou is, was dit bekend as De Hoek. Hierdie gedeelte beslaan 600 morge en is reeds in 1870 al apart opgemeet. Dit het behoort aan Maria Petronella Kloppers en later aan B.A. Kloppers.

Damhoek het die vroeëre naam De Hoek vervang toe daar 'n dam gebou is.

Damhoek is om geskiedkundige redes interessant en wyd bekend want aldaar het die mense van die Groot Moot wat ten gunste was van Rebellie in 1914 bymekaargekom en besluit om te rebelleer.

6. Damhoekkloof:

Hierdie kloof is geleë net waar die Magaliesberge hierdie eienaardige beskutte hoek vorm. Aangesien die onmiddellike omgewing as Damhoek bekend is, is die kloof Damhoekkloof genoem.

7. Damhoeknek:

Hierdie nek is ook genoem na die onmiddellike omgewing nl. Damhoek. Daar gaan net 'n voetpad oor die nek, maar gedurende die Engelse oorlog is die Boere daar oor met 'n wa en 'n span osse. By hierdie nek het generaal Beyers 'n klomp Boere toegespreek net voor die uitbreek van die Rebellie.

8. Damhoekspruit:

Hierdie spruit ontspring in Damhoekkloof en vloei oor die gedeelte bekend as Damhoek; daarom word dit so genoem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9. Doringspruit:

Dit vloei uit Klein Hartebeesthoek en word so genoem omdat daar baie soetdoringbome langs die spruit groei.

10. Drilfontein:

Hierdie spruit vloei uit die Witwatersberg. Aangesien die grond waar die spruit langs vloei baie onvas en moerasagtig is, is die spruitjie Drilfontein genoem.

11. Groenkloof:

Die kloof aan die oostelike kant van die plaas en in die Magaliesberg, word so genoem omdat dit besonder ruig begroei is en met 'n fontein in die kloof, altyd groen vertoon.

12. Klein Hartebeesthoek:

Dit is eienaardig dat daar op hierdie plaas twee hoeke, feitlik reg teenoormekaar deur die twee verskillende bergreekse gevorm word. In die geval van Klein Hartebeesthoek is daar nie 'n nek nie, maar wel 'n baie diep en nou poort deur die Witwatersberg. Die plaas aan die Suidekant van die Witwatersberg word Hartebeesthoek genoem en aangesien hierdie nou poort die twee plase verbind, is dit na die plaas Hartebeesthoek genoem. Om nie die poort- en plaasnaam te verwar nie, is die poort toe Klein Hartebeesthoek genoem.

13. Kristalnek:

Bokant die Perdekampkloof is daar 'n nou nekkie, waar baie kristal aangetref word. Baie daarvan is vas in klippe terwyl ander los rondlê. Een boer het dit beskryf as los stukkies wat lyk soos „geslypte mensetande". As gevolg van die kristal in die nekkie word dit dan ook Kristalnek genoem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



14. Magatasgat:

Hierdie sonderlinge gat in een van die kranse van die Magaliesberg, kan van ver af gesien word omdat dit so enorm is. Die gat is maklik 'n 80 voet wyd, sestig voet diep en sewentig voet hoog. Dit bied uitstekende skuiling teen wind, son en reën. Omdat 'n sekere kafferkaptein met die naam van Magata, in die vorige eeu moes vlug vir sy vyande en in hierdie groot gat kom skuil het, word dit tot vandag Magatasgat genoem.



Magatasgat van 'n afstand gesien.



Magatasgat van naby gesien.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



15. Martiena:

Dit is die naam van 'n halte op die plaas. Dit is genoem na die vrou van Mnr. Fanie Kruger, 'n neef van die President. Hoewel hy op Hekpoort woonagtig was, het oom Fanie en sy vrou so 'n belangrike rol gespeel in die boeregemeenskap, dat hulle op hierdie manier vereer is.

16. Perdekampkloof:

Die naam van hierdie kloof gaan terug tot in die dae van oom Hermaans Potgieter. In hierdie kloof het hy 'n spesiale kamp gehad waarheen die perde geneem is tydens perdesiektetyd. Die klofie lê hoog en daar is ook 'n standhoudende fontein. Na aanleiding van hierdie gebruik is die kloof, die Perdekampkloof, genoem.

17. Die Rooisloot:

Dit is 'n kort sloot waarin afvoerwater van die berg afkom. Sagte rooi grond is op die onderpunt uitge-spoel. Die walle is hoog en steil en ook rooi.

18. Tweeboompienek:

Daar was altyd twee bome aan weerskante van hier-die hoë nek. Die twee bome kon van baie ver gesien word en so het die nek dan ook sy naam gekry. Die verkleinings-vorm van boom word gebruik om twee redes. In die eerste plek vertoon die een boom klein op die groot afstand vanwaar die nek gewoonlik gesien word en tweedens is daar die klank van die woord. Ons ou mense het 'n baie fyn gevoel gehad vir mooiklinkende plekname en daarom word die nek Tweeboom-pienek genoem en nie Tweeboomnek nie. Vandag staan daar nog net een boom want 'n moedswillige kaffer het die ander een afgekap. Desnieteenstaande is die nek nog bekend as Tweeboompienek. Van die nek af het 'n mens 'n besondere

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitsig oor die plase in die Mootvallei en die wêreld in die omgewing van Wolhuterskop.



Tweeboompienek, met die een oorblywende boom duidelik aan die linkerkant sigbaar.

Wat die geskiedkundige waarde van hierdie nek verhoog, is 'n groot stapel klippe net in die nek. Hierdie hoop klippe moet ongetwyfeld dieselfde hoop wees wat kapt. Cornwallis Harris op die Magaliesbergggevind het. 8) Daar is baie navorsingswerk deur myself en ander persone in hierdie verband gedoen. Eers kon so-iets gladnie gevind word nie. Die gewoonte van die kaffers was om as hulle oor die nek gaan, 'n klip op te tel en dit met 'n groet op die hoop klippe te werp. Indien hulle dit nie gedoen het nie, sou 'n groot onheil die oortreder tref.

Die stapel klippe op Tweeboompienek dateer dus uit die jare voor 1834.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Die stapel klippe op Tweeboompienek.

19. Vaalkopspruit:

Hierdie spruit ontspring naby die Vaalkop op Nooitgedacht en vloei dan oor Hartebeestfontein 118. Die naam word verklaar onder die plaas Nooitgedacht.

20. Die Vaalsloot:

Hierdie sloot wat by Tweeboompienek feitlik begin, het sy naam gekry weens die valerigheid van die walle van die sloot.

21. Die Waterklofie:

In hierdie klofie in die Magaliesberg is daar 'n sterk fontein wat nog al die jare gevloei het. Weens sy waterrykheid is die klofie toe so genoem.

22. Oom Willem se spruit:

Dit word so genoem omdat oom Willem Engelbrecht vir baie jare baie na aan die sloot gewoon het. Selfs nou,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




nadat hy reeds oorlede is, word die spruitjie nog so genoem. Daar bestaan ook 'n ander naam vir die spruit nl. Cassim se spruit. Hierdie naam is gegee omdat Cassum, 'n Indiër, vir baie jare 'n winkeltjie naby die spuit gehad het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

91_i

# HARTEBEESTFONTEIN 119




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



HARTEBEESTFONTEIN 119.

Hierdie plaas is op die 24ste Augustus 1909 geregistreer in die naam van Maria Elizabetha Kloppers (geb. Oberholzer), die oorlewende vrou van B.A. Kloppers. Die rede waarom hierdie plaas in 1909 geregistreer is, is dat dit toe eers 'n plaas geword het. Van die groot Hartebeestfontein is 721 morge afgesny en van Bultfontein 1229 morge. Die twee gedeeltes saam vorm Hartebeestfontein 119.

Dit is interessant dat Sir Ernest en Lady Opperheimer 'n groot deel van Hartebeestfontein besit. Op die gedeelte wat Blue Bird Farm, genoem word, het die Opperheimers 'n luukse woning opgerig.

Die plaasnaam:

Aangesien hierdie plaas, Hartebeestfontein 119, oorspronklik deel was van 'n groot plaas met dieselfde naam, is die verklaring van die plaasnaam onder Hartebeestfontein 118, ook geldig vir Hartebeestfontein 119.

Plekname:

1. Groothoutboskloof:

Omdat hierdie kloof in die Magaliesberg baie dig bebos is, is dit so genoem.

2. Groothoutbosnek:

Aangesien daar net onderkant die nek 'n geweldige groot en digte bos in 'n kloof is, het die nek hierdie naam gekry.

3. Die Kareesloot:

Hierdie lopie is so genoem omdat daar baie kareebome langs die walle staan.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. Pampoenkraalnek:

Hierdie nek is amper op die grens tussen Hartebeestfontein 119 en Bultfontein. Die Noordelike gedeelte van Bultfontein wat as Pampoenkraal bekend staan, het natuurlik die naam vir die nek verskaf. Vir die herkoms van die pleknaam Pampoenkraal, moet die plekname van Bultfontein geraadpleeg word.

5. Papkuilspruit:

In hierdie spruit het daar vroeër dae baie papkuil gegroei. Vandag is daar nog op enkele plekke. Om hierdie rede is die spruitjie ook so genoem.

6. Peskloof:

Hierdie plek word ook Pessloot genoem. In hierdie diep klofie of sloot is al die beeste wat op die plaas aan Runderpes gesterf het, gegooi en die walle afgesteek om die diere te begrawe.

7. Die Rooikrans:

Op 'n sekere plek in die Magaliesberg, vertoon die ontblote klipkranse rooi van ver af. Om hierdie rede het die baie hoë krans die naam Rooikrans gekry.

8. Oom Willem se Spruit:

Die herkoms van hierdie naam is alreeds onder Hartebeestfontein 118 bespreek, aangesien die spruitjie op Hartebeestfontein 118 begin en dan oorswaai na Hartebeestfontein 119.

9. Die Witkoppie:


Orals op hierdie koppie lê daar groterige wit klippe rond wat van ver gesien kan word.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# BULTFONTEIN 120




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



BULTFONTEIN 120.

Hierdie plaas wat in die dae van die Republiek 'n Leningsplaas was, is op die 29ste September 1859 geregistreer vir G.J. Kruger. Dit is dieselfde persoon wat ook die plaas Hekpoort besit het. Later het dit in besit gekom van die bekende Voorsitter van die Volksraad in die Republiek, naamlik F.G.H. Wolmarans.

Die plaasnaam:

Hierdie plaasnaam is maklik om te verklaar aangesien die veld daar taamlik oneffe is, met 'n bultjie hier en daar. Dan is daar ook 'n aantal baie sterk fonteine op die plaas. In een van die baie ou aktes in verband met die plaas is daar ook 'n bepaling dat die gras om die fonteine nie gebrand mag word nie.

Die pleknarne:

1. Brakspruit:

'n Groot stuk van die grond waaroor die spruitjie loop, is baie brak van geaardheid.

2. Bultfontein se loop:

Dit is 'n groterige lopie wat na die plaas vernoem is.

3. Die Grootkloof:

Dit word so genoem omdat dit die grootste kloof is in die Magaliesberg op hierdie plaas.

4. Lynkloof:

Hierdie kloof is so genoem omdat dit vroeër op die lyn of grens was tussen Krugersdorp en Pretoria.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vandag staan daar nog 'n baken in hierdie kloof wat in die Witwatersberg geleë is.



Lynkloof.

5. Lynkloof se loop:

Hierdie lopie kom uit die Lynkloof en daarom word dit so genoem.

6. Modderspruit:

Wanneer dit reën en hierdie spruitjie vol is, is die water baie modderig.

7. Moepelkloof:

In hierdie kloof groei daar talle moepelbome, meer as in enige ander kloof op die plaas.

8. Moepelspruit:

Hierdie spruitjie word so genoem omdat dit uit Moepelkloof kom.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9. Moos se kloof:

'n Ou naturel met die naam Moos het vir baie jare in hierdie kloof gewoon.

10. Moos se loop:

Aangesien hierdie loop uit Moos se kloof kom, word dit so genoem.

11. Pampoenkraal:

Die Noord-Westelike gedeelte van Bultfontein aan die Magaliesberg word so genoem. 'n Ou kafferbeeswagter met die naam Pampoen het sy kraal of stat hier gehad en die gedeelte is na hom genoem.

12. Pampoenkraalkloof:

Hierdie kloof is geleë in die Magaliesberg op die gedeelte van die plaas wat bekend is as Pampoenkraal.

13. Rietvlei:

Die loop van hierdie spruitjie vorm 'n vlei en in vroeër dae het daar baie riete in hierdie vlei gegroei.

14. Sandsloot:

Die Sandsloot word so genoem omdat dit baie sand saamvoer met reëntye.

15. Die Vlei:

Omdat hierdie lopie baie moerassig is, staan dit so bekend.

16. Witkleikloof:

In hierdie klofie ontspring of begin die spruitjie wat bekend staan as die Witkleisloot.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




17. Witkleispruit:

In hierdie spruitjie word daar net soos in die Witkleisloot op Remhoogte, 'n witterige soort leiklip aangetref. Hierdie leiklip blus net soos kalk in water. Vroeër het die mense dit gebruik om hulle huise mee uit en af te wit. Vandag doen die naturelle dit nog steeds.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

97-i

# REMHOOGTE 40



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



REMHOOGTE 40:

Hierdie Eiendomsplaas is vir die eerste keer geregistreer in die naam van Petrus Jacobus Stephanus Venter op die 8ste Julie 1861. Oom Petrus Venter het uit die Colesbergse distrik gekom waar hy op die plaas Rooikoppies woonagtig was.

In April 1840 het hy hom op Remhoogte gevestig. Hy was een van die geselskap Voortrekkers wat saam met Hermanus Potgieter na die Mootvallei gekom het.

Die murasies van drie van sy opstalle is nog op die plaas te sien. Dit was almal gebou van plat leiklipstukke met klei tussenin, met mure tot twee voet dik. By die oprigting van die huis is daar ook van roustene gebruik gemaak.



Murasie~~s~~ van Petrus Venter se eerste woning op Remhoogte.

Naby hierdie ou murasie is ook nog die moete te sien van die eerste kraal. Hy het, volgens vertellings, meer as een leeu, van die stoep van sy woning, by die veekraal doodgeskiet.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Die moete van Petrus Venter se eerste veekraal op Remhoogte.

Na die dood van sy vrou is Petrus Venter getroud met die weduwee Potgieter. Al die kinders van beide kante het grond geërf. Vandag is Remhoogte, met enkele uitsonderinge nog 'n familieplaas, bewoon deur nakomelinge van die ou geslag.

Nog 'n verdere nalatenskap van die ou geslag is 'n watervoor wat uitgehaal is deur 'n ou inwoner, ene Koos Venter in 1905. Daar is al probeer om die rigting van die voor te verander en sodoende meer grond onder besproeiing te kry, maar so goed was dit beplan dat daar geen verbetering daarop moontlik was nie. Dit is werklik 'n uitnemende voorbeeld van Boere-vernuf.

'n Verdere kenmerk van die plaas is die groot hoeveelheid ou vrugtebome wat nog geplant is deur die eerste eienaar. Daar staan peer-, appel-, appelkoos-, lemoen- en okkerneutbome.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die plaasnaam:

Op hierdie plaas is daar 'n effense hoogtetjie wat bekend is as die Remhoogte. Die Strafkommando teen Silkaats het gevind dat dit die eerste plek was, nie by 'n berg of steil drif nie, waar hulle die remskoen moes gebruik. Aangesien dit merkwaardig was, is dit toe die Remhoogte genoem. Die eerste inwoner het ook gevind dat hy op die plek die remskoen moet gebruik, anders loop die wa onder die agterosse in en kan die osse die wa nie meer terughou nie.

Aan hierdie hoogtetjie waar die remskoen moes gebruik word, het die plaas dan ook sy naam te danke.



Die Remhoogte van onder gesien.

Plekname:

1. Bakenkloof:

Bo in hierdie kloof lê daar 'n reusagtige rotsblok wat wit vertoon en van baie ver gesien kan word. Op hierdie klip het Petrus Venter sy voorletters uitgekrap.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die kloof lê feitlik op die Remhoogte - Scheerpoort grens en die groot, wit rotsblok dien as baken tussen die twee plase.



Bakenkloof, met die wit rotsblok duidelik sigbaar.

2. Brakspruit:

Hierdie spruitjie staan ook bekend as die Braksloot. Dit word so genoem omdat dit deur brakgrond vloei.

3. Die Dopperdrif:

Hierdie drif word so genoem deur sommige van die plaasbewoners omdat dit vlakby die Gereformeerde- of Dopperkerk op Remhoogte is.

4. Du Plessisdrif:

Dit is 'n drif in die Magaliesrivier en is so genoem omdat daar baie Du Plessis's aan die Suidelike kant van die plaas gewoon het. Hulle het baie van hierdie bepaalde drif gebruik gemaak.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5. Die lappie bosse se loop:

Hierdie spruitjie loop verby 'n lap bosse en daarom is die lopie so genoem.

6. Miasfontein:

By hierdie fontein het een van die vroeëre bewoners met die naam van Mias Potgieter, sy plasie aangelê. Die fontein is toe ook na hom genoem.

7. Die Remhoogte:

Die plaas is na hierdie hoogtetjie genoem en die verklaring van die pleknaam word onder die plaasnaam gegee.

8. Rietspruit:

Langs die walle van die spruitjie staan daar vandag nog plek-plek riete. Vroeër jare was daar baie riete en daarom is die spruit so genoem.

9. Rietvlei:

In die vlei op die plaas, wat taamlik moerassig is, het daar lank gelede hoë riete en palmiet gegroei. So is die naam Rietvlei aan die lopie gegee.

10. Sandspruit:

Hierdie spruit is so genoem omdat dit in reëntye wanneer daar baie water afkom, dit baie sand afgebring het.

11. Skuinskloof:

Die kloof lê skuins in die Magaliesberg in, in teenstelling met die meeste ander wat reguit die berg inskiet.

12. Spitskloof:

Dit is 'n baie nou klofie wat met 'n skerp, spits punt na boon-toe loop.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



13. Die Swartspruitjie:

Die water in hierdie spruitjie is swarterig van kleur. Dit is te wyte aan die grondstruktuur.

14. Wildealskloof:

In hierdie kloof groei daar besonder baie wildeals en daarom staan dit so bekend as Wildealskloof.

15. Die Witkleisloot:

Hierdie lopie staan ook bekend as die Witleisloot en as die Wit(k)leispruit. In die spruit word 'n witterige leiklip gevind. As dit in water gegooi word, blus dit net soos kalk. Die gevolg is dat die water in die Spruit witterig van kleur is. Vroeër jare het baie inwoners hulle huise daarmee gewit. Vandag gebruik die naturelle dit. 'n Mens tref hulle baiemaal in die spruitbedding aan besig om stukke van hierdie witlei af te breek.



Die Witkleisloot.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




16. Wolfhuiskloof:

Hierdie kloof was oorspronklik bekend as die Wolwehok se kloof omdat ou oom Petrus Venter in hierdie kloof 'n wolwehok met klip gebou het. Die valdeur was van boekenhout. Hierdie hok, hoewel vervalle, kan nog in die kloof gesien word. Daar was baie wolwe in die Magaliesberg en baie het aan hulle einde gekom in hierdie hok.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

104-i

# SCHEERPOORT 60




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



SCHEERPOORT 60:

Hierdie plaas is op die 5de Maart 1857 geregistreer in die naam van A.J. Pelser. Later is die plaas verkoop aan Ferdinand Pieterse en aan die Wolmaranse.

Op die plaas woon vandag nog die oudste kleinseun van een van die voorsitters in die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek, nl. Mnr. F.G.H. Wolmarans.

Hierdie pragtige waterryke plaas beskik oor die waters van twee riviere nl., die Magalies- en Scheerpoort-riviere. Die plaas beskik ook oor 'n groot laerskool en is daar 'n ruim Verenigde kerk. Daar is teen die hange van die Magaliesberg ook 'n Griekse kerk gebou, aangesien omtrent die helfte van die plaas opgekoop is deur 'n Griekse skeeps-eienaar.

Scheerpoort was vroeër jare die nie-amptelike kerkplaas. Uit die vroegste dae van die nedersetting in die Moot is daar deur die Boere kerk gehou. Dit was die algemene gebruik in daardie dae om die fluksste seun te kies om as touleier te dien vir die „president", wat vir die mense in die Moot altans, Pretorius was. Die eerste twee jaar het 'n kortgeboude, lewendige seun die eer gehad. En hy was dit wat die „president" se wa by die lyn van Scheerpoort en De Rust, Pretorius se plaas, gaan haal het. Hierdie seun was die latere bekende F.G.H. Wolmarans.

Op hierdie plaas het die Volksraad van die Repu-blied voor die stigting van Pretoria ook bymekaar gekom. Van die 14de tot die 24ste Maart 1853 is daar bv., 'n Volksraadvergadering gehou.

Die Plaasnaam:

Net soos dit die geval is met Hekpoort, is hierdie plaas ook genoem na die poort in die Witwatersberg aan die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Suidekant van die plaas, nl. die Scheerpoort.



'n Blik op 'n gedeelte van Scheerpoort, met die Scheerpoort duidelik aan die regterkant op die agtergrond sigbaar.

Uit al die moontlike verklarings van die herkoms van hierdie naam, blyk daar een bepaalde feit. Die poortjie besuide die plaas, met sy lommerryke bome en helderskoon waterstroom, was 'n geliefkoosde afsaalplek van kommando's in die veld. Die eerste kommando, volgens oorlewering, wat in die Scheerpoort afgesaal het, was die Strafkommando teen Mzilikazi onder genl. Potgieter in die dertigerjare van die vorige eeu. Hierdie kommando het dan ook hoogswaarskynlik die poort sy naam gegee. Hulle het op 'n Sondag daar gerus en omdat die burgers te bebaard na Potgieter se sin gelyk het, het hy hulle beveel om hulle hare en baard te skeer.

Een ou inwoner van die Moot, beweer dat dit 'n kommando onder die bekende Kas Kruger is wat die plek sy naam besorg het. Die kommando sou 'n smous in die poortjie aangetref het en by hom het hulle skêre en kamme gekoop en

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. Die Bloubrug:

Hierdie staalbrug oor die Magaliesrivier is so genoem oor die vaal-blou kleur wat dit geverf is.

3. DeWetskloof:

Hierdie kloof is so genoem na die nek waaronder dit geleë is. Die nek staan bekend as DeWetsnek.

4. DeWetsnek:

Generaal de Wet, met 'n kommando van nagenoeg 1500 man, het Pres. Steyn van die Vrystaat vergesel na die Transvaalse Bosveld, waar hy vaarwel sou sê aan die gryse Staatspresident van die Z.A.R., Paul Kruger, voordat laasgenoemde na Europa sou vertrek tydens die Engelse oorlog.

Generaal de Wet het in die rigting van die Magaliesberg gemik en kort op sy hakke was daar die troepe van Lords Kitchener en Methuen. Die Engelse veldhere was seker dat hulle de Wet sou vaskeer aangesien al die oorgange in die Magaliesberg bewaak sou wees.

De Wet het eers in die rigting van Kommandonek gemik, toe teruggeswaai. As gevolg van 'n misverstand was Olifantsnek nie bewaak nie, en daar het de Wet deurgeglip. Nadat hy president Steyn op sy reis na Warmbad nog 'n entjie tot hy heeltemal veilig was, vergesel het, het generaal de Wet besluit om terug te keer na die Vrystaat met 'n kommando van nagenoeg 350 man.

Hierdie keer sou dit nie so maklik gaan nie, want al die groot nekke was deur sterk magte beset. Naby Wolhuterskop het hy met 'n groot mag slaags geraak en besef dat hy nou moet uitkom en haastig ook. Volgens sy eie vertelling, het die Generaal na 'n kafferhut aan die voet van die Magaliesberg gery. Hier het hy die ou kaffer gevra of 'n

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mens oor die klein nekkie wat hy van onder af net kon sien, sou kon gaan. Die ou kaffer het die Generaal verseker dat daar wel bobbejane oorgaan, maar nie mense nie. De Wet het sy burgers laat opruk en gesê dat dit die enigste weg is en dat waar 'n bobbejaan kan oorgaan, daar moet 'n mens dit ook kan doen. Vir die res van die vertelling gebruik ek die Generaal se eie woorde uit: Christiaan de Wet van J.D. Kestell. „Ons ruk toe op, ongemerk, so meen ek, in 'n lap bosse. Ons kom in 'n kloof, en daarin gaan ons suidwes op, buite gesig van die Engelse, totdat ons die helfte van die gebergte beklim het. Daar moes ons suidwaarts uit die kloof gaan, en in volle gesig van die vyand, verder die berg uitklouter.

‚Dit was so steil, dat daar geen kans was om op ons perde te ry nie. Die burgers moes hulle perde lei, en het die grootste moeite gehad om op hulle voete te bly. Dit het dikwels gebeur dat 'n burger val en agteruitgly onder sy perd in. Al swaarder en swaarder en swaarder het dit gegaan, totdat ons byna bo-op 'n groot granietplaat, so glad soos ys, kom, waar mens en dier nog meer struikel en gedurig val. ...... maar niks het gebeur nie. Die Engelse het op ons nie geskiet nie; hulle het ons ook nie agternagesit nie.

‚Ons het die top van die berg bereik - doodmoeg. Ek het vele berge beklim. Die ruwe rotswande van Majoeba het ek bestyg, op die steil sye van Nicholsonsnek het ek uitgekruip - maar ek was nog nooit so moeg as nou nie. Maar ek het 'n gevoel van voldoening diep in my gemoed, en al die swaar wat ons deurgeworstel het, was vergoed deur die pragtige gesig wat daar nou voor ons in die suide uitstrek. Dit was die oneffe veld tussen die gebergte waarop ons staan (die Magaliesberg - S.S.) en die Witwatersrand.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Deur 'n moot kon ons ver sien; en waar ons ook ons oog werp, was daar voor ons niks wat op 'n vyand lyk nie.

‚Daar dit nou te laat was om af te saal, begin ons nadat ons 'n weinig gerus het, die berg voor ons af te daal, om 'n plaas te bereik waar ons hoop om slagvee vir die manskappe wat nie alleen afgemat maar ook honger was, te kry.

‚Ons begin die berg af te daal gouer as ons hom beklim het, maar nie te gou nie, want dit was baie steil. Nog 'n anderhalfuur het dit geduur voor ons by 'n boerewoning kom. (Dit was op Remhoogte - S.S.). Elkeen kan dink hoe die burgers by die aandete die hart opgehaal het, en wat dit was om die moeë ledemate rus te gee.'" 9)

Hiervandaan is generaal de Wet oor die Krugersdorp- Potchefstroom-spoorlyn en so terug na die Vrystaat.

Dit is ook interessant om te sien wat Sir Frederick Maurice in sy History of the War in S.A. (1899 - 1902) van hierdie geval vertel: „His only hope was to cross the Magaliesberg at once, though all the passes were closed to him. Only a goat track led over the mountains, a path considered too steep even for cattle. But to the desperate band it was a road to safety; and leading their horses, they began to clamber up the precipitous slopes. Once more fortune favoured men so deserving of it." 10)

Hierdie gebeurtenis op Bokpadnek, soos die plek eers was, op die 19de Augustus 1900, het veroorsaak dat hierdie nek in die Magaliesberg die gepaste naam DeWetsnek gekry het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





DeWetsnek gesien van die Suidekant
van die Magaliesberg.

5. Die Diepsloot:

Hierdie besondere diep sloot kom uit 'n klofie net ten ooste van die Scheerpoort. Aangesien die walle op sommige plekke 40 - 50 voet hoog is, is dit maklik te verstane waarom dit as die Diepsloot bekend is.

6. Eerste- en Tweedefontein:

Uit die Lynkloof kom daar twee slote. Net onderkant die teerpad is daar twee fonteine wat in die slote vloei. Hierdie genoemde fonteine staan bekend as Eerste- en Tweedefontein.

7. Kafferspruit:

Aan die oewers van hierdie spruitjie is daar baie kafferstatte en daarom word dit so genoem. By enkele persone op Scheerpoort staan die spruitjie bekend as Blokspruit. Die herkoms van hierdie naam is onbekend.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



8. Kareesloot:

Al langs die walle van hierdie sloot groei daar baie kareehome en haas geen ander struik of boom nie. Daarom is dit ook Kareesloot genoem.

9. Klein Kromkloof:

Hierdie kloof, wat heelwat kleiner is as Kromkloof, wat net daar langsaan lê, lê met 'n kromming teen die Magaliesberg op. Die skuins vorm van die klofie, en in die tweede plek, aangesien dit nou en klein is, het dit die naam Klein Kromkloof laat ontvang.

10. Koedoeskloof:

In hierdie groot en wye kloof het daar vroeër jare baie koedoes saamgekom. Met die jare is hulle egter heeltemal uitgeskiet en slegs die naam wat vandag nog gebruik word, herinner aan hierdie trotse wildskoksoort wat ook in groot getalle in die Moot aangetref is.

11. Kokkiesgat:

Kokkie was 'n bekende Boesman op Scheerpoort en het tydens die Engelse oorlog by die Engelse sy hulp aangebied om perde te versorg. In die Scheerpoort rivier, net onderkant die nuwe brug, het hy na die diep waterkuil gegaan om die perde water te gee. Dit was ook sy gewoonte om saam met die perde te swem in die kuil. Op een of ander wyse het hy in hierdie maalgat verdrink en is op die wal van die rivier begrawe. Om hierdie rede, word die watergat, wat vandag natuurlik baie kleiner is aangesien die boere orals langs die rivier die water uitpomp, Kokkiesgat genoem. Later het steenmakers op die wal van die rivier onwetend op die kraf van Kokkie afgekom en is sy geraamte daar blootgelê. Daarna is hy elders herbegrawe.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Kokkiesgat in die Scheerpoortrivier.

12. Kromkloof:

Kromkloof en Klein Kromkloof is langs mekaar geleë. Weens die krom vorm van hierdie groot kloof het dit hierdie naam gekry.

13. Lynkloof:

Aangesien hierdie kloof feitlik op die lyn tussen Scheerpoort en De Rust lê, is dit so genoem.

14. Die Middelvoor:

Hierdie voor wat na die Engelse oorlog eers uitgehaal is uit die Magaliesrivier, word so genoem omdat dit in die middel van die plaas, van Wes na Oos strek.

15. Die Scheerpoort:

Die herkoms van die naam van hierdie poort aan die Suidekant van die plaas in die Witwatersberg, is reeds verklaar onder die bespreking van die plaasnaam.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Die Scheerpoort in die Witwatersberg.

16. Die Scheerpoortrivier:

Hierdie pragtige stroom wat hy die Magaliesrivier op Scheerpoort aansluit, is so genoem omdat dit vir 'n groot deel oor die plaas Scheerpoort vloei en ook omdat dit sy weg baan deur die Scheerpoort.



Die Scheerpoortrivier waar dit deur die Scheerpoort kronkel.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



17. Die Servituutkanaal:

Hierdie voor is in 1875 uit die Scheerpoortrivier gehaal deur 'n oom Koos Botha en ene Swart. Hierdie twee persone het 'n servituut of besitsreg op „voldoende water" uit die rivier. Aangesien hierdie Servituut vandag nog van krag is, word die kanaal so genoem. Daar word ook nog vandag gepraat van Bothas- en Swartswater. Die feit dat die hoeveelheid water wat die persone moes kry, nooit definitief bepaal is nie, veroorsaak natuurlik water moeilikhede.

18. Die Suidvoor:

Hierdie voor wat grotendeels die Pieterses se landerye besproei het, word so genoem omdat dit suid van die Magaliesrivier lê.

19. Waterkloof:


Hierdie klofie vorm aan die voet van die Magaliesberg, onderkant DeWetskloof. Aangesien 'n fontein die klofie van standhoudende water voorsien, word dit so genoem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

115-i

# DE RUST 19




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



DE RUST 19.

Die plaas De Rust het ook 'n ander amptelike benaming, naamlik Grootplaats. Die plaas het vroeër, dit is tussen die jare 1840 en 1849 ook 'n ander naam gehad, nl. Rhenosterdoorns. Hiervoor is die volgende Inspeksierapport uit die kantoor van Aktes voldoende bewys:

Inspectie Extract
van
Rhenosterdoorns
thans genaamd De Rust.

Naam van den Verzoeker:

P.A. Venter. P. Zoon.

De plaats genaamd Rhenosterdoorns gelegen aan Magaliesrivier; van daar Oostwaarts 30 minuten, Westwaarts 30 minuten, Zuidwaarts 30 en Noordwaarts 30 minuten. Daarna de hoekbakens aangewezen en opgerigt den 7 Augustus 1847.

G.J. Kruger
M.T. Redelinghuisen
H.P. Grobler
Inspecteurs. 11)

Oorspronklik was hierdie plaas in die besit van Louis van Wyk. Volgens ou transporte is die plaas aan hom geskenk deur W.A. Venter op die 17de Augustus 1841. Later het kommandant-generaal A.W.J. Pretorius die plaas van Louis van Wyk gekoop. Dit word vertel dat hy dit van hom geruil het vir 'n vers, 'n geweer en 'n gesoute perd.

Omrede die feit dat De Rust die plaas van Andries Pretorius was, is dit om geskiedkundige redes belangriker as die ander plase in die Mootvallei.

Andries Pretorius het in 1848 Natal met sy familie verlaat en na hierdie plaas getrek. Gustav Preller vertel

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in sy werk: Andries Pretorius, dat Pretorius die plaas Grootplaats en Rust der Ouden genoem het. [12] Dit was 'n fraaigeleë plaas op 'n soetdoringvlakte, in die hoek wat gevorm word deur die samevloeiing van die Krokodil- en Magaliesriviere, ongeveer drie uur te perd vanwaar Pretoria 'n paar jaar later sou totstand kom. Andries Pretorius het moontlik hierdie plaas uitgekies aangesien sy twee broers, Piet en Bart, hulle alreeds vroeër op die aangrensende plaas, Broederstroom, of soos dit vroeër bekend was, Rhenosterpoort, gevestig het.

Die Kommandant-Generaal se woning op Rust der Ouden was 'n eenvoudige hartbeeshuis wat benoorde die peer- en ander bome wat hy eiehandig daar geplant het, en wat vandag nog te sien is, gestaan het. Die oorblyfsels van hierdie huis is vandag verswelg deur die waters van die Hartebeestpoortdam. Die huisie was van klei en verdeel in drie vertrekkies sonder soldering. Dit was dan ook die eerste „Staatsargief". Dit was wel 'n primitiewe en natuurlik nie-amptelike argief, maar tog is daar belangrike staatsdokumente, onder meer die Retief-Dingaan traktaat in die palmietmure ingesteek. [13]

Eers na die Zandrivierkonvensie het Pretorius 'n gerieflike baksteenwoonhuis op Rust der Ouden laat bou. Twee Engelse ambagsmanne uit Natal: Willem Skinner en Lewis Devereau het die huis gebou. Dit was „'n baksteenhuis van sewe vertrekke, met ruime voorhuis, met spitse dak van tamboekiegras, hoë winkelhaak trappies, stoep, plankvloere, solder en groot kelder, terwyl die mure van plakpapier voorsien, wat destyds 'n besonderheid was." [14]

In hierdie huis, word dit vertel, het daar byna geen maaltyd verbygegaan sonder besoekers nie, en soms was daar van vyf tot tien vreemdes aan tafel. Paul Kruger was

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



een van hulle huisvriende. Andries Pretorius was 'n beminde en gesiene persoon, en aangesien die pad oor Kommandonek na Rustenburg kort onderkant sy aanleg verbygegaan het, het baie reisigers daar aangedoen.

Op Paardekraal, die plaas wat histories geword het met die Eerste Vryheidsoorlog, en een van die eerste plase was wat Pretorius in die Transvaal aangekoop het, het hy 'n groot perdeboerdery gehad. Op Rust der Ouden was dit ongesond vir perde. Hy het hom bepaal tot beeste, basterskape en saaiery. Die bodem was uitnemend geskik vir die verbouing van koring wat hy onder 'n voor uit die Magaliesrivier gesaai het. Die rivier het baie water gehad en so volop was water in die algemeen dat mense agter die Magaliesberg, by Wolhuterskop, met sukses rys en suikerriet verbou het.

Die plaasnaam:

Die eerste naam waaronder hierdie plaas bekend was, was Rhenosterdoorns. Aangesien die plaas op 'n soetdoringvlakte geleë was, is dit baie moontlik dat renosters in vroeër dae hier gehou het. Die feit dat die plaas Broederstroom, net besuide hierdie plaas, eers bekend was as Rhenosterpoort, verhoog die waarskynlikheid dat hier baie renosters was.

Andries Pretorius het die plaas, Rust der Ouden genoem. Hy het die naam dikwels op grapperige en skalkse wyse teenoor sy tweede vrou, wat maar baie jonk was, gebruik. Die naam ontstaan egter uit die gebruik van vriende en kennisse van hom, om op die plaas te oornag voordat die reis na Pretoria of na Rustenburg oor Kommandonek, hervat is. Van die samekoms van die „oues" het die plaas dan moontlik die naam „Rust der Ouden" gekry. Vandag is hierdie naam verkort en staan dit bekend as De Rust.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die plaas was en is nog vandag ook bekend as Grootplaats. As ons daaraan dink dat die plaas 5651 morge beslaan, dan verklaar dit die naam baie maklik. Grootplaats is een van die grootste plase in die Mootvallei.

Die plekname:

1. Die Aasvoëlkranse:

Hierdie kranse strek oor die De Rust-Scheerpoort grens in die Magaliesberge. Daar is honderde aasvoëls wat hulle neste teen hierdie hoë kranse het en daarom staan dit ook bekend as die Aasvoëlkranse. Dit is interessant dat 'n sekere groep studente hulle lewens teen hierdie kranse waag om ringe om die pote van klein aasvoëltjies te plaas om sodoende later meer te wete te kom van die aasvoëllewe.



Die Aasvoëlkranse vanaf De Rust gesien.

2. Die Blousloot:

Die sloot begin in die Witwatersberg en loop uit in die Hartebeestpoortdam. Eers vloei dit oor 'n sanderige bedding en dan oor 'n blouerige leiklipformasie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Damsig:

Dit is 'n Spoorweghalte op die plaas vanwaar 'n mens 'n mooi uitsig op die Hartebeestpoortdam het. Dit is 'n naam van jonge datum.

4. Heuningkloof:

In hierdie kloof word daar talle byneste aangetref. Dit is 'n gebruik om die heuning jaarliks daar te gaan uithaal.

5. Horingkloof:

Hierdie kloof in die Witwatersberg word so genoem omdat dit die vorm van 'n beeshoring het.

6. Die klein nek:

Dit is 'n nek in die Witwatersberg, net ten weste van die Broederstroomnek. Daar gaan 'n voetpad oor die nek wat maar baie vlak en laag geleë is.

7. Die klein nekkie:

Hierdie nekkie lê in die Magaliesberg net ten weste van Kommandonek. Dit is so genoem omdat dit kleiner is as Kommandonek.

8. Kommandonek:

Hierdie bekende nek in die Magaliesberg is reeds in die vroegste dae van die nedersetting in die Mootvallei deur die verskillende kommando's gebruik. Vroeër jare was dit die mees gebruikte oorgang oor die Magaliesberg. Deur die Krokodilrivier, oor Pretorius se plaas en oor Kommandonek was die kortpad na Rustenburg.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Kommandonek vanuit die Moot gesien.

Tydens die verskillende Kafferoorloë en die Eerste Vryheidsoorlog het baie kommando's van hierdie nek gebruik gemaak. Dit was die pad wat deur president Kruger as Veldkornet, Kommandant-Generaal en as President van die Republiek gebruik is.

Dit was vir my onmoontlik om vas te stel watter kommando eerste van die nek gebruik gemaak het. Die eerste was moontlik die Strafkommando teen Mzilikazi in die dertiger-jare van die vorige eeu. Of hulle die nek so genoem het, is gladnie seker nie.

Een van die oudste inwoners het my verseker dat die naam eers later aan die nek gegee is, en wel in 1863. In daardie tyd was M.W. Pretorius ook President van die Vrystaat. Die waarnemende president in die Transvaal, Schoeman, het 'n verkiesing uitgeskryf vir die betrekkings President en Kommandant-Generaal.

Baie van die inwoners van die Republiek wou Willem van Rensburg as President hê en Kruger as

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kommandant-Generaal. Daar het onenigheid gekom oor die wyse van verkiesing. Daar was sprake van grondwettelike kwessies en onwettige kieslote. Kruger het met 'n kommando van 700 man na Pretoria gekom. Schoeman het na Potchefstroom gevlug. Kommandant-Generaal Viljoen het die mense weer bymekaargemaak en die twee kommando's tref mekaar net benoorde die Magaliesberg naby Kommandonek. Nadat 7 gedood en 20 gewond is, het die twee partye weer vrede gemaak onder die historiese Kareeboom aan die hoofpad na Brits. 15) Aangesien die kommando's oor en weer oor hierdie nek gery het, is dit toe Kommandonek genoem.

Ek glo egter dat die naam reeds voor 1863 gebruik is en dat dit tog verband hou met die Strafkommando teen Mzilikazi. Ek is hiervan oortuig omdat daar in hierdie omgewing 'n paar name is wat wel deeglik deur daardie kommando gegee is. So is daar die Scheerpoort, die Remhoogte en Silkaatsnek. Dit is dus moontlik dat daardie kommando van hierdie nek gebruik gemaak het en dat dit op daardie wyse die naam Kommandonek gekry het.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is Kommandonek streng bewaak en het die Engelse vier forte gebou om dit te bewaak. Daar is drie aan die oostekant van die nek en 'n vierde is aan die westekant. Die klipfort naby die pad is baie beskadig, maar die wat hoër-op teen die berg geleë is, is nie so vervalle nie.

Aangesien daar vroeër jare, en natuurlik tans ook, baie van die nek gebruik gemaak is, is die naam bestendig en is dit oor 'n veel groter gebied bekend as ander plekname waaraan geen historiese gebeurtenisse verbonde is nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Die erg-beskadigde fort naby die pad
oor Kommandonek.



Die klipfort hoër-op teen die berg ten ooste
van Kommandonek.

9. Moos se kloof:

Hierdie kloof word so genoem omdat daar vir baie jare 'n ou kaffer met die naam van Moos in die kloof gewoon het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



10. Morok se kloof:

Net soos die geval met Moos se kloof, wat ook in die Witwatersberg geleë is, was daar in hierdie kloof 'n ou kaffer met die naam van Morok woonagtig.

11. Die Ou kraal:

Hierdie kraal teen die Witwatersberg geleë, was moontlik een van Mzilikazi se krale. Dit kan nog baie duidelik gesien word en die gedeelte van die berg word deur almal maar die Ou kraal genoem.

12. Die Ou werf/Plaas:

Dit is die gedeelte van De Rust, naby die Hartebeestpoortdam, waar Andries Pretorius se ou opstal was.

13. Die Spruit:


Aangesien hierdie lopie uit die Witwatersberg geen besondere kenmerke het nie, is dit net bekend as die Spruit.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

124.

# HARTEBEESTPOORT 68




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



HARTEBEESTPOORT 68.

Hierdie oorspronklike Eiendomsplaas is op die 24ste Januarie 1860 geregistreer vir J.J. Klopper. Later was 'n sekere J.C. Kok die eienaar en in 1889 het dit in die besit gekom van J.C. en G.J. Kok en H.J. Schoeman. Hierdie H.J. Schoeman was niemand anders nie as die bekende generaal Hendrik Schoeman.

Die Schoemans het later die plaas verloor. Mnr. Johan Schoeman, 'n seun van die Generaal, het hom egter beywer om die plaas weer terug te koop. Hy woon nou op die laaste deel van die oorspronklike plaas wat hy teruggekoop het en daarom noem hy die plek Uiteindelik.

'n Groot deel van die oppervlakte van die plaas word tans beslaan deur die Hartebeestpoortdam. Om die dam is daar ook met die tyd dorpies en kleinhoewes aangelê. Daar woon baie mense om die Hartebeestpoortdam en vandag is daar ook 'n groot skool. Dit is na een van die grootste inwoners van die plaas vernoem. Daardie skool heet die Generaal Hendrik Schoemanskool. Hoewel daar vroeër 'n vlek gerus het op die naam van Hendrik Schoeman, is dit vandag in ere herstel as gevolg van die onvermoeide ywer van sy seun Mnr. Johan Schoeman.

Vroeër jare was die plaas baie digter bebos en was daar ook baie wild. Oorstromings en vloedwaters het baie groot bome meegesleur en in die Engelse oorlog het kampe van Engelse troepe en kaffers die plaas gestroop.

Die Plaasnaam:

Hoewel Hartebeestpoort die amptelike naam is van hierdie plaas, is dit nie die enigste amptelike naam nie. Dit staan ook bekend as Die Poort van Magaliesberg.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar het egter iets baie eienaardigs met die amptelike naam Hartebeestpoort gebeur. Op die oudste kaart van die plaas by die Kantoor van Aktes, gedateer Februarie 1880, word die plaas genoem Hartbeestepoort en nie Hartebeestpoort nie. Die verskuiwing van die e het blykbaar ongemerk plaasgevind. Dit wil egter lyk of Hartbeestepoort die amptelike naam behoort te wees.

Volgens vertellings was daar vroeër jare baie hartbeeste op die plaas. Hierdie gedagte is gekoppel met die groot poort in die Magaliesberg en so het die naam Hartbeestepoort ontstaan.


<u>Die Plekname</u>:

1. <u>Broederstroomloop</u>:

Hierdie spruitjie word so genoem omdat dit oor Broederstroom vloei voordat dit in die Erfspruit inloop.

2. <u>Broederstroomnek</u>:

Hierdie nek is so bekend aangesien dit die plaas Broederstroom met die Mootvallei verbind.



Broederstroomnek gesien van die Broederstroom-kant, suid van die Witwatersberg.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Cloisterkop:

Medewerkers meen dat die kop so genoem is omdat die eienaar se vrou Rooms-Katoliek van geloof is.

4. Die Erfspruit:

Die gedeelte van die plaas waaroor hierdie spruitjie vloei, het aan Tom Nefdt behoort. Die plek was altyd bekend as Die Erf en daarom is die spruitjie so genoem.

Die Erfspruit.

5. Harmonie:

Hierdie deel van die plaas wat uit klein hoewes bestaan, lê teen die Magaliesberg. Mnr. Johan Schoeman wat die naam gegee het, sê dat hy die plek altyd Berghof noem omdat dit so mooi teen die berg geleë is.

6. Die Hartebeestpoort:

Dit is die poort waarin die damwal van die Hartebeestpoortdam lê. Hierdie poort, waar die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Krokodilrivier eers deurgevloei het, is so genoem omdat daar vroeër dae baie hartebeeste in die omgewing gehou het.

7. Die Hartebeestpoortdam:

Hierdie dam is aangelê in die Hartebeestpoort en strek oor die plaas Hartebeestpoort. Om hierdie twee redes is dit so genoem. Waar die Krokodilrivier deur die poort gevloei het, was hy taamlik sterk. Daar was die deurgang baie eng, met hoë kranse aan weerskante wat byna loodreg opstyg. Die plek was asof voorbestem deur die natuur vir 'n reusagtige dam. Die werk is in April 1921 aangepak en in April 1926 is dit afgehandel.

Generaal Hendrik Schoeman het baie jare vroeër die voorstel in verband met 'n dam alhier aan President Kruger gedoen, maar weens geldtekort kon nie daaraan geraak word nie. In die Krokodilpoort het die Generaal self 'n dam gebou. In 1909 het die damwal van die eerste groot dam op Hartebeestpoort weggespoel.



Die Hartebeestpoortdam.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



8. Kosmos:

Hierdie dorpie is teen die kop aan die westekant van die Hartebeestpoortdam geleë. Die naam is deur Mnr. Johan Schoeman gegee en in verband met die naamgewing vertel hy die volgende. Een maanligaand het hy in 'n skuitjie na die kop geroei. Van die berg af het hy 'n pragtige gesig oor die dam en omliggende omgewing gehad. Alles was vreedsaam en so in teenstelling met die wanorde en woelinge van die wêreld. Daarom het hy die plek Kosmos genoem, 'n woord wat orde of heelal beteken, en 'n direkte teenstelling is van die woord chaos.

9. Krokodilpoort:

Hierdie poort in die Witwatersberg word so genoem aangesien die Krokodilrivier daar deur die Mootvallei binnevloei.



Die Krokodilpoort in die Witwatersberg met die Magaliesberge op die agtergrond.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 10. Krokodilrivier:

Hierdie groot rivier wat die Mootvallei deur die Krokodilpoort binnestroom en in die Hartebeestpoortdam invloei was aan die oudste reisigers bekend as die Limpopo, Odi, Oori of Ooli. Vandag noem die naturelle wat daar naby woon dit nog die Odi en sê dat hulle daarmee bedoel: Die koning se rivier. 'n Ander verklaring van die naam is: Ek sê, daarmee bedoelende dat die rivier soveel water het, dat hy die laaste sê het of jy kan deurkom of nie.

Dit het die naam Krokodilrivier ontvang omdat daar so baie Krokodille in die water geboer het.

In sy Wild Sports of Southern Africa, beskrywe Harris die vloei van die stroom: „rolling its deep and tranquil waters between tiers of weeping willows, through a passage in the mountain barrier." 16)



Die Krokodilrivier.

Die toneel op die walle beskryf hy net so mooi: „The airy acacia is still pre-eminently beautifull. Green and shady

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



belts, bedizened with golden blossoms and purple pods, or fringed with the cradle nests of the pensile grosbeak, extend on either side." 17)

Van dieselfde rivier skrywe Moffat in sy Matabele Journals: „Towards evening we came to the Oori river, a pretty large stream in which the hippopotamus and crocodile sport in multitudes." 18)

11. Meerhof:

Dit is ook 'n klein dorpie aan die Hartebeestpoortdam. Mnr. Johan Schoeman praat egter altyd van die dam as die meer en daarom is die pragtig geleë plekkie so genoem.

12. Melodie:

Dit bestaan uit 'n aantal klein landbouhoewes. Die naam is gekies om te pas by Harmonie. Al die paaie deur die aanleg dra die name van groot komponiste.

13. Nefdt-halte:

Hierdie halte is geleë op die gedeelte van die plaas wat vroeër aan oom Tom Nefdt behoort het. Na sy afsterwe het sy dogter, wat met Dr. Wagner getroud is, die plek geërf. Die halte is na hierdie dogter genoem.

14. Poet's Dream:

Dit is 'n besondere mooi plek in die Witwatersberg vanwaar 'n mens 'n pragtige uitsig oor die Hartebeestpoortdam het.

15. Schoemansville:


Die dorpie is so genoem ter ere van een van die eerste besitters van Hartebeestpoort, naamlik generaal Hendrik Schoeman. Oorspronklik was dit nie bekend as Schoemansville nie, maar wel as Schoemansrus.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

131-i

# SYFERFONTEIN 24




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SYFERFONTEIN 24.

Syferfontein is 'n baie klein plasie - 782 morge. Oorspronklik was dit 'n Leningsplaas en op die 23ste Februarie 1871 is dit geregistreer vir Pieter Johannes Vorster.

Vandag beskou die mense van daardie omgewing Syferfontein amper nie as 'n aparte plaas nie, maar sluit dit in by Hartebeestpoort.

### Die Plaasnaam:

Op die plasie is daar 'n paar fonteine wat nie sterk is nie. Dit is of die water meer uitsyfer uit die grond as wat dit opborrel. Om hierdie rede is die plaas dan ook Syferfontein genoem.

### Die Plekname:

1. Engelbrechtloop:

Hierdie spruitjie staan bekend as Vroliksspruit op die plaas Rietfontein. Hier word dit Engelbrechtloop genoem aangesien dit op Engelbrechtgrond ontspring en vir die grootste deel oor hulle grond vloei.



Engelbrechtloop.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. Jonkmanspruit:

Vir die verklaring van hierdie naam sien die gedeelte oor die plaas Rietfontein.

3. Silkaatsnekloop:


Hierdie lopie word so genoem aangesien dit sy oorsprong het bo in Silkaatsnek.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# RIETFONTEIN 28




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



RIETFONTEIN 28:

Hierdie plaas is op die 28ste September 1859 geregistreer in die naam van Willem Johannes Prinsloo. Op die 10de Oktober van dieselfde jaar het Susara Elizabeth Mocke (geb. Nell) in besit daarvan gekom.

In April 1897 is hierdie plaas in twee verdeel met die Swartspruit as die middelgrens. Die deel suid van die Swartspruit was in die hande van J.H. Steenkamp en die deel benoorde die spruit het aan C.J. Engelbrecht behoort. Die deel benoorde die Swartspruit het egter lank voor genoemde datum reeds aan oom Kerneels Engelbrecht behoort. In die ou plaaskerkhof is sy graf aan my getoon met die volgende grafskrif op die steen:

Hier rus
Ons liewe vader en grootvader
'n Voortrekker
Cornelius Johannes
Engelbrecht
Geb. 14 Okt. 1823.
Oorl. Jan. 1915.
Ges. 82:1.

Dit was baie treffend dat 'n groot gedeelte van die plaas vandag nog aan die Engelbrechts behoort. Dit is 'n seldsame verskynsel dat 'n ou familieplaas nie in vreemde hande geval het nie.

Oorspronklik was daar 'n klein stukkie uitvalgrond wat bekend was as Uitval 75. Hierdie grond lê benoorde Rietfontein en is feitlik 'n deel van die Magaliesberg. Hierdie stukkie uitvalgrond waarop Silkaatsnek ook geleë is, was tot in Augustus 1895 Goewermentsgrond. Daarna het dit

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in besit van die Engelbrechts gekom. Aangesien hierdie stukkie grond feitlik deel geword het van Rietfontein, sluit ek dit by die plaasbespreking in.

Op hierdie plaas het daar gedurende die Engelse oorlog 'n baie groot laer gestaan en was daar ook 'n groot hospitaalkamp. Daar is ook 'n groot Engelse oorlogskerkhof waar die troepe wat gesneuwel het in die slag van Nooitgedacht in 1900, begrawe is.

Die Plaasnaam:

Op die gedeelte van die plaas wat aan die Engelbrechts behoort het, en nog behoort, ontspring daar 'n spruitjie met die naam Vrolikspruit of Engelbrechtloop. Die oog van die spruitjie is 'n hele klomp fonteine wat sommer na aan mekaar ontspring. Hierdie oog was vroeër dae baie dig begroei met hoë riete en palmiet en daarom het die plaas die naam Rietfontein ontvang.

Plekname:

1. Aasvoëlkrans:

Hierdie hoë krans is die boerplek van aasvoëls wat hulle neste daar bo-op het. Om hierdie rede is die uiters moeilik beklimbare krans so bekend.

2. Draaipaadjiekop:

Bo-op hierdie kop wat ten ooste van Silkaatsnek geleë is, was daar gedurende die Engelse oorlog, 'n fort van die Britse magte. Om hulle voorrade daar bo te kry, het hulle 'n paadjie teen die kop uitgebaan wat al slingerende na bo gelei het. Aangesien die 'draaipaadjie' baie duidelik van ver gesien kon word, het die kop die naam Draaipaadjiekop gekry.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Drupkrans:

Bo in hierdie krans in die Magaliesberg is daar 'n breë en diep gat. Daar agter in, van die dak of, drup daar altyd water. Dit is dan ook die rede vir die naam Drupkrans. Net voor die Engelse oorlog het 'n klomp jong seuns gaan bergklim en in hierdie grot vyf baie ou gewere, 'n klompie patrone en 'n paar vetkerse gevind.

4. Grootkloof:

Hierdie kloof in die Magaliesberg is die grootste van al die klowe op die plaas en daarom is dit dan ook Grootkloof genoem. Hierdie diep kloof lê net ten ooste van Draaipaadjiekop.

5. Jonkmanspruit:

Op die kaart word hierdie spruit aangegee as Swartspruit. Net soos op Hekpoort dit die geval is met die Swartspruit daar, het hierdie Swartspruit ook drie name.

Op Rietfontein en Syferfontein waarna die spruitjie in die Hartebeestpoortdam stroom, is dit bekend as Jonkmanspruit. Op die plaas Kameeldrift, wat hoër op lê, is dit bekend as Swartspruit, en op Boekenhoutkloof, waar dit ontspring, ken die mense dit as Likkewaanspruit.

Die verklaring vir die naam Jonkmanspruit, wat as Yongmanspruit op 'n ou kaart van Rietfontein voorkom, is dat in vroeër dae 'n jonkman by 'n nooi besoek sou gaan aflê het. Oppad daarheen het hy met kisklere en al in hierdie spruitjie geval. Aangesien die voorval vir die plaasmense baie grappig was, het hulle die spruitjie Jonkmanspruit genoem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Jonkmanspruit.

6. Levi se kloof:

In hierdie kloof in die Witwatersberg, het daar vroeër vir baie jare 'n ou kaffer gewoon met die naam Levi. Nou, nadat hy alreeds dood is, is die kloof maar nog bekend as Levi se kloof.

7. Longmeadow:

Dit was die naam van die gedeelte van die plaas waarop 'n prokureur, met die van Klein, gewoon het. Die Spoorweghalte het later dieselfde naam ontvang.

8. Mei se nek:

Oor hierdie nek in die Magaliesberg gaan daar slegs 'n voetpad. Vroeër jare het jongmense baie van die nek gebruik gemaak om aan die anderkant van die berg te gaan kuier.

Die uitspraak van hierdie nek se naam het veroorsaak dat die herkoms van die naam eers na baie ondersoek

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vasgestel kon word. Sommige persone noem dit Meisiesnek, Meisnek of Muisnek. Een persoon het selfs gesê dat die nek so genoem is omdat daar uitermate groot veldmuise aangetref is. Daar is egter 'n heel ander, en dan ook die korrekte verklaring vir die naam Mei se nek. Aan die voet van die nekkie het 'n ou naturel met die naam van Mei gewoon. Hierdie naam vir 'n kaffer, hoewel die name Januarie of liewer Jannewarie, April en September volop is, word nie baie aangetref nie. Dit was dan ook die gebruik om te sê: „Ons sal by ou Mei se nek oor die berg gaan."



Mei se nek in die Magaliesberge.

9. Nols se kloof:

In die kloof op die gedeelte van die plaas waar prokureur Klein later gewoon het, het eers ene Nols Coetzee gewoon. Om hierdie rede is die kloof toe so genoem.

10. Die Putjies:

Dit is 'n klein klofie net ten ooste van die Groot kloof. In hierdie klofie is daar orals klein putjies gemaak waaruit klei van verskillende kleur gehaal is. Die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ou inwoners het vier tot vyf kleure daar uitgehaal soos bv. rooi, blou, wit en grys.

11. Roos se Dorings:


'n Lap doringbome aan die kant van 'n lopie waar 'n kêrel met die van Roos, dikwels met sy vee gestaan het.

12. Roos se Loop:

'n Persoon, Roos, het altyd van die Hoëveld gekom met sy vee en by die lopie oorgestaan.

13. Saartjiesnek:

Oor Saartjiesnek gaan daar 'n teerpad wat lei na die Hartebeestpoortdam. Bo van die nek af het die reisiger een van die mooiste gesigte op die Hartebeestpoort in die Magaliesberg.



Die Moot vanaf Saartjiesnek gesien.

Die naam Saartjiesnek is egter nie net beperk tot die nek oor die Daspoortrant nie, maar die Spoorweg-halte aldaar word so genoem en ook die gedeelte van die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plaas tussen Jonkmanspruit en die Daspoortrant.

Die verklaring van die naam Saartjiesnek het van al die plekname in die Groot Moot, die meeste moeilikheid opgelewer.

Adv. George Findlay, Q.C., van Pretoria wat intens belangstel in die voorgeskiedenis van Pretoria en omgewing, is van mening dat Saartjiesnek, die ver-Afrikaanste vorm is van Sergeant's Nek, 'n naam wat voorkom, volgens hom, op kaarte van Britse kant uit die Engelse oorlog. Dit word egter omvergewerp deur getuienis van die oudste inwoners wat my almal verseker het dat hierdie plek as Saartjiesnek bekend was lank voor die Engelse oorlog. Ek meen dat die Britse troepe juis die Afrikaanse naam ver-Engels het.

Baie grappig is een verklaring wat ek moes aanhoor. Aangesien Silkaatsnek en Saartjiesnek feitlik reg teenoor mekaar geleë is, meen hulle dat daar 'n verband is, en Saartjie dan een van Silkaats se vrouens sou gewees het.

Die volgende verklaring van die naam Saartjiesnek, is sonder twyfel die juiste. Op die deel van die plaas, dit is tussen Jonkmanspruit en die Daspoortrant, het daar in die beginjare van Rietfontein, die Mockes gewoon. Die plaas is ook op die 10de Oktober 1859 geregistreer in die naam van Susara Elizabeth Mocke (geb. Nell). In 1877, volgens 'n ou kaart van Jeppe, het die Mockes nog daar gewoon.

Later het die Mockes uitverkoop en op hierdie vendusie, het 'n sekere Smit die Mocke-familiebybel gekoop. Ek het die voorreg gehad om hierdie ou Statebybel te sien. Die eerste inskrywing in die Familieregister was die volgende:

S.G. Mocke getroud met S.E. Nel op
3 April 1831.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die opstal van die Mockes was teen aan die Daspoortrant en in die klofie wat opskiet na die nek. Die plek was eers bekend as Tant Saartjie se kloof en later as Saartjieskloof. Daar het 'n voetpad oor die nek gelei en later is dit baie gebruik deur die plaasbewoners en besoekers. Op hierdie wyse het die naam Saartjiesnek die vroeëre naam Saartjieskloof verdring. Met alle sekerheid kan ek dus beweer dat die plek genoem is na Saartjie Mocke wat aan die voet van die nek in die klofie woonagtig was.



Saartjiesnek gesien van besuide die Daspoortrant.

14. Sewanie se kraal:

Hierdie ou kraal lê aan die voet van Draaipaadjiekop, net ten ooste van Silkaatsnek. In die ou bouvalle het daar vroeër 'n kafferkaptein met die naam van Sewanie gewoon. Hoewel onbewoon, is die plek vandag nog so bekend.

15. Silkaatsnek:

Nadat Mzilikazi die onmiddellike omgewing van Pretoria verlaat het, het hy hom in die Hartebeestpoort-omgewing gevestig. Op Silkaatsnek, wat natuurlik na

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie Matabele-opperhoof genoem is, het hy 'n groot brandwagstat gehad. Vandaar af het sy krygers baie ver kon sien en so maklik die alarm gee as daar 'n aanval dreig. Wanneer 'n mens met die teerpad na Brits reis, kan van die ou krale nog onderskei word teen die berg-hange op Silkaatsnek.



Silkaatsnek.

In 'n slag op hierdie nek gedurende die Engelse oorlog, het generaal de la Rey 'n groot aantal Britse soldate gedood en gevange geneem.

16. Silkaatsskavot:

Die hoë, regop krans ten weste van Silkaatsnek is so bekend. Dit word so genoem omdat Mzilikazi dit as 'n teregstellingsplek gebruik het. Van sy onderhoriges wat nie sy bevele gehoorsaam het nie, is tot bo-op hierdie krans gelei. Daar is hulle voete en hande vasgebind en is hulle die diepte ingewerp om te sterwe op die rotse ver benede.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Silkaatsskavot.

17. Spookplaas:

Die gedeelte Longmeadow, waar prokureur Klein gewoon het, staan vandag onder die plaasmense bekend as Spookplaas. In die bouvallige ou huisie waarvan alle vensters, deure en sinkplate deur boosdoeners verwyder is, het prokureur Klein op tragiese wyse aan sy einde gekom. Byna twintig jaar gelede, het die prokureur as gevolg van geldelike moeilikhede, na die plekkie gevlug en daar gif gedrink. Na die tragiese gebeurtenis het niemand weer daar gaan woon nie, en geen naturel sal dit na sononder in daardie omgewing waag nie, omdat dit dan daar sou spook.

18. Vroliksprujt:

Hierdie spruitjie ontspring op die Engelbrechtdeel van Rietfontein. By mense van ander plase, bv. Hartebeestpoort, staan dit ook bekend as Engelbrechtloop. Die naam Engelbrechtloop is maklik verklaarbaar aangesien die deel van die plaas waaroor dit loop aan die Engelbrechts behoort het en nog behoort. Die naam Vroliksprujt verklaar die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bewoners as volg. In hierdie spruitjie was daar pragtige vis, en menige dag het die bewoners in vrolike stemming by die gate kom visvang. As gevolg van die vrolike en aangename tydjies by die spruitjie het dit die naam Vrolikspruit gekry.

19. Vrymansholte:

Hierdie holte of duik aan die voet van die Magaliesberg, is so genoem omdat 'n os met die naam van Vryman altyd hierdie holte uitgekies het om te gaan wei.

20. Xanadu:

Dit is 'n spoorweghalte op die plaas wat tot onlangs verkeerdelik Sanadu gespel is. Adv. Findlay, Q.C. van Pretoria, se vader het vroeër hierdie gedeelte van Rietfontein besit. Met die bou van die spoorlyn is hy gevra om 'n naam aan die halte te gee. Aangesien Mnr. Findlay Snr., altyd met 'n groot, breërand hoed op die plaas rondgeloop het, het sy kinders hom Kubla Khan genoem. Die stasie is toe Xanadu genoem na aanleiding van die volgende reëls in Samuel T. Coleridge se gedig: „Kubla Khan":

„In Xanadu did Kubla Khan
A stately pleasure-dome decree."


Die spoorweë wou aanvanklik nie die spelling met 'n X toelaat nie, aangesien daar haas geen X in Afrikaans is nie, en dit die uitspraak vergemoeilik. Daarom is dit eers Sanadu gespel en slegs onlangs na die regte Xanadu verander.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# KAMEELDRIFT 82




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



KAMEELDRIFT 82.

Hierdie oorspronklike Leningsplaas is op die 23ste Januarie 1858 geregistreer by die Kantoor van Aktes vir Bart Jacobus Fourie. Later het dit 'n Smit-plaas geword, maar eers op die 17de Oktober 1872 toe die plaas weereens gemeet is vir 'n sekere L. Smit. Van hierdie Smits het die stamvader Jan Smit in 1680 uit Holland na Suid-Afrika gekom. Van sy nageslag het L.J.B. Smit, wat op die 22ste September 1820, gebore is, hom as Voortrekker hier gevestig. Hy was, na vertelling, die oorspronklike bewoner van Kameeldrift. Later het hy egter na Ohrigstad getrek. In later jare het hy weer teruggekeer na die Groot Moot en hom weer op dieselfde plaas gevestig. Vandag woon van sy nageslag nog op die plaas. Dit is interessant om te noem dat die Voortrekkerwa van L.J.B. Smit vandag in die Krugersdorpse Museum staan.

Die plaasnaam:

Die plaasnaam is afkomstig van die naam van 'n drif deur die Swartspruit. Hierdie drif, wat nog gesien kan word, word vandag nie meer gebruik nie.

Wanneer 'n mens oor hierdie plaasnaam dink, kom daar twee moontlikhede in die gedagte:

(a) Kameeldoringbome by 'n drif of
(b) 'n Voorval met 'n kameelperd by 'n drif.

Uit nadere ondersoek het die tweede gedagte die regte verklaring blyk te wees.

In die veertigerjare van die vorige eeu het 'n klomp jong mans 'n kameelperd by die drif in die Swartspruit opgemerk. Hulle het as 'n groep gegaan en die kameel, soos ons voorgeslag die kameelperd genoem het, daar doodgeskiet,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



net benoorde die drif. As gevolg van die doodskiet van die kameel naby hierdie drif, het die drif die naam Kameeldrift ontvang en is die plaas later na die drif genoem.

Hoewel daar ook wilde kameeldoringbome staan, wat onder die boere bekend staan as Pampoendoring, het dit niks te doen met die naam Kameeldrift nie.



Waar die „Kameeldrift" vroeër jare deur die Swartspruit was.

Die Plekname:

1. Aasvoëlkrans:

Hierdie krans word so genoem omdat dit wit vertoon van die aasvoëlmis. Talle aasvoëls het ook hulle neste bo teen die krans.

2. Die Braksloot:

Die sloot is so genoem omdat die grond waar dit deur vloei brakkerig van geaardheid is.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Die Dubbele Kloof:

Dit is asof hierdie groot kloof twee takke het en daarom is dit so genoem. Die ou inwoner, oom Louw Smit het hierdie kloof gebruik om van sy osse in te hou. Die uitgang kon maklik versper word met afgekapte bome en dan was daar geen uitkomkans nie. Met 'n sneeuval, iets sonderlings vir die Moot, het hy tussen 60 en 70 van sy osse in hierdie kloof verloor. Die bome, vol sneeu, het op hulle neergesak en laat versmoor.

4. Die Dubbele Kloof se loop:

Aangesien hierdie loop sy oorsprong het in die Dubbele kloof, word dit daarna genoem.

5. Die Groot Houtbos:

Hierdie groot, digte bos van inheemse bome en struike lê net ten weste van die Dubbele kloof aan die voet van die Magaliesberg.

6. Die Holte:

Dit is 'n eienaardige duik, naby die voet van die Magaliesberg.

7. Die Kareesloot:

Langs hierdie sloot groei daar baie kareebome en daarom word dit so genoem.

8. Die Klein Houtbos:

Hierdie bos struike en inheemse bome lê ten ooste van die Dubbele kloof. Aangesien dit kleiner is as die bos aan die Westekant, word dit die Klein Houtbos genoem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9. Ou krale:

Teen die Suidelike hang van die Magaliesberg lê daar 'n hele aantal ou krale. Sommige van die ou krale is nog te sien en daar is ook die plekke waar hulle smeltwerk gedoen het. Daar lê baie uitgesmelte klippe sowel as klein stukkies koper. Die bewoners van die ou krale het nie alleen die kuns verstaan om yster uit te smelt nie, maar ook om koper uit te smelt.

Al hierdie ou krale het name van die boere ontvang:

(a) Die Longsiekkraal:
Al die beeste wat longsiekte gehad het, is daarin gejaag.

(b) Pampoenkraal:
Oom Louw Smit, die oorspronklike inwoner het elke jaar in hierdie kraal pampoene geplant.

(c) Peskraal:
Al die diere wat runderpes onderlede gehad het, is daarin gejaag.

(d) Mapoggerkraal:
Later jare het daar in hierdie kraal van die Mapoggerkaffers gewoon.

(e) Die Saliekraal:
In hierdie kraal groei daar baie wilde salie.

10. Die Rooi Gat:

Dit is 'n ronderige gat teen die hang van die Magaliesberg waarvan die walle of kante rooi is.

11. Die Saagkuil:

In Natal het die Voortrekkers baie gebruik gemaak van 'n saagkuil. In die Transvaal word dit slegs hier en

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar aangetref. Die saagkuil is 'n gat van ongeveer ses voet diep en twintig of meer voet lank. In die wydte word op verskillende plekke dwarsplanke geplaas. Die saagkuil is gebruik om groot houtblokke in die lengte deur te saag vir balke of planke. Die blok wat gesaag moes word, word dan oor die gat gerol sodat dit op die dwarsbalke rus en dan goed gestut aan weerskante. In die saagkuil op Kameeldrift is van die reusagtige boekenhoutbome so gesaag.

Die saag wat gebruik is, is 'n bossaag of kraansaag genoem. Dit is ongeveer sewe voet lank. Aan elke punt is daar 'n handvatsel. Aan die bokant is dit ongeveer twaalf duim breed en onder vier duim. Daar is twee persone wat die taak verrig. Die trekker staan bo en sorg dat die saag padlangs hou terwyl die saer, onder in die saagkuil, die harde werk doen.

Dit is interessant om te weet hoe die blok afgemerk is. Die lyn word in 'n kleursel gedoop en styf getrek oor die blok. Iemand tel dit in die middel op en laat dit skielik los. Die streep word so reguit en duidelik op die blok afgemerk.

Hoewel die kuil al gedeeltelik toegeval het, is dit nog herkenbaar en noem al die boere die plek nog die saagkuil.

12. <u>Swartspruit:</u>

Hoewel die spruit op ander plase 'n ander naam het, is dit hier bekend as Swartspruit. Die naturelle noem dit Noka entsoana (Rivier wat swart is). Langs die spruit op die plaas Kameeldrift, vind 'n mens swart turf. Wanneer dit reent en die riviertjie sterk loop, is die water swart van kleur. Vroeër het die riviertjie baie sterker geloop, maar vandag is daar teveel pompe langs die rivier.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



13. Voetpadnek:



Voetpadnek.

In vroeër jare is die Trekkers met waens hieroor en vandag is die moete van die ou pad nog te sien. Aangesien dit vroeër dae die gereelde voetpad oor die Magaliesberg was, is die nek toe so genoem.

Die naturelle noem die plek Molapo oa Ralotoane, wat beteken: die kloof van die kruppel man. Hierdie kruppel man was ene Josef Fourie wat aan die noordekant van die nek gewoon het. Om hierdie rede staan die nek bekend as Fouriesnek.

Bo-op die berg het die vroeëre inwoners 'n klipmuur gestapel. Die rede hiervoor was dat daar aan die anderkant van die berg gif gegroei het en dat die beeste altyd oor die nek gestryk het en dan van die gif gevreet het. Die draadhekkie in die klipmuur is later vervang met 'n ysterhek.

Gedurende die Engelse oorlog was daar drie blokhuise gebou om die nekkie te bewaak. Die Engelse het ook

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op 'n keer agtien kanonne daar gehad. Nieteenstaande die streng bewaking het die Boere tog daardeur gekom en van die Engelse se perde afgeneem.

14. Die Wildevyebos:

Hierdie digte bos, gevorm deur wildevyebome is op 'n klein rantjie geleë.

15. Witklipkloof:

Hierdie kloof is so genoem omdat daar groot, wit rotsblokke in die kloof aangetref word.


16. Die Witklipsloot:

Die sloot word so genoem aangesien dit uit die Witklipkloof kom.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

151-i




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UITZICHT 586.

Uitzicht was oorspronklik 'n Leningsplaas en is vir die eerste keer geregistreer op die 16de April 1853 vir Willem Boshoff.

Op hierdie plaas het ek ook besonder baie moeilikheid ondervind aangesien daar nie meer 'n enkele ou inwoner hier woonagtig is nie.

Op Uitsicht word daar suiwer wit sand aangetref. So is daar twee groot sandwasserye wat byna dag en nag aan die gang is.

Die plaasnaam:

Die naam Uitzicht word verklaar uit die feit dat 'n mens van die plaas 'n besondere uitsig het oor die deel van die Moot na die Magaliesberg se kant toe.

Uitzicht is nie die enigste amptelike naam van die plaas nie. Uitzigt word ook erken en 'n ander naam nl., Rietvalei. Oor die plaas loop daar 'n spruit en in die vlei wat so gevorm is, het daar vroeër baie riete gegroei. Dit verklaar dan die herkoms van die naam Rietvalei. Op 'n kaart in 1872 getrek, kom die naam voor as Rietvleij.

Die Plekname:

1. Die Boskoppie:

Vandag gaan die hoofpad na die Hartebeestpoortdam oor hierdie koppie. Dit is maar baie plat en kan skaars 'n koppie genoem word. Vroeër jare was die koppie baie dig bebos en daarom is dit die Boskoppie genoem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. Fortsig:

Van hierdie halte af kan een van die ou Republikeinse forte wat bo-op die Daspoortrant geleë is, en bekend is as Wesfort, gesien word.

3. Iswin:

Dit is die naam van 'n ander spoorweghalte op die plaas. Die gedeelte van die plaas waarop die halte geleë is, het behoort aan oom Kosie Begemann. Hy het twee dogters gehad met die name Issie en Winnie. Toe hy gevra is om 'n naam aan die halte te gee, het hy die eerste deel van elke dogter se naam geneem en so die naam Iswin gevorm.

4. Krauseville:

Dit is 'n aantal kleinhoewes wat opgesny is uit grond wat aan 'n sekere Krause behoort het.

5. Moepelkloof:

In hierdie kloof groei daar baie moepels en daarom word dit so genoem.

6. Pioneer:

Dit is ook 'n spoorweghalte op die plaas, maar is blykbaar 'n naam wat om geen bewuste rede toegeken is, want ek kon geen aanduiding vind wat die herkoms verklaar nie.

7. Rietspruit:

Hierdie spruit vorm die vlei waarvan die plaas die naam Rietvalei gekry het. Vroeër jare het daar baie riete langs die walle van die spruit gegroei. Vandag is daar haas geen spoor meer daarvan nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



8. Silver Sands:

Hierdie gedeelte van Uitzicht word so genoem omdat daar die suiwerste wit sand gevind word.

9. Sunset View:

Dit is ook 'n groepie kleinhoewes en is so genoem omdat 'n mens vandaar die sonsondergang pragtig kan waarneem.

10. Swartspruit:

Hierdie spruit is bekend met hierdie naam slegs op twee plase: Uitzicht en Kameeldrift. Dit word hier so genoem weens die swart turfagtige geaardheid van die grond waardeur dit vloei.

11. Waterkloof:

In hierdie kloof is daar 'n pragtige sterk fontein en daarom word die klofie se genoem.



Die Waterkloof op Uitzicht.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



12. Wesfort:


In die dae van die Republiek is daar vier forte om Pretoria gebou: Klapperkopfort, Schanskopfort, Wonderboomfort en Wesfort. Aangesien laasgenoemde fort op die Daspoortrant die mees Westelike was van die vier, en Pretoria teen 'n aanval uit die Weste sou beskerm, is dit Wesfort genoem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

155-i

# BOEKENHOUTKLOOF 263.




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## BOEKENHOUTKLOOF 263.

Hierdie Leningsplaas is op die 26ste Julie 1859 geregistreer vir Willem Hendrik Boshoff Jnr. Later het die Horns in besit gekom van die plaas. Die eerste verwysing na die Horns in die Kantoor van Aktes is dat die plaas in Junie 1892 weereens opgemeet is vir 'n sekere G.P.J. Horn. Uit persoonlike vertellings, sou die Hornstamvader, Machiel Frederik Horn, lank voor 1892 alreeds op die plaas gewoon het. Die Horns het twee plase besit, Boekenhoutkloof aan die Suidekant van die Magaliesberg, en Hartbeeshoek aan die Noordekant van die bergreeks.

### Die plaasnaam:

Oorspronklik was die plaas nie bekend as Boekenhoutkloof nie, maar wel as Boekenhoutspruit. Onder die laaste naam is dit dan ook vir die eerste keer geïnspekteer. 'n Tydlank is die plaas ook genoem Boekenhoutfontein. Op 'n kaart in 1872 getrek van die plaas Kameeldrift, word die aangrensende plaas Boekenhoutkloof, aangegee as Rietgat.

Vandag is Boekenhoutkloof egter die enigste amptelike naam. Oom Machiel Frederik Horn sou die plaas hierdie naam gegee het. Hy het hom bo, in die mooiste kloof op die plaas gevestig. In hierdie kloof was daar baie en groot boekenhoutbome. Om hierdie rede het hy die plaas toe so genoem. In hierdie kloof staan daar vandag nog reusagtige boekenhoutbome. Hulle word met trots bewaar deur die Horns wat vandag nog daar woon. Van hierdie bome is ver meer as 'n honderd jaar oud.

### Die Plekname:

1. Boekenhoutkloof:

Na hierdie kloof is die plaas genoem. Die klofie

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is so genoem omdat daar so baie en sulke groot boekenhout-bome gestaan het. Dit is die enigste kloof in die hele Mootgebied waar ek sulke reusagtige boekenhoutbome gesien het. Op ander plase is daar ook van die bome, maar dan slegs enkeles.



Die Boekenhoutkloof waarna die plaas vernoem is.

2. Die Doringdam:

Hierdie gewone gronddam word so genoem omdat dit tussen 'n lap doringbome geleë is.

3. Die Doringsloot:

Orals op die walle van hierdie sloot groei daar doringbome en daarom word die sloot so genoem.

4. Die groot gat:

Dit is 'n besondere groot en diep grot in die Magaliesberg.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5. Hornsnek:

Hierdie nek is genoem na die Horns wat aan beide kante van die nek gewoon het - op Boekenhoutkloof en Hartbeeshoek Oom Machiel Horn se seuns het die plaas Hartbeeshoek bewoon.

Op Hornsnek, net ten ooste van die pad, lê daar 'n eensame graf uit die Engelse oorlog. Dit is die graf van 'n Engelse soldaat W.J. Duggan wat daar op 15 Julie 1900 gesneuwel het. Die Boere het 'n brandwagpatrollie uitgestuur van agter die berg, en die Engelse, wat in die Moot was, het ook 'n patrollie uitgestuur. Die twee groepe het mekaar die nag op die nek ontmoet en in die haastige skermutseling is Duggan doodgeskiet deur Jopie Fourie. Jopie Fourie en die Engelsman was blykbaar albei bietjie vooruit as verkenners en het man teen man elkeen 'n paar skote op die ander geskiet. Dit is deur Jopie Fourie self meegedeel aan Mnr. Piet van Coller wat rebel saam met hom was.

6. Die Kareesloot:

Langs hierdie sloot word daar net Kareebome aangetref en daarom is dit so genoem.

7. Die Leeubos:

In hierdie bos is die laaste leeu op Boekenhoutkloof geskiet. Die ondier het 'n bees gevang en in die bos ingesleep. Hy is die volgende dag opgevolg en daar doodgeskiet.

8. Likkewaanspruit:

Die Swartspruit, soos dit op Kameeldrift genoem word, of Jonkmanspruit, soos dit op Rietfontein genoem word, ontspring op Boekenhoutkloof. Hier staan dit egter

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bekend as Likkewaanspruit omdat daar baie likkewane in die spruit was.

9. Die Rooikrans:

Dit is 'n gladde krans in die Magaliesberg wat rooierig vertoon.

10. Die Vlermuisgat:


Dit is 'n baie diep grot in die Magaliesberg waar besonder baie vlermuise aangetref word. Baie van die boere het alreeds vlermuismis daar gaan uithaal.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

159-1

# ZANDFONTEIN 93




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## ZANDFONTEIN 93.

Hierdie plaas wat oorspronklik 'n Eiendomsplaas was, is op die 16de November 1866 geregistreer vir Petrus Johannes Stephanus Venter.

Die plaas is vandag aansienlik kleiner as wat dit in daardie dae was, want 'n gedeelte daarvan is vandag stadsgebied. Die plaas lê aan die Westelike Stadsgebied van Pretoria en die tweevoorstede Booysens en Claremont, sowel as die naturelledorpie Lady Selborne, is daarvan afgesny.

Zandfontein is vandag omtrent heeltemal in kleinhoewes opgesny. Op hierdie hoewes woon nie boere nie, maar mense wat in Pretoria werksaam is. Die bewoners van die hoewes stel min belang in die plaas as geheel en is heeltemal onkundig omtrent plekname. Die ondersoek is geweldig bemoeilik hierdeur en ek moes hierdie plaas verlaat met die vaste wete dat hier vroeër 'n paar plekname moet gewees het, maar dat dit met die uitdrukking van die boerebevolking, onherroeplik verlore gegaan het. Die oes hier, wat plekname betref, was dus maar baie skraal.

### Die plaasnaam:

In die ou transportaktes van hierdie plaas word daar melding gemaak van fonteine in die middel van die plaas sowel as aan die Suidekant. Die Suidekant van die plaas is baie sanderig en die ou mense van ander plase verder wes in die Moot, vertel dat met baie reëns, daar baie fonteine aan die Suidekant uitgesak het in die sand. Na aanleiding hiervan sal die plaas wel die naam Zandfontein gekry het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Plekname:

1. Gomsand:

Dit is 'n halte op die plaas. In die omgewing was dit vroeër baie vleiagtig. Gevolglik, met baie reëns, as die boere met swaargelaaide waens mark toe gegaan het, was dit daar 'n blystanery. Die sand het sommer plek-plek vals geword. Omdat so baie waens in hierdie taai, klouerige moddernes vasgeval het, het dit bekend geraak as Gomsand.

2. Klein Machiel se Nek:

Onderkant hierdie nek in die Magaliesberg het 'n sekere Machiel Horn gewoon. Aangesien hy klein van gestalte was, is hy in die wandel Klein Machiel genoem. Die nek het later bekend geword as Klein Machiel se Nek.



Klein Machiel se Nek.

3. Die Klein Nek:

Oor hierdie nek in die Magaliesberg, gaan daar slegs 'n voetpad. Die nek is taamlik laag en word om

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daardie rede as klein en miskien minder belangrik beskou.



Die klein nek.

4. Modderspruit:


Hierdie spruitjie ontspring op Zandfontein en die water daarvan is nie helder nie, maar altyd effens troebel.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

162 - 1

# KOEDOESPOORT 299




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



KOEDOESPOORT 299.

Koedoespoort was oorspronklik 'n Eiendomsplaas en is vir die eerste op die 6de Julie 1859 geregistreer vir Lourens Cornelis Bronkhorst.

Hierdie plaas begrens Pretoria aan die Oostekant. Dit is vandag ook aansienlik kleiner as wat dit in vroeër jare was aangesien sekere voorstede vandag daarvan deel uitmaak. Twee sulke voorstede is Hatfield en Queenswood.

Dit is haas onmoontlik om van die plekname op Koedoespoort op te spoor. Vandag woon daar nie meer boere nie want daar is hoewes waarop mense woon wat in die stad werksaam is en dan word 'n groot deel beslaan deur werkswinkels van die Spoorweë. Verder behoort 'n groot deel aan die Methodiste kerk wat die grond vir sendingdoeleindes gebruik.

Die Plaasnaam:

Die plaas is genoem na 'n poort in die Daspoortrant net ten ooste van die voorstad Colbyn.

Die Plekname:

1. Hartebeestspruit:

In die Koedoespoortse omgewing was daar vroeër jare baie wild waaronder besonder baie koedoes en harbeeste. Op hierdie wyse het die spruit die naam Hartebeestspruit gekry.

2. Kilnerton:

Hierdie Methodiste-inrigting op die plaas is genoem na Eerwaarde John Kilner, die Sekretaris van die Methodiste Sendinggenootskap in 1886. Hy het die geld beskikbaar gestel om 'n groot deel van Koedoespoort vir die Genootskap aan te koop.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Die Koedoespoort:




Die Koedoespoort.

Daar was vroeër jare baie koedoes op hierdie plaas en hulle was altyd naby hierdie poort te vinde. Omdat dit die geval was en ook omdat die suipplek in die poort was, is die poort Koedoespoort genoem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

164-i

# DERDEPOORT 469




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



DERDEPOORT 469.

Hierdie plaas wat oorspronklik 'n Eiendomsplaas was, is op die 28ste Desember 1858 geregistreer vir R.J. Jansen. Dit is die naam wat in die Transportakte genoem word hoewel Dr. Gustav Preller in sy werk "Andries Pretorius", bladsy 401, die naam aangee as Roelof Jansen van Vuuren.

Aan hierdie plaas is daar 'n besondere geskiedkundige gebeurtenis gekoppel.

Nadat Mzilikazi verdrywe is, kon die kleiner stammetjies weer begin lewe en vry asemhaal. Met die vlug van Mzilikazi is groot dele van die Transvaal oop gestel vir die Boere. So is die streek benoorde die Vaalrivier tot 'n weinig Noord van die Magaliesberge in besit geneem deur die geselskap van Hendrik Potgieter. Met hierdie inbesitname van die Boere wat hulle gevestig het langs die Mooirivier en die Magaliesberge was daar weldra sprake van één bestuur vir die Republiek. Dit het dan ook gebeur voor Pretorius en Potgieter se dood. Na die Potchefstroomse volksvergadering van 1848 sien almal dat hulle hul aan die bestuur van een van die twee aanvoerders sou moes onderwerp.

Die saak van vereniging word nou druk op vergaderinge bespreek. In Maart 1849 word in Andries Ohrigstad 'n vergadering gehou van afgesante uit die verskillende distrikte. Pretorius het sy steun toegesê, maar Potgieter was nie tevrede nie.

Op die 22ste Mei 1849 vind weer 'n vergadering plaas, maar hierdie keer op die plaas Derdepoort. Daar het 'n plaat waens en tente gestaan langs een van die spruite op die plaas.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Generaal Potgieter het nie opgedaag nie en Andries Pretorius word tot voorsitter gekies. Daar word besluit tot die vereniging, „in een band van die gehele maatschappy aan deze zyde van de Vaalrivier", soos Preller dit in „Andries Pretorius" aanhaal. [19] Die een-en-twintig gekose lede, met Pretorius as voorsitter, maak dan ook die eerste Volksraad uit.

In latere dae van druk is daar baie keer op Derdepoort vergaderings gehou. Die geskiedkundige gebeurtenisse verleen weereens bestendigheid en bekendheid aan die naam van die plaas.

Die Plaasnaam:

Die naam van hierdie plaas is geneem van die naam van die poort in die Magaliesberg wat op hierdie plaas geleë is.

Die Plekname:

1. Denneboom:

Naby hierdie spoorweghalte is daar baie ou en hoë dennebome. Om hierdie rede is die halte dan ook Denneboom genoem.

2. Derdepoort:

Die naam Derdepoort hou nie verband met Eerste- en Tweedepoort nie. Hierdie twee poorte lê ver noord van Pretoria by die Swartkoppies en waar die Apies-, Pienaars- en Platriviere saamvloei voordat hulle by die Krokodilrivier aansluit. Die Eerste- en Tweedepoort lê te ver van die Derdepoort en dan het die Apies- en Pienaars-riviere wat onderskeidelik deur die Wonderboompoort en Baviaanspoort vloei, geen verband met Derdepoort nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die poort het die naam Derdepoort ontvang omdat dit die derde poort die Magaliesberge is waarby 'n mens kom as jy bo van die Moot af in 'n Oostelike rigting reis. Die eerste poort is Hartebeestpoort, die tweede is Wonderboompoort en die volgende, die derde, is dus Derdepoort.



Hempspruit met die Derdepoort
op die agtergrond.

3. East Lynne:

Hierdie klein dorpie op die plaas dra die naam van 'n voorstad êrens in Amerika.

4. Eersterus:

Dit is 'n Naturelle-dorpie op die plaas en is so genoem omdat dit die eerste plek ten Ooste van Pretoria was waar die naturelle hulle kon vestig.

5. Engelsestraat:

Die Engelsestraat is 'n oorgang oor die Magaliesberg wat deur die Engelse magte tydens die Tweede Vryheidsoorlog gebruik is. Die gedeelte straat het ontstaan omdat

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die oorgang mooi netjies met rye klippe afgebaken is.

6. Hempspruit/East Lynne Spruit:

Hoewel hierdie spruit op die plaas Koedoespoort as Hartebeestspruit bekend is, word dit hier nie so genoem nie. Volgens vertelling is daar vroeër dae baie wasgoed gewas langs die spruit. Omdat hemde 'n aansienlike deel van die wasgoed uitgemaak het, is die spruitjie waarin dit gewas is, Hempspruit genoem.



Hempspruit.

7. Kafferskoolkoppie:

Die koppie word so genoem omdat daar vroeër 'n klein kafferskooltjie aan die voet van die koppie was.

8. Moreletaspruit/Marabaspruit:

Hierdie rivier of spruit is onder vier name bekend. Die bostaande twee name word op Derdepoort gebruik, maar op Hartebeestpoort 308 staan dit bekend as Mundtspruit of Rademeyersrivier.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die naam Moreleta kon ek slegs as volg verklaar. 'n Lopende rivier staan bekend onder die naturelle as Moretele of Moretela. Die vermoede is dat hierdie woord net effens gewysig is.

Die naam Marabaspruit hou verband met 'n ou kafferkaptein, Maraba, wat vroeër jare naby die riviertjie gewoon het.

9. Ribbokkloof:

Hoewel hierdie kloof benoorde die Magaliesberg lê en dus buite die Moot, lê dit nog op die plaas Derdepoort en daarom noem ek dit hier. In hierdie kloof is daar vroeër jare baie ribbokke aangetref en daarom is die kloof Ribbokkloof genoem.

10. Die Rietspruitjie:

Langs die loop van hierdie spruitjie het daar vroeër baie riete gegroei en daarom is dit so genoem.

11. Riverside:

Hierdie Naturelle-dorpie is so genoem omdat dit langs die Moreleta- of Marabaspruit geleë is.

12. Rooihaaskoppe:

Hierdie koppie lê ook op Derdepoort, maar benoorde die Magaliesberg en buite die Moot. Die koppie is so genoem omdat daar baie rooihase aangetref is.

13. Runderpesgat:

Hierdie gat van honderde voete diep is stomme getuienis van die mislukte silwermyne in die omgewing. Met die runderpes is baie dooie diere hier ingegooi.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



14. Die Sandspruitjie:

Hierdie spruitjie word so genoem omdat die bodem baie sanderis is.

15. Die Silwertonnel:

Hierdie toneel strek 'n end onder die Magaliesberg in en is een van die plekke waar geprospekteer is vir Silwer.

16. Vlakfonteinkloof:

Hierdie kloof lê op die grens tussen Vlakfontein en Derdepoort en word na eersgenoemde plaas genoem.

17. Waltloo:

Dit is 'n spoorweghalte op die plaas en heet nà 'n kleinseun van een van die vroeëre eienaars nl. Hendrik van der Walt en ook na sy vrou wie se nooiensvan Prinsloo was.

18. Die Wilgerboom:


Hierdie wilgerboom het 'n besonder belangrike rol vervul want daarheen het vroeër jare die veldkornet van die wyk, Alwyn Botha, die burgers opgeroep en hulle toegespreek. Later jare is daar baie vergaderings gehou in die skadu van hierdie reusagtige vaarlandswilger.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HARTEBEESTPOORT 308




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



HARTEBEESTPOORT 308.

Hierdie oorspronklike Eiendomsplaas is op die 23ste Junie 1858 geregistreer vir David Alwyn Botha. Later is die gedeelte waarop die dorp Silverton aangelê is, verkoop aan H.H. Mundt.

Hierdie plaas is belangrik omdat die twee bergreekse wat die Mootvallei vorm hier aansienlik laer word en wyd uitmekaar sprei. Die Suidelike reeks breek by Mundtsrant en swaai skerp weg in 'n Suid-Oostelike rigting. Die Magaliesbergreeks strek nog verder in 'n Oostelike rigting om eers by Franspoort Suid-Oos te swaai. Tussen die twee reekse strek hier 'n wye vlakte wat nie meer bekend staan as die Moot nie.

Op die plaas Hartebeestpoort eindig dus die Groot Moot wat in die Hekpoortse omgewing begin.

Die Plaasnaam:

Tussen die Silvertonrant en Mundtsrant is daar 'n poort waardeur die Rademeyersrivier vloei. Hierdie poort was vroeër jare bekend as die Hartebeestpoort. Die twee plase besuide en benoorde hierdie poort is albei na die poort genoem. Noord van die poort lê Hartebeestpoort 308 en Suid daarvan lê Hartebeestpoort 304.

Die Plekname:

1. Die Hartebeestpoort:

In die omgewing van hierdie poort tussen Silvertonrant en Mundtsrant, het daar in vroeër jare baie hartbeeste gehou en daarom is dit so genoem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Die Hartebeestpoort digby Pretoria.

2. Mundtsbrug:

Hierdie brug oor Mundtspruit of Rademeyersrivier is na H.H. Mundt, wat daar naby gewoon het, genoem.

3. Mundtsrant:

Hierdie rant is so genoem na H.H. Mundt wat daardie gedeelte van Hartebeestpoort vroeër besit het.

4. Rademeyersrivier/Mundtspruit:

Die riviertjie het vir 'n groot deel oor grond gevloei wat aan Rademeyers behoort het. Die bekendste van hulle was Petrus Stephanus Rademeyer wat hom in 1852 op die plaas Garstfontein gevestig het. Hierdie plaas grens aan twee van die plase waarop Pretoria aangelê is.

Die naam Mundtspruit word verklaar uit die feit dar Mnr. H.H. Mundt aan die spruit gewoon het.

Laer af op Derdepoort is die spruit bekend as Moreleta- of Marabaspruit.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Rademeyersrivier.

4. Silverton:

Hierdie dorpie is as't ware 'n simbool van verydelde hoop. In die vroeër jare het dit aan prospekteerders in die Z.A.R. nie ontbreek nie. Daar was kort-kort gerugte van vondste van goud, silwer en edelgesteentes. Ook in die Pretoriase distrik is daar silwer ontdek naby Daspoort en vlak by die huidige Silverton. Die Daspoortse silwer het op byne onverklaarbare wyse verdwyn. 'n Ander myn waarop die hoop gevestig was, was die Bonanza. Dit was egter gou uitgewerk. Belanghebbendes het die geld wat hulle vir die ontginning van silwer naby die huidige Silverton gehad het, aangewend deur 'n gedeelte van die plaas aldaar aan te koop en dit as dorp met die naam Silverton uit te lê.

5. Silvertonrant:

Die dorpie Silverton is aan die voet van hierdie rantjie uitgelê en so is die rant na die dorp genoem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## B. PLEKNAME WAT NIE AAN EEN DEFINITIEWE PLAAS VERBONDE IS NIE.

### DIE MAGALIESBERGE:

Hierdie lang bergreeks wat strek vanaf Pretoria tot verby Rustenburg, was eers genoem Boradi. [1)]

Die ontdekkingsreisiger dr. Andrew Smith wat hierdie gebied in 1835 besoek het, noem die reeds die Kashanberge. [2)] Hy vertel dat 'n stam, die Bakashane, vroeër by die reeks gewoon het, „The tribe of the chief Khashane, who gave his name to the Kashan Mountains." [3)]

In 1836 besoek Kaptein Cornwallis Harris die streek en noem die reeks die Cashanberge. [4)] Met een geleentheid was hy bo-op die berge en gee dan die volgende beskrywing: „We paused on the mountains to admire the stupendous depth and famidable character of the ravines and chasms, which have been scooped out by the mighty torrents of water that roll down during the rainy season."[5)]

Die naam Kashan of Cashan is eintlik ontleen aan die opperhoof van die ba Tlôkwa-stam, nl. Kgaswane. Hierdie stam het net benoorde die Magaliesberge gebly. Al wat ons van Kgaswane, die sestiende opperhoof van die ba Kgôtla weet, is dat hy op betreklik jonge leeftyd gesterf het tussen 1800 - 1825.

Die naam Magaliesberge is deur die Voortrekkers aan die reeks gegee. Voordat hulle hulle in 1841 hier in die Moot kom vestig het, het verkenningspatrollies die gebied suid en noord van Kommandonek, skoongevee van klein groepies volgelinge van Mzilikazi. Die vlugteling-stamme wat orals in die berge skuiling gesoek het, kon nou weer met veiligheid uitkom. Hulle was onder die Voortrekkers

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bekend as Magaliekaffers. Hulle is natuurlik so genoem omdat hulle onderdane was van die opperhoof Mogale Mogale. Hierdie opperhoof van die ba Pô stam is verskeie kere voor 1841 deur Voortrekkers besoek, aangesien hulle hom as betroubaar beskou het. In 1847 het hy die gebied verlaat omdat die Boere op sy spoor was omdat hy gewere aan Makapan gestuur het. [6)]

Dit is dus heeltemal moontlik dat die naam van die reeks eers Mogalesberg was, en in die volksmond, Maglíesberg geword het.

DIE WITWATERSBERGE:

Hierdie reeks lê suid van die Magaliesberg en strek vanaf die westelike oewer van die Krokodilrivier tot by Magaliesburg. Hierdie reeks ontleen sy naam daaraan dat daar uit die noordelike hange daarvan (Remhoogte tot Hekpoort) op verskeie plekke lopies gevorm het waarvan die water 'n witterige uitsaksel bevat. Dat die grondstruktuur op verskeie plekke in die reeks 'n witterige leiklip is, verklaar die verskynsel. Sommige van die lopies is bekend as die Witleispruit of die Witleisloot. In 'n brief, ingesluit by die eerste transport van die plaas Hekpoort, vind ons die naam Witwatersrivier. [7)] Die enigste gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die Hekpoortspruit ook bekend was as die Witwatersrivier.

DIE DASPOORTRANT:

Hierdie reeks rantjies, besuide die Magaliesberg, strek vanaf die Oostelike oewer van die Krokodilrivier tot by Pretoria. Dit wil voorkom of die benaming sedert die Engelse oorlog eers bestaan. In daardie drie jaar het die reeks by die Engelse bekend gestaan as die "Daspoort Range." Onder die boere op die plase word hierdie naam

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



omtrent nooit gebruik nie - vir hulle is die reeks die Witwatersberg. So kan dit dus gebeur dat 'n naam wel op kaarte voorkom, maar nooit in die volksmond nie. Die naam is natuurlik ontleen aan die Daspoort, ten weste van Pretoria.

DIE MAGALIESRIVIER:



Die Magaliesrivier op Scheerpoort.

Hierdie rivier ontspring in die Klein Mootjie naby Magaliesburg en vloei tussen die Magalies- en Witwatersberge tot in die Hartebeestpoortdam. Voordat die dam daar was, het dit in die Krokodilrivier gevloei.

Op die 2de Julie 1835 het dr. Andrew Smith hierdie rivier bereik: „Reached the banks of a largish river just about dark. Very little wood of any description where we halted, only a few shrubs and trees along the banks of the river. The water runs strong and in the course of the stream numerous deep holes in which live sea cows, crocodiles etc." 8)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aangesien daar so baie seekoeie in hierdie rivier was, het die inboorlinge dit die naam van Mavooba gegee.

SWARTSPRUIT:

Hierdie spruit ontspring net ten weste van Pretoria en vloei in die Groot Moot af totdat dit die Hartebeestpoortdam bereik.

By sy oorsprong is hierdie spruit bekend as Likkewaanspruit. Laer af word dit Swartspruit en net voordat dit die dam bereik, word dit genoem Jonkmanspruit.

Die drie name word onder die genoemde plase verklaar.

DIE KLEIN RIVIERTJIE:

Hierdie riviertjie sluit op die plaas Hekpoort 122 aan by Hekpoortspruit of die Witwatersrivier. Op die plaas Hekpoort word dit die klein riviertjie genoem, 'n naam wat onder die plaas Hekpoort verklaar word. Hoër op, op Doornspruit 99 noem die mense dit die Doringspruit en nog hoër op, op Doringdal 100 is dit bekend as die Swartspruit.

---

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## VOETNOTE - HOOFSTUK V (A).

1. Hekpoort - Kantoor van Aktes.
2. Do.
3. Do.
4. Do.
5. J.P. LA GRANGE LOMBARD: Paul Kruger - Bl. 54.
6. M.H. GRANT: History of the War in South Africa Vol. IV. Bl. 11.
7. Do. Bl. 7.
8. W.C. HARRIS: Wild Sports of Southern Africa - Bl. 160.
9. J.D. KESTELL: Christiaan de Wet - Bl. 89-90.
10. SIR F. MAURICE: History of the War in South Africa Vol. III - Bl. 363.
11. De Rust - Kantoor van Aktes.
12. G.S. PRELLER: Andries Pretorius - Bl. 382-383.
13. Do. Bl. 376.
14. Do. Bl. 383.
15. Die Brandwag - 24 Des. 1919 - Bl. 231.
16. W.C. HARRIS: Wild Sports of Southern Africa - Bl. 181.
17. Do. Bl. 184.
18. R. MOFFAT: Matabele Journals - Bl. 12.
19. G.S. PRELLER: Andries Pretorius - Bl. 402.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




VOETNOTE - HOOFSTUK V (B).

1. P.L. BREUTZ: The tribes of the Rustenburg and Pilansberg districts - Bl. 90.
2. Diary of Dr. Andrew Smith. Vol. 2 - Bl. 83.
3. Do. Bl. 83.
4. W.C. HARRIS: Wild Sports in Southern Africa - Bl. 124.
5. Do. Bl. 158.
6. P.L. BREUTZ: The tribes of the Rustenburg and Pilansberg districts - Bl. 183.
7. Brief van G.J. Kruger aan Douw Gerbrand Kruger 4/12/73 (Akteskantoor). Plaas Hekpoort.
8. Diary of Dr. Andrew Smith. Vol. 2 - Bl. 95.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026




VOORSTEDE in die MOOT.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK VI.

## PRETORIA MET VOORSTEDE.

### PRETORIA.

A. DIE ONTSTAAN VAN PRETORIA:

Pretoria lê nie heeltemal in die Groot Moot nie, maar 'n hele aantal voorstede is wel daarin geleë. Dit is die volgende: Booysens, Claremont, Pretoria Tuine, Daspoort, Mountain View, Hermanstad, Parktown, Roseville, Mayville, Les Marais, Eloffsdal, Capital Park, Wonderboom-suid, Riviera, Rietondale, Rietfontein, Villieria, Queenswood en Waverley.

Aangesien so 'n groot gedeelte van die stad in die Moot geleë is, is dit wenslik om kortliks die een en ander mee te deel oor die ontstaan van die stad.

In September 1848 het 'n trekgeselskap van Fouries, Smits, Minnaars, Vermeulens, Van Rensburgs, Prinsloos en Pretoriusse uit die Vrystaat aangekom op die plek waar Pretoria sou verrys. Al persone wat toe nog hier gewoon het, was Gerard Stephanus Bronkhorst, Philip Karel Minnaar en Andries van der Walt.

Die trekgeselskap het deur die Groenkloof (Die Fonteine) gekom, die Apiesrivier oorgesteek tot op die rondte van 'n breë bult wat sag afgglooi na die noorde toe. Hier, naby die water, het hulle die eerste aand laer getrek.

Volgens wat Maria Jacoba Minnaar (gebore Bronkhorst) een van die eerste intrekkers, in 1915 aan Dr. Gustav Preller vertel het, moet hierdie vallei van die Apiesrivier 'n besondere bekoring ingehou het.

So vertel sy dat die wêreld baie dig begroei was veral met soet- en kameeldoringbome en dat daar 'n rykdom

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van wilde vrugte was. Verder het die digbegroeide oewers van die Apiesrivier goeie skuiling gebied aan leeus en was daar groot troppe bobbejane in die omliggende berge. Van die middelste gedeelte van die huidige Pretoria, vertel sy as volg: „In die dae was dit oordek met bome wat ons ‚bontveld' genoem het, klompies en groepe bome, met oopplekke tussenin, wat aan die geheel 'n parkagtige voorkome gegee het, waar die wagenbietjie en die wit buffelpeer bloesems in die Somer die lug oorlaai het met heerlike geure." 1)

Hierdie rustige omgewing sou egter spoedig verander. In 1853, na die afsterwe van Andries Pretorius en Hendrik Potgieter, het hulle twee seuns, Marthinus en Piet, albei gevoel dat daar 'n dorp gestig behoort te word in die middel van die Republiek waar die Volksraad kon vergader. Op hierdie tydstip was die Volksraad nog nie daarvoor te vinde nie.

M.W. Pretorius het volgens 'n berig in die Zuid-Oost Afrikaan van November 1853 2) drie plase aangekoop van die here Prinsloo en van der Walt en van die weduwee Bronkhorst. Hierdie plase was Elandspoort, Daspoort en Nooitgedacht. Pretorius was nog vas van plan om die stigting van 'n nuwe dorp deur te voer.

In 1854 het die Volksraad nog teenstand gebied, maar in Junie 1854 kom daar 'n onverwagte wending. Die Kerkraad het besluit om 'n nuwe gemeente te stig op die plaas Elandspoort. Voor hierdie tyd was Elandspoort alreeds 'n kerkplaas d.w.s., 'n plaas waar af en toe dienste gehou is. In Augustus 1854 rig ouderling N.J. Smit 'n omsendbrief aan die Vrystaatse publiek waarin hy die naam Pretoria-Philadelphia (moontlike invloed van Ds. D. van der Hoff) aan die kerkplaas gee en ook sê dat

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit gedoen word ter nagedagtenis van die gestorwe kommandant-generaal Pretorius.

Tot naby die einde van 1855 is hierdie kerkplaas onder verskillende name bekend: Pretoriusstad, Pretoriusdorp, Pretorium en Pretoria-Philadelphia of Pretorius Broederschap.

Op die 16de November 1855 het die Volksraad die plek egter as dorp verklaar met die naam Pretoria. [3] Van die gemeentenaam Pretoria-Philadelphia is dus net die eerste woord oorgeneem.

## B. DIE PLASE WAAROP PRETORIA GELEË IS:

### 1. Elandspoort:

Hierdie plaas, wat voor die stigting van Pretoria, 'n kerkplaas was, is vir die eerste keer geregistreer by die Kantoor van Aktes op die 6de November 1857 in die naam van G. Bronkhorst. Dit was natuurlik die gedeelte van die plaas wat nie aangekoop is vir die nuwe dorp nie.

Die Elandspoort was vermoedelik die poort in die rante net agter Pretoriastasie, waar die Apiesrivier deurkronkel en waardeur die spoorweg na Johannesburg gaan.

Dit is treffend dat die vereniging Oud-Pretoria, 'n rustende eland op 'n groen veld ingesluit het as deel van hulle wapen. Dit is gedoen omdat 'n groot deel van die huidige Pretoria op die ou plaas Elandspoort geleë is.

### 2. Daspoort:

Hierdie plaas moet sy naam ontvang het na aanleiding van die baie dassies wat by 'n poort in die Daspoortrant, waar die Apiesrivier sy weg deur baan

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



noordwaarts, aangetref is. Hierdie poort het dan ook die naam van die Daspoort gekry.

Die plaas het oorspronklik behoort aan J.J.P. Prinsloo. In 1853 het hy nagenoeg 461 morge aan M.W. Pretorius verkoop. In 1858 is transport gegee aan H.C. en P.J. Marais vir 'n gedeelte van Daspoort wat bekend geword het as Les Marais. Die gedeelte wes van die Apiesrivier en noord van die Daspoortrant het Daspoort gebly en het in 1880 aan M.J. Herman behoort. Hierdie westelike gedeelte van Daspoort het gegroei tot Hercules wat krag of sterkte beteken na aanleiding van die sementfabriek aldaar. Op die lste Mei 1949 is hierdie aparte munisipaliteit ingelyf by Pretoria.

3. Nooitgedacht:

Hierdie plaas was die eiendom van ene weduwee Bronkhorst toe dit deur M.W. Pretorius aangekoop is. Die herkoms van die naam is onbekend.

4. Groenkloof:

Hierdie was seker een van die mooiste plase in die omgewing van Pretoria, want wat vandag bekend is as die Fonteine was deel daarvan. Hierdie grond het behoort aan Lucas Bronkhorst.

Die fonteine-bron was jarelank bekend as Bronkhorstfontein.

Die plaas moet ongetwyfeld sy naam gekry het omdat alles in die kloof so pragtig groen was as gevolg van die baie water.

5. Rietfontein:

Aangesien daar vroeër jare sterk fonteine op die plaas was en die oewers van die twee lopies wat op die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plaas ontspring, so dig begroei was met hoë riet, het die plaas die naam Rietfontein ontvang. Waar daar op die laagste deel vandag honderde geboue staan, was daar vroeër 'n groot moeras.

6. Wonderboom:

Slegs die suidelike gedeelte van hierdie plaas lê in die Groot Moot. Aangesien die bekende Wonderboom op die plaas staan, verklaar dit die plaasnaam.

Die oudste eienaars was L.A. en T.C.J. Erasmus wat op 17 Mei 1855 die plaas geregistreer het.

7. Zandfontein:

Slegs 'n gedeelte van hierdie plaas is dorpsgebied, daarom word die naam in 'n vorige hoofstuk verklaar. Die voorstede hierop geleë is Claremont en Booysens en die naturelle-dorp Lady Selbourne.

8. Broekscheur en Kopkrap.

Aangesien hierdie twee gedeeltes baie klein stukkies uitvalgrond is waarvan Broekscheur net buite en Kopkrap net binne die stadsgebied van die Groot Moot, geleë is, is dit wenslik om dit te bespreek in hierdie hoofstuk.

Albei hierdie stukkies grond is vir landbou-doeleindes nutteloos vanweë die rotsagtigheid daarvan. Dit was somtyds die gebruik in die Landmeter-Generaal se kantore om waar dorpe aangelê of plase uitgemeet word, straat- en ander name deur die kantoorpersoneel self te laat gee, hoewel dit teenswoordig geskied in oorleg met die plaaslike owerheid. Aan uitvalgrond is gewoonlik nommers gegee. Aangaande die twee plekke het Mnr. J.C. Vlok, seun van die bekende landmeter my

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die volgende meegedeel: Die man wat die genoemde twee stukkies uitvalgrond moes doop en name vir die plasies gesoek het, het Mnr. Jan Luttig wie se broer die eerste toespraak in Hollands in die Parlement afgesteek het, gevra wat die name moes wees. Hy het sy kop gekrap, en so het die een plaas sy naam gekry: Kopkrap. Hierna het hy gesê: „Om vir die ander 'n naam te kry, sal maar broekskeur gaan". So het die ander plasie die naam Broekskeur ontvang. Die naamgewer is dood in gevangenskap na die slag van Spioenkop. In die wandel was hy alom bekend as 'n persoon wat dinge baie raak kon sê.

## C. RIVIERNAME.

### Die Apiesrivier:

Hierdie rivier ontspring in die Fonteine, digby Pretoria en vloei dan noordwaarts en sluit eindelik by die Pienaarsrivier aan. Vroeër jare was hierdie riviertjie veel groter as wat vandag die geval is. Van die eerste gedeelte van die rivier, vind ons die volgende beskrywing deur dr. Gustav Preller: „Van sy oog af... stroom die Apiesriviertjie oop, 'n kristalheldere bronwater, wat hier en daar 'n diep kuil maak, maar laeraf ruig bewas is met vaarlands wilker, soetdoring, wagenbietjie, buffelpeer en ander geboomte, riet, palmiet en braambosse " [4])

Maria Minnaar vertel die volgende oor die herkoms van die naam van die riviertjie: „Die rivier het sy naam gekry, natuurlik, van die duisende blouapies wat daar in die geboomte langs die rivier gehou het, - ratse diertjies, wat daar langs die toppe van die bome rondgeklouter het, met die grootste gemak, en op dié wyse op en af gegaan het langs die rivier, van Daspoort

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tot in die Fonteine vallei, en grondtoe gekom het slegs op die stilste en veiligste plekke." 5)



Die Apiesrivier net ten noorde van die Wonderboompoort.

Die vroeëre kaffernaam vir die Apiesrivier was volgens dr. P.L. Breutz, um Bibana. Die vasstelling van hierdie vroeëre naam werp 'n hele klomp van Dr. Preller se bewerings in Ou Pretoria omver. Hy beweer dat Mzilikazi aan die Apiesrivier gewoon het, na aanleiding van Moffat se skrywe dat die kraal aan die Entsabotluku geleë was. Dr. Preller het hierdie rivier met die Apiesrivier vereenselwig. Dr. N.J. van Warmelo, ethnoloog in die Departement van Naturellesake, beweer egter dat die Pienaarsrivier bekend was as die en Zubuhlungu en dat die vorm Entsabotluku maar net so opgeteken is deur die ou reisigers. Op dieselfde manier het hulle um Bibana neergeskryf as Umpeban of Peban.

Die vasstelling dat die Apiesrivier die um Bibana is en die Pienaarsrivier die en Zubuhlungu, verskuiwe

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dan Mzilikazi se verblyfplek na die Pienaarsrivier waar dit deur die Magaliesberg gaan te Baviaanspoort, ten ooste van Pretoria.

Hoewel die Apiesrivier slegs vanaf die Daspoort tot by die Wonderboompoort deur die Groot Moot vloei, is dit tog interessant om te weet watter spruite hierdie riviertjie binnevloei, vanaf die Fonteine tot by die Wonderboompoort:

1. Walkerspruit:

Hierdie spruitjie wat digby Nieu-Muckleneuk ontspring, vloei in die Apiesrivier digby die teenswoordige Leeubrug.

2. Steenovenspruit:

Hierdie spruitjie vloei deur Prinsepark, langs die Ou Kerkhof verby tot in die Apiesrivier. Vroeër jare was daar groot steenoonde aan die bopunt van die spruit en daarom het dit hierdie naam ontvang.

3. Skinnerspruit:

Net besuide die Daspoort vloei hierdie spruitjie in die Apiesrivier. Dit is genoem na W. Skinner wat landdrost was van Pretoria in die dae van M.W. Pretorius. Hy wou nie in die dorp woon nie en daarom het die regering aan hom vyftien morge aan die westekant van Pretoria gegee. Aangesien die spruitjie oor hierdie grond, wat Skinner Court genoem was, gevloei het, het dit die naam Skinnerspruit ontvang.

4. Modderspruit:

Hierdie spruitjie kom uit die rigting van Zandfontein, ten weste van die Apiesrivier, en ontmoet

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



laasgenoemde rivier in die omgewing van Mountain View, nog voordat die Apiesrivier die Wonderboompoort bereik. Hierdie spruitjie wat feitlik in die middel van die Groot Moot vloei, is so genoem omdat die water altyd troebel en die spruitbedding altoos baie modderig was.

5. Rietfonteinspruit/Suidspruit:

Vanuit 'n oostelike rigting bereik die spruit die Apiesrivier net voordat dit deur die Wonderboompoort vloei.

D. BERGNAME:

1. Wonderboomberg:

Dit is die gedeelte van die Magaliesberge, besuide die Wonderboom en oos van die Wonderboompoort. Die berg het natuurlik sy naam gekry van die Wonderboom wat aan sy voet groei.

2. Meintjeskop:

Dit is die kop waarteen die Uniegebou vandag pryk.

Nadat Andries Francois du Toit klaar was met die opmeting van Pretoria, het hy hom oos van die Apiesrivier op 'n stuk grond, deur hom genoem Arcadia, gaan vestig. Hierdie grond het hy van M.W. Pretorius geruil vir 'n Besoetoeponie. (Arcadia is natuurlik Pretoria se oudste voorstad). Hierdie gebied het hy opgesny in 82 erwe wat hy in 1865 verkoop het vir £1,200 aan Stephanus Meintjes, wat toe net pas uit Graaff Reinet gekom het. [6] In werklikheid het du Toit slegs £250 ontvang, want die note waarmee Meintjes hom betaal het, was toe net 'n halfkroon in die pond werd.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die stuk grond het 'n onopgemete stuk na die Ooste ingesluit. Hier het Meintjes hom gevestig en Meintjeskop, aan die voet waarvan hy gewoon het, is so genoem na hom.

Later het sy seun Eddie Meintjes 'n groot meule gehad waar die Leeubrug vandag is.

3. Twee baie ou name van bergreekse by Pretoria wat nooit meer gehoor word nie, is die Bronberge - agter Sunnyside en Berea geleë, en die Langeberge wat by Voortrekkerhoogte verbyskiet.

POORTE EN NEKKE IN DIE STADSGEBIED GELEë:

(a) Wonderboompoort:

Hierdie poort in die Magaliesberg is geleë net ten weste van die bekende Wonderboom, en is ook daarna vernoem. Die Apiesrivier vloei deur hierdie poort na die Noorde.



Die Wonderboompoort.


© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Wonderboomnek:

Hierdie nek is net ten Ooste van die Wonderboompoort in die Magaliesberg en is ook na die Wonderboom, net ten noorde daarvan, genoem.



Wonderboomnek.

(c) Eloff's Cutting of Zoopoort:

Hierdie poort in die Daspoortrantreeks lê amper regoor die Wonderboompoort. Die naam Eloff's Cutting is gegee omdat Mnr. Frikkie Eloff se grond, bekend as Eloffsdal 308, net benoorde die poort geleë was.

Die naam Zoopoort is van 'n later datum en het ontstaan omdat die Pretoriase Dieretuin digby die poort geleë is.

(d) Daspoort:

Daspoort is aan die westelike kant van Pretoria geleë. Deur hierdie poort in die Daspoortrant, vloei die Apiesrivier die Groot Moot binne. Die poort het sy naam ontvang omdat daar so baie dassies op die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rotslyste en klipskeure aan weerskante van die poort geboer het. Ou inwoners van die Groot Moot, onthou dit nog baie goed en kan nog lewendig daarvan vertel.



Die Apiesrivier met die Daspoort
op die agtergrond.

(e) Die Klipnek:

Hierdie nek deur waens in vroeër jare gebruik, lê in die Daspoortrant tussen Wesfort en die Daspoort. Dit is so genoem omdat dit besonder klipperig van aard was.

(f) Die klein nek:

Dit is 'n lae nek in die Magaliesberg, ten weste van die Wonderboompoort. Dit is so genoem omdat dit nie 'n hoë en indrukwekkende nek is nie.

(g) Elandspoort:

Hoewel Elandspoort, die poort ten ooste van die stasie, buite die Groot Moot geleë is, is dit om historiese redes interessant. Dit is natuurlik so genoem omdat daar vroeër baie elande in die omgewing aangetref is.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wat veral interessant is, is dat ons op die stadswapen van Pretoria, twee skildhouers vind. Die regterkantste skildhouer is 'n natuurlike eland, en die linkerkantste 'n dergelike koedoe. Hierdie idee spruit uit die name van twee plase waarop 'n deel van Pretoria geleë is en die twee poorte. [7)]

(h) Kwaggapoort:

Hierdie poort lê ten weste van Pretoria en is ook buite die Groot Moot. Dit word slegs genoem omdat dit nog verband hou met Pretoria. Volgens wat oom Willie Skinner my meegedeel het, is die poort so genoem omdat daar 'n kwagga bo teen die berg geskiet is.

E. DIE FORTE OM PRETORIA.

Na die Jamesoninval, het die Republikeinse regering besluit om vier groot forte aan te bou ter verdediging van Pretoria. Die vier forte was Skanskopfort, Klapperkopfort, Wonderboomfort en Wesfort. Die oprigting van hierdie forte het £145,000 bedra. [8)] Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het generaal Louis Botha die forte as nutteloos beskou en die kanonne laat verwyder om elders te gebruik. Van hierdie vier forte lê slegs Wonderboomfort en Wesfort in die Groot Moot. Wonderboomfort is so genoem omdat dit op Wonderboomberg geleë is, en Wesfort omdat dit Pretoria aan die westekant beskerm het. Skanskopfort en Klapperkopfort is tot nasionale monumente verklaar.

F. NAME VAN ENGELSE BLOKHUISE RONDOM PRETORIA. [9)]

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het die Britse troepe 'n hele aantal blokhuise op die koppe rondom Pretoria opgerig. Aan elke blokhuis is 'n naam toegeken. Hierdie name het na die oorlog in onbruik geraak en word vandag nooit meer gehoor nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(i) Johnston's Redoubt (Redoubt beteken hier vesting of skans). Geleë op Meintjeskop.

(ii) River Redoubt. Geleë op die oostelike kant van die Daspoort.

(iii) Cable Hill Redoubt. Geleë ten weste van die Wonderboompoort.

Bogenoemde vestings is natuurlik in die Groot Moot-gebied. Interessantheidshalwe word die ander ook genoem hoewel hulle nie in die Groot Moot geleë is nie.

(i) Eastern Redoubt. Geleë op Strubenkop aan die Oostekant van Pretoria.

(ii) Howitzer Redoubt en

(iii) Magazine Redoubt. Bogenoemde twee vestings was geleë op die Bronberge, net agter Sunnyside, Berea en die stasie.

(iv) Joh'burg Road Redoubt. Op die pad na Johannesburg, met Potgieterstraat uit, vind 'n mens eers die Magazine Redoubt en 'n endjie verder aan die Joh'burg Road Redoubt.

(v) Quagga Redoubt. Naby Kwaggapoort ten weste van Pretoria en Suid van Kerkstraat.

G. BERGNAME VAN ENGELSE OORSPRONG.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is name aan sekere koppe of berge rondom Pretoria, deur die Engelse gegee. Net soos die geval is met die blokhuise, word die name ook nooit meer gehoor nie.

(i) Cable Hill. Dit is die berg aan die westekant van die Wonderboompoort.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(ii) Harp Hills. Dit is die Daspoortrant ten weste van die Daspoort.

(iii) Redoubt Hill. Die heuwels ten ooste van die Daspoort.

(iv) Gezina Hill. Die heuwels wat Riviera en Rietondale skei van Gezina en Villieria.

(v) Curtis Hill. Die kop reg besuide die voorstad Sunnyside.

(vi) Timeball Hill. Die kop ten ooste van die Gevangenis in Potgieterstraat.

H. VOORSTEDE IN DIE MOOT GELEË:

1. Booysens:

Dit is 'n gedeelte van Zandfontein 93 wat opgemeet is in Maart 1905. Dit is vernoem na die persoon wat toe in besit was van die grond, nl. Cornelis Hermanus Zacharias Booysen.

2. Claremont:

Dit is ook 'n gedeelte van Zandfontein 93 en is in Maart 1905 opgemeet. Daar was met die uitmeting van hierdie voorstad en verskeie ander in die omgewing, 'n kamp van landmeters. Onder hulle was daar Mnre. Vlok, Krige en Frank Muller. Laasgenoemde het van die Kaap afgekom en is later weer terug daarheen. Hy het hierdie voorstad uitgemeet en dit genoem na Claremont in die Kaap.

3. Pretoria Gardens:

Dieselfde landmeter Frank Muller wat Claremont uitgemeet het, het ook hierdie voorstad uitgemeet in Oktober 1903, en dit genoem na 'n voorstad van Kaapstad.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. Daspoort:

Dit is uitgemeet in Augustus - September 1904 en genoem na die oorspronklike plaas Daspoort.

Hierdie bogenoemde voorstede het eers deel uitgemaak van Hercules totdat Hercules ingelyf is by Pretoria. Hercules het die naam wat krag of sterkte beteken, ontvang na aanleiding van die sementfabriek aldaar.

5. Mountain View:

Dit het behoort aan John Abraham Denyssen en is 'n gedeelte van die plaas Wonderboom. Die voorstad is uitgemeet in Mei 1903 en is so genoem omdat dit teen die hang van die Magaliesberg geleë is en 'n mens om hierdie rede 'n pragtige uitsig daarvandaan het.

6. Hermanstad:

Dit is die eerste deel van die plaas Daspoort wat in erwe opgemeet is in 1897. Dit is genoem na die Hermann-familie wat in 1878 die eerste opstal aan die Westekant van die Apiesrivier aangelê het.

7. Parktown:

Hierdie naam is willekeurig deur die landmeter gegee toe dit uitgemeet is in Februarie 1903. Hierdie gedeelte van die plaas Wonderboom was met die opmeting in besit van John Dale Lace.

8. Roseville:

Hierdie voorstad wat deel uitgemaak het van die plaas Daspoort was in die negentigerjare van die vorige eeu in besit van Maria Partridge Nel, Paulus Adriaan Petrus Johannes Nel en Ewald Esselen. Dit is in September 1896 opgemeet en is genoem na Maria Partridge Nel wie se nooiensvan Rose was.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9. Mayville:

Hierdie voorstad was oorspronklik deel van die plaas Wonderboom en is in September 1896 opgemeet. Met die opmeting was dit in besit van J.D. Celliers, Paul Nel en H.P.J. van Rensburg. Vir hierdie naam kon ek geen verklaring vind nie.

10. Les Marais:

Op die 19de Oktober 1858 het H.C. en P.J. Marais 'n gedeelte van die plaas Daspoort aangekoop. Van toe af het die deel bekend geraak as Les Marais.

11. Eloffsdal:

Dit is genoem na Frederik Christoffel Eloff, 'n seun van kommandant C. Eloff wat getroud was met 'n suster van President Kruger. Mnr. F.C. Eloff het hierdie deel van Daspoort aangekoop in 1896 en dit genoem Eloff Estate. Dit is 1918 uitgemeet.

12. Capital Park:

Dit was oorspronklik deel van Eloff Estate en is in November 1913 opgemeet in erwe. Die herkoms van die naam is nie seker nie, maar baie meen dat dit verband hou met Pretoria as hoofstad (Capital).

13. Wonderboomsuid:

Hierdie voorstad is so genoem omdat dit Suid van die Wonderboom geleë is.

14. Innesdal:

Hierdie gedeelte is genoem na Sir James Rose Innes, 'n hoofregter van die Unie en bekende parlementslid. Hy was Prokureur-Generaal in die Rhodes Ministerie van 1890 - '93.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



15. Riviera:

Dit was oorspronklik deel van die plaas Rietfontein en is in Mei 1905 opgemeet. Die naam is willekeurig deur die landmeter gegee.

16. Rietondale:

Hierdie voorstad was vroeër deel van wat bekend gestaan het as Dorp Villieria. Dit is in Oktober 1904 opgemeet en die naam is ook maar willekeurig gegee.

17. Villieria:

Hierdie gedeelte van Rietfontein was in besit van Joseph William Mogg en is in 1896 reeds opgemeet. Dit is vernoem na die eerste vrou van die bekende Landmeter-Generaal en Afrikaanse skrywer G.R. von Wielligh. Hy het die voorstad uitgemeet en dit na haar vernoem. Sy was 'n nooi de Villiers.

18. Rietfontein:

Hierdie gedeelte van die oorspronklike plaas Rietfontein is in Desember 1903 opgemeet. Dit het behoort aan P.J. Joubert en Henderson Consolidated. Die voorstad dra natuurlik die vroeëre plaasnaam.

19. Gezina:

Hierdie voorstad wat ook deel uitgemaak het van die plaas Rietfontein wat op die agtiende Julie 1892 geregistreer is vir S.J.P. Kruger, is in Januarie 1903 in erwe opgemeet. Dit is genoem na Gezina Frederika Wilhelmina du Plessis, die tweede vrou van President Kruger. Sy is in 1901 oorlede.

20. Queenswood:

Hierdie nuwe voorstad is op die 29ste Maart 1954

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitgemeet. Dit het by uitmeting aan die Methodiste kerk behoort en is so genoem omdat dit langsaan Kroongronde geleë is.

21. Waverley.

Dit is in Januarie 1905 alreeds opgemeet en het behoort aan F.G. McIntosh en J.A. Moffat. Die herkoms van hierdie naam is ook onbekend.

## I. NATURELLE-LOKASIES IN DIE STADSGEBIED DEEL VAN DIE GROOT MOOT:

Lady Selbourne:

Hierdie lokasie is ten weste van die voorstede in die Groot Moot. Die lokasie is genoem na die gade van die Transvaalse goewerneur Lord Selbourne, wat hier aangestel is na in 1907 selfbestuur aan die Transvaal gegee is.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



VOETNOTE - HOOFSTUK VI.

1. G.S. PRELLER: Ou-Pretoria - Bl. 14.
2. Do. Bl. 50.
3. Do. Bl. 56.
4. Do. Bl. 10.
5. Do. Bl. 15.
6. Do. Bl. 60.
7. Eeufeesalbum. Pretoria se Eerste een in beeld - Bl. 7.
8. Do. Bl. 54.
9. Kaart: Dept. Geological Survey of the Transvaal 1904 - 1905.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK VII.

## OORSIG VAN DIE STOF.

Voordat oorgegaan word tot 'n bespreking van die plaas- en plekname wat in die Groot Moot, Pretoria, voorkom, is dit noodsaaklik om helder en duidelik die verskil aan te toon wat daar tussen plaasname en plekname bestaan.

Plaasname beskou ek as beperk tot die name van plase, bv. Hartebeestfontein 118 en Rietfontein 28.

Plekname is vir my die name wat gegee is aan bv. klowe, kranse, poorte, nekke, dorpies, stede en voorstede. Die name van riviere, spruite en lopies ressorteer myns insiens ook onder plekname. Plekname dra ook geen amptelike kasjet nie, is eintlik 'n skepping deur die spraakmakende gemeente.

Die grootste deel van hierdie plaas- en plekname, bestaan uit samegestelde name: 'n Topografiese grondwoord bv. kloof, vergesel van 'n bepaling, wat een of ander besonderheid van die bepaalde plek uitdruk, bv., groot. Op hierdie wyse word die pleknaam Grootkloof gevorm.

Albei gedeeltes van die samestelling, dit is, die bepaling, sowel as die grondwoord, verdien afsonderlike bespreking. Die Groot Moot se plek- en plaasname bied 'n ryk oes aan samestellings waaruit daar baie gevolgtrekkings gemaak kan word.

A. In die eerste plaas wil ek die bepalende gedeelte van die samestellings bespreek. In verband daarmee is daar verskillende besonderhede of omstandighede waarop die aandag gevestig word:

(a) Die Ligging:

Waar die ligging van 'n plek 'n rol gespeel het

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



by die naamgewing, vind ons samestellings soos die volgende: Eerstefontein, Tweedefontein, Derdepoort, Middelvoor, Suidvoor en Hoëkop.

Dikwels word plaas- en plekname wat alreeds voorkom, gebruik om ander te bepaal, bv. Hekpoortspruit, Silvertonrant en Vaalkopspruit.

In soverre dit die Groot Moot betref, vind ons dat bepalings deur die ligging meegebring, altyd die eerste deel van die samestelling vorm. In ander dele van ons land is dit nie altyd die geval nie, want ons vind plekname soos Waterval-Onder en Waterval-Boven, waarin die bepaling laaste voorkom.

(b) Die Vorm:

Waar die vorm 'n rol gespeel het by die naamgewing, vind ons die volgende plekname: Diepsloot, Smalland, Langland, Grootkloof, Kleinriviertjie, Spitskloof, Skuinskloof en Kromkloof.

Dikwels het die vorm 'n assosiasie met die een of ander voorwerp meegebring en daarom vind ons plekname soos Horingkloof en Pramkoppie.

(c) Die Voorkoms:

Met die naamgewing roep 'n plek, 'n sekere bepaling na vore wat verband hou met die voorkoms van so 'n plek. Die volgende samestellings is voorbeelde daarvan: Groenkloof, Rooikrans, Bloubrug en Vaalkop.

(d) Die Bodemgesteldheid:

Dikwels is dit sekere kenmerke van die bodem wat die bepalende element in die samestelling beïnvloed. Van hierdie bepalings is daar 'n groot verskeidenheid waarvan enkeles genoem word: Blouwaldrif, Brakspruit, Drilfontein,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kristalnek, Witklipkloof en Gomsand.

(e) Die Gebruik:

Dikwels word 'n plek vir 'n sekere doel gebruik of word daar op die plek iets gevind wat wel gebruik word. Om genoemde redes vind ons samestellings soos die volgende: Heuningkloof, Longsiekkraal, Meulvoor, Perdekampkloof, Peskraal, Saagkuil en Voetpadnek.

(f) Persoonsname:

Hierdie is baie talryk by die samestelling van plekname. In hierdie geval kan ons onderskei:

(i) Name van enkelinge: Amos se spruit, DeWetsnek, Kokkiesgat, Levi se kloof en Roos se loop.

Uit hierdie voorbeelde blyk dit dat die voornaam of die van gebruik word in die samestelling. Somtyds word selfs 'n bynaam gebruik soos in Kokkiesgat of Klein Machiel se nek.

(ii) Name na 'n groep of familie: Du Plessisdrif, Doppervoor, Engelbrechtloop en Mapoggerkraal.

Dikwels word die persoonlike naam of van nie gebruik nie, maar wel 'n algemener vorm bv. Jonkmanspruit.

(g) Dierename:

Aangesien daar in die Groot Moot baie wild was en die inwoners boere en kenners van die veldlewe, is dit geensins verbasend dat daar so baie plaas- en plekname gevind word waarvan die bepaling die een of ander diernaam is nie. Hierdie bepalende woorde kan as volg verdeel word:

(i) Roofdiere: Leeubos en Tierkop.

(ii) Grootwild: Koedoeskloof, Hartebeestpoort, Kameeldrift en Renosterdoorns.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(iii) Kleiner Veldbewoners: Bobbejaankrans, Apiesrivier, Daspoort en Vlermuisgat.

(iv) Voëls: Aasvoëlkrans.

(v) Reptiele: Krokodilpoort, Likkewaanspruit en Slangkop.

(vi) Mak diere: Vrymansholte en Bulhoek.

(h) Plantname:

Van hierdie bepalende woorde in die plaas- en pleknaamsamestellings is daar ook talle voorbeelde:

(i) Boomsoorte: Doringspruit, Kareesloot, Wildevyebos, Moepelkloof en Boekenhoutkloof.

(ii) Struike en ander gewasse: Wildealskloof, Rietvlei, Saliekraal en Papkuilspruit.

(i) Gebruike en Gebeurtenisse:

In die Groot Moot is daar 'n aantal name wat aan plekke gegee is omdat dit vroeër 'n plek was waar 'n gebruiklike daad uitgevoer is of waar die een of ander belangrike geskiedkundige gebeure afgespeel het. Die bepalende deel van die samestelling slaan dan op die gebruik of gebeurtenis. Voorbeelde hiervan is: Scheerpoort, Ambulanskoppie, Jukdrif, Kommandonek, Peskloof, Remhoogte en Silkaatsskavot.

B. In die tweede plek bespreek ek die grondwoorde wat in die samestellings voorkom. Sover dit die Groot Moot betref, kom hierdie grondwoorde altyd aan die einde van die samestelling voor. Uit hierdie grondwoorde kry 'n mens 'n besondere beeld van die Aardrykskunde van die gebied.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(a) Verheffinge en glooiinge van die bodem:

In die groot Moot waar die hoogte van die gebied bo seespieël wissel tussen 3809 en 6078 voet, kan 'n mens verwag dat hier grondwoorde gevind sal word wat baie hoë plekke, sowel as lae plekke sal aandui. Dan sal daar ook grondwoorde wees wat betrekking het op 'n effense styging van die bodem.

Die grondwoorde wat hoogtes aandui, het almal te doen met die berge. Hiervan vind ons 'n hele aantal: Aasvoëlkrans, Broederstroomnek, Bakenkloof, Krokodilpoort, Magaliesberg en Tierkop.

Dan is daar ander grondwoorde wat aandui dat die verheffing nie so besonders is nie: Ambulanskoppie, Damhoek, Mundtsrant en Remhoogte.

Die laaste groep grondwoorde in hierdie verband, dui op 'n merkbare daling in die bodem: Saagkuil en Vrymansholte.

(b) Waters:

In die Groot Moot vind ons lopende waters van natuurlike en kunsmatige aard, sowel as stilstaande waters.

Wat die natuurlik lopende waters betref, is daar verskillende grondwoorde wat gebruik word in die samestellings. Hierdie grondwoord word gekies na gelang die waters sterk of swak is, immervloeiend of net by tye.

Voorbeelde van die grondwoorde wat gebruik word vir natuurlik vloeiende waters is die volgende: Blousloot, Brakspruit, Broederstroomloop, Magaliesrivier, Rietvlei en Sandfontein.

Vir kunsmatig vloeiende water word gebruik: Middelvoor en Servituutkanaal.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Behalwe lopende waters vind ons ook stilstaande waters. 'n Voorbeeld hiervan is die samestelling Hartebeestpoortdam en Kokkiesgat.

Daar is egter nog ander grondwoorde wat ook verband hou met die waters, naamlik Bloubrug en Jukdrif.

(c) Die Bodemverdeling:

Uit baie van die grondwoorde in die samestellings blyk dit baie duidelik hoe die bodem vir gebruik verdeel is, waar dit bewerk is, waar daar weivelde is en waar bosse. Samestellings waarin dit aangedui word is die volgende: Swartland, Saadakker, Bultveld, Leeubos en Roos se Dorings.

Hoewel verreweg die meeste plaas- en plekname deur middel van samestellings gevorm word, is daar tog 'n aantal name in die Groot Moot wat nie so ontstaan het nie, Dit is blykbaar name van later datum. Voorbeelde hiervan is Kosmos, Melodie, Nefdt en Xanadu. Hierdie name val dadelik uit die toon. Daar is geen bepaalde reël vir die vorming van die name nie. Somtyds word die plaas of plek na 'n persoon genoem, somtyds ter wille van 'n bepaalde gebeurtenis en somtyds om humoristiese beweegredes.

Plaas- en plekname het 'n groot geskiedkundige waarde en daaruit kan 'n mens baie leer omtrent 'n gebied se verlede, sy bewoners, die fauna en flora, die bodemgesteldheid, die klimaat, die Volkskundige gebruike ens.

Daar is 'n hele aantal plaas- en plekname in die Groot Moot wat nou verbonde is met die geskiedenis van die streek. Van hierdie groep plekname is Scheerpoort, Kommandonek en Remhoogte mooi voorbeelde. Die meeste plaasname soos Rietfontein, Nooitgedacht en Boekenhoutkloof is van Voortrekkeroorsprong, want die plase in die Moot is almal immers deur Voortrekkers bewoon. Dit is nie net die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vroegste geskiedenis wat verteenwoordig word in die plekname nie, maar ook latere voorvalle. DeWetsnek is hiervan 'n besondere voorbeeld. Aan baie van die plaas- en plekname is daar belangrike geskiedkundige gebeurtenisse verbonde. Van hierdie groep is daar Derdepoort, Nooitgedacht en Damhoek. Die plekname weerspieël ook die groepe waarmee die vroegste intrekkers in aanraking gekom het. So vind ons name soos Magaliesberg en Silkaatsnek. In name soos Saartjiesnek en Hornsnek is die name van vroeë inwoners verewig.

Die plaas- en plekname is nie net 'n spieëlbeeld van die verlede nie, maar ook van die aardrykskundige gesteldheid van 'n streek.

Die Groot Moot word begrens deur bergreekse en as gevolg hiervan vind ons baie plekname wat die toestand weerspieël. Wat dadelik die aandag trek, is die baie samestellings met poort en tweedens met nek.

In die Magaliesberg vind ons in die Moot die name Hartebeestpoort, Wonderboompoort en Derdepoort. Verder aan en ook buite die Moot geleë is daar, Baviaanspoort, Franspoort, Pienaarspoort, Donkerpoort en Witpoort. In die Witwatersberg en Daspoort-reekse vind ons: Hekpoort, Scheerpoort, Krokodilpoort, Daspoort en Hartebeestpoort. Buite die Moot geleë is daar Zwavelpoort en Tiegerpoort. In die omgewing van Pretoria, is daar nog Kwaggapoort, Elandspoort en Beynestpoort.

Met nek is daar net so baie samestellings. In die Magaliesberg is daar bv., Nooitgedacht se nek, Tweeboompienek, Houtbosnek, Pampoenkraalnek, DeWetsnek, Die klein nek, Kommandonek, Silkaatsnek, Mei se nek, Voetpadnek, Hornsnek, Klein Machiel se nek, Die klein nekkie en Wonderboomnek. Aan die Witwatersberg-Daspoort kant is daar

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



slegs Die klein nek, Broederstroomnek, Saartjiesnek en Klipnek.

Net soos die samestellings met poort en nek, aan die persoon wat die gebied nie ken nie, aandui dat vir daardie gebied daar berge, rantjies en koppe moet wees, so is daar plaas- en plekname wat aandui dat daar vroeër baie wild moet gewees het. Ons dink hier aan name soos Tierkop, Leeubos, Hartebeestpoort, Elandspoort en Koedoespoort.

Soos daar name is wat dui op die bergagtigheid en aanwesigheid van wild, dui die samestelling met fontein daarop dat hier baie water moet gewees het, bv. Bultfontein, Rietfontein, Syferfontein, Zandfontein en Miasfontein. Behalwe hierdie name wat op waterrykheid wys, is daar ook nog die talle name van riviere, spruite, lopies en slote, bv. Scheerpoortrivier, Hekpoortspruit, Roos se Loop en Rooisloot.

Met die naamgewing van plase en plekke is daar dikwels nie gedink aan 'n geskiedkundige gebeurtenis, persoon, die bodemgesteldheid of aanwesigheid van wild nie. In sulke gevalle het die Afrikaanse volkshumor tevoorskyn getree en vind ons name soos Kopkrap en Broekscheur.

Die vroeëre kaffername van baie plekke het reeds verlore gegaan en daarmee 'n stuk van die verlede. Daarom vind ek dit so jammer dat die blou Magaliesberge nie meer die betowerende naam Kashan dra nie.

Uit die plaas- en plekname van die Groot Moot kan 'n pragtige beeld van die streek opgebou word. Hierdie eertydse jagtersparadys met sy troppe wild, baie riviere en digte bosse, herlewe in sy plaas- en plekname. Maar nie alleen herleef die grootse veldpanorame van weleer nie, maar tree die geskiedenis met sy stoere baanbrekers en sy duisende Matabeles in 'n helder lig na vore.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# H O O F S T U K VIII.

## TAALKUNDIGE AANTEKENINGE.

Die plaas- en pleknaamstudie in Suid-Afrika dra in die eerste plek 'n kultuur-historiese karakter. Hierdie name is egter 'n baie belangrike deel van ons taalskat en daarom is dit beoefening van die Toponimie in die eerste plek die taak van die filoloog.

Plaas- en plekname is die produkte van die taal-aktiwiteit van die Afrikaanse volk en daarin word weerspieël die rigting van hierdie taalaktiwiteit en die faktore wat daarmee verband hou.

Die plaasname soos hulle op die kaart voorkom, vertoon baie verouderde spellingsvorme. Hierdie bestaande Nederlandse spellingsvorme, bv. Nooitgedacht, Uitzicht, Grootplaats, Scheerpoort en Zandfontein, mag om praktiese redes wat elders genoem word, nie ver-Afrikaans word nie. Waar daar egter spoorweghaltes of poskantore op die plase is, daar vind ons reeds die ver-Afrikaanste spelling, bv. Skeerpoort.

Met die deurlees van ou briewe in die Transvaalse Argief, was dit besonder interessant om te sien hoe sommige van die plaas- en plekname in die beginjare van die Groot Moot-nedersettinggespel is:

Krokodilrivier: Krokkodelrivier, Crokodels Revier, Crokkedels Rievier.
Magaliesberg: Magaeliesbergh, Magalisberg, Magaliberg, Magalliesberg, Magaleberg.
Hekpoort: Hekpoord.
Zandfontein: Zandfontyn.
Bultfontein: Bultvontyn, Budtvontuyn.

Hierdie voorbeelde is maar 'n paar van talle spellingsvorme wat voorkom.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan die hand van die plaas- en plekname is dit ook uiters interessant om te sien op watter maniere die woordeskatvoorraad verryk is. Die rykdom aan samestellings vang natuurlik dadelik die oog. Hiermee vind ons die skepping van nuwe eenhede uit reeds bestaande woorde.

Formeel beskou vind 'n mens die gewone samestellings soos s.n.w. + s.n.w. bv. Daspoort en Vlermuisgat; w.w. + w.w. bv. Saagkuil en nog baie ander moontlikhede.

Oor die gewone samestellings wil ek nie uitwy nie en net enkele besonder interessante gevalle noem. Voorbeelde van sulke gevalle is Draaipaadjiekop en Vrolikspruit.

Wat Draaipaadjiekop betref, is dit interessant op die woord draai in die samestelling te let. Is draai hier 'n w.w. of 'n s.n.w.? Draai in 'n geval soos Kromdraai, is 'n s.n.w. In die geval Draaipaadjiekop het draai die betekenis van kronkel, slinger of wentel. As 'n mens dit se beskou, lyk dit tog na 'n w.w.

In die geval van Vrolikspruit is dit moeilik om te bepaal of vrolik in hierdie samestelling 'n bw. of b.n.w. is. Dit lyk op die oog of vrolik wel hier in sy onverboë vorm 'n bw. is. Die woord slaan egter nie op die spruit nie, maar wel op die mense wat daar op vrolike wyse byeengekom het om vis te vang. Om hierdie rede verbuig die woord ook nie.

Met die ondersoek van plekname tref die uitspraak van sekere name 'n mens, omdat die woorde anders uitgespreek word as wat dit gespel word. Ek noem net Skeerpoort i.p.v. Scheerpoort, Nooitgedag i.p.v. Nooitgedacht en Doringspruit i.p.v. Doornspruit. Dit is die vraag of daar werklik enige klankverandering plaasgevind het. Ek meen dat die skryfwyse nie die werklikheid weerspieël nie. Die konserwatiewe

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nederlandse spelling is gebruik ten spyte van die toe reeds Afrikaanse uitspraak. In sommige gevalle sal die skryfwyse wel die uitspraak agterna „aangetas" het, soos bv. Baviaans-poort.

Daar is ryk poësie in ons Suid-Afrikaanse plek-name en sommige van die name in die Moot val soos musiek op die ore:

Tweeboompienek
Tarentaalkraal
Wildealskloof
Draaipaadjiekop
Witkleikloof
Voetpadnek
Bulhoek.

Daar is baie name waarin daar twee tot drie be-toonde lettergrepe voorkom. In die mooiste name kom daar drie heffinge voor. Die klankharmonie van hierdie genoemde plekname is duidelik bewys dat die vroeë inwoners, wat die name toegeken het, bepaald nie ongevoelig vir klank was nie. Somtyds is daar 'n pragtige ritme in die pleknaam, bv. Tarentaalkraal, en dan is daar weer name wat spreek van 'n gevoel vir krag in die taal, bv. Bulhoek.

Die nuwerwetse name van later datum, val duidelik uit die toon. In hierdie verband is daar name soos Melodie, Iswin, Damsig, Pioneer en Harmonie. Hierdie name is in die meeste gevalle nie uit die natuur of geskiedenis geneem nie, maar geput uit verbeelding of geleerdheid.

Baie treffend is die lang plekname wat 'n mens in die Moot vind. Ek dink bv. aan: Lappie bosse se loop, Dubbele kloof se loop, Klein Machiel se nek, Nooitgedacht se loop en Hekpoortspruitdrif.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit wil voorkom asof die mense in die Moot nie omgee om die lang plekname te gebruik en te behou nie. Die rede is dat hierdie name meestal in die gesproke taal gebruik word en selde of ooit in die geskrewe taal.

Die pleknaam Oom Willem se spruit is baie interessant omdat dit so 'n eg-Afrikaanse naam is. Die gebruik van die tradisionele Oom is baie treffend in hierdie geval.

Pampoenkraal is 'n misleidende pleknaam, want in die een geval slaan dit op 'n kraal waarin pampoene geplant word en in 'n ander geval op 'n ou kaffer met die naam Pampoen.

Papkuilspruit is 'n besondere naam, want papkuil is nie meer bekend nie en almal praat van palmiet of polmiet. Op hierdie wyse kan ons iets van die vroeër taaltoestand te wete kom.

Ook die naturelle wat op die plase werksaam was, is nie agterweë gelaat in die plekname nie. So is daar bv. Moos se loop, Morok se kloof en Mei se nek.

Eienaardig is die gebruik van die woord fontein. In die pleknaam Drilfontein, word dit gebruik in plaas van loop, spruit of rivier.

Die mag van die spraakmakende gemeente blyk duidelik uit die pleknaam Dopperdrif. Hierdie naam word steeds gebruik hoewel daar 'n groep op die plaas is wat nie daarvan hou nie.

Uit die Studie van plaas- en plekname kan ons dus nie net baie leer van ons land se verlede, sy bodemgesteldheid, klimaat en bewoners nie, maar uit hierdie name blyk ook iets van die rigting en geaardheid van die taalaktiwiteit van die Afrikaanse volk.

---

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK IX.

## ALFABETIESE LYS VAN PLEKNAME IN DIE GROOT MOOT.

Na elke pleknaam volg 'n nommer wat aanwys op watter kaart die plek aangetoon word. Die lys van kaarte in die verhandeling opgeneem, met die onderskeidende nommers, is te vind op bladsy 220.

1. Aasvoëlkrans - 12, 13, 16, 17.
2. Ambulanskoppie - 8.
3. Amos se spruit - 8.
4. Apiesrivier - 21.
5. Bakenkloof - 11.
6. Bloubrug - 12.
7. Blousloot - 13.
8. Blouwaldrif - 8.
9. Bobbejaankrans - 8.
10. Boekenhoutkloof - 19.
11. Booysens - 21.
12. Boskoppie - 18.
13. Bosplaat - 5.
14. Braksloot - 17.
15. Brakspruit - 10, 11.
16. Broederstroomloop - 14.
17. Broederstroomnek - 14.
18. Bulhoek - 6.
19. Bultfontein se loop - 10.
20. Cable Hill - 21.
21. Cable Hill Redoubt - 21.
22. Capital Park - 21.
23. Claremont - 21.
24. Cloisterkop - 14.
25. Damhoek - 9.
26. Damhoekkloof - 9.
27. Damhoekhek - 9.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



28. Damhoekspruit - 9.

29. Damsig - 13.

30. Daspoort - 21.

31. Daspoortrant - 14, 15, 16, 18, 20, 21, 22, 24.

32. Denneboom - 23.

33. Derdepoort - 23.

34. DeWetskloof - 12.

35. DeWetsnek - 12.

36. Diepsloot - 12.

37. Dome, The - 7.

38. Dopperdrif - 11.

39. Doppervoor - 6.

40. Doringdam - 19.

41. Doringhoekloop - 6, 7.

42. Doringsloot - 19.

43. Doringspruit - 5, 19.

44. Draaipaadjiekop - 16.

45. Drilfontein - 8.

46. Droëspruit - 5.

47. Drupkrans - 16.

48. Dubbele kloof - 17.

49. Dubbele kloof se loop - 17.

50. Du Plessisdrif - 11.

51. East Lynne - 23.

52. East Lynne Spruit - 23.

53. Eerste- en Tweedefontein - 12.

54. Eerste rus - 23.

55. Eloff's Cutting - 21.

56. Eloffsdal - 21.

57. Engelbrechtloop - 15.

58. Engelsestraat - 23.

59. Erfspruit - 14.

60. Fortsig - 18.

61. Fountains - 7.

62. Gezina - 21.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



63. Gezina Hill - 21.
64. Gomsand - 20.
65. Groenkloof - 8.
66. Grootgat - 19.
67. Groot houtbos - 17.
68. Groothouboskloof - 7, 9.
69. Groothoutbosnek - 9.
70. Grootkloof - 10, 16.
71. Harmonie - 14.
72. Harp Hills - 21.
73. Hartebeestpoort - 14, 24.
74. Hartebeestpoortdam - 14.
75. Hartebeestspruit - 22.
76. Hempspruit - 23.
77. Hercules - 21.
78. Hermanstad - 21.
79. Hekpoort - 6.
80. Hekpoortspruit - 6.
81. Hekpoortspruitdrif - 6.
82. Heuningkloof - 13.
83. Hoëkop - 6.
84. Holte, Die - 17.
85. Horingkloof - 13.
86. Hornsnek - 19.
87. Innesdal - 21.
88. Iswin - 18.
89. Johnston's Redoubt - 21.
90. Jonkmanspruit - 15, 16.
91. Jukdrif - 6.
92. Kafferskoolkoppie - 23.
93. Kafferspruit - 12.
94. Kareesloot - 9, 12, 17.
95. Kilnerton - 22.
96. Klein Hartebeesthoek - 8.
97. Klein houtbos - 17.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



98. Klein kromkloof - 12.

99. Klein Machiel se nek - 20.

100. Klein nek - 13, 20.

101. Klein nekkie - 13.

102. Klein Riviertjie - 6.

103. Klipnek - 21.

104. Koedoespoort - 22.

105. Koedoeskloof - 12.

106. Kokkiesgat - 12.

107. Kommandonek - 13.

108. Kosmos - 14.

109. Krauseville - 18.

110. Kristalnek - 8.

111. Krokodilpoort - 14.

112. Krokodilrivier - 14.

113. Kromkloof - 12.

114. Lappie bosse se loop - 11.

115. Lady Selbourne - 21.

116. Leeubos - 19.

117. Les Marais - 21.

118. Levi se kloof - 16.

119. Likkewaanspruit - 19.

120. Longmeadow - 16.

121. Longsiekkraal - 17.

122. Lynkloof - 10, 12.

123. Lynkloof se loop - 10.

124. Magaliesberg - 7-17, 19-21, 23.

125. Magaliesrivier - 6, 8-13.

126. Magatasgat - 8.

127. Mapoggerkraal - 17.

128. Marabaspruit - 23.

129. Martiena - 8.

130. Mayville - 21.

131. Meerhof - 14.

132. Meintjeskop - 21.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



133. Mei se nek - 16.

134. Melodie - 14.

135. Meulvoor - 6.

136. Miasfontein - 11.

137. Middelrant - 5.

138. Middelvoor - 12.

139. Modderspruit - 20.

140. Moepelkloof - 10, 18.

141. Moepelspruit - 10.

142. Mooikraal - 5.

143. Mooikraalrante - 5.

144. Moos se kloof - 10, 13.

145. Moos se loop - 10.

146. Moot, Die - 10.

147. Moretelaspruit - 24.

148. Morok se kloof - 13.

149. Mountain View - 21.

150. Mundtsbrug - 24.

151. Mundtspruit - 24.

152. Mundtsrant - 24.

153. Nefdt - 14.

154. Nols se kloof - 16.

155. Nooitgedachtkloof - 7.

156. Nooitgedachtkrans - 7.

157. Nooitgedachtloop - 6, 7.

158. Nooitgedachtnek - 7.

159. Oom Willem se spruit - 8.

160. Ou kraal, Die - 13.

161. Ou werf, Die - 13.

162. Pampoenkraal - 10, 17.

163. Pampoenkraalkloof - 10.

164. Pampoenkraalnek - 9.

165. Papkuilspruit - 9.

166. Parktown - 21.

167. Perdekampkloof - 8.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



168. Peskloof - 9.

169. Peskraal - 17.

170. Pioneer - 18.

171. Poet's Dream - 14.

172. Pretoria Gardens - 21.

173. Putjies, Die - 16.

174. Queenswood - 21.

175. Rademeyersrivier - 24.

176. Redoubt Hills - 21.

177. Remhoogte - 11.

178. Rietondale - 21.

179. Rietfontein - 21.

180. Rietfonteinspruit - 21.

181. Rietspruit - 11, 18.

182. Rietspruitjie - 23.

183. Rietvlei - 10, 11.

184. River Redoubt - 21.

185. River Side - 23.

186. Riviera - 21.

187. Rooi gat - 17.

188. Rooikrans - 9, 19.

189. Rooisloot - 5, 8.

190. Roos se Dorings - 16.

191. Roos se loop - 16.

192. Roseville - 21.

193. Runderpesgat - 23.

194. Saagkuil - 17.

195. Saartjiesnek - 16.

196. Saliekraal - 17.

197. Sandspruit/sloot - 10, 11.

198. Sandspruitjie - 23.

199. Scheerpoort - 12.

200. Scheerpoortrivier - 12.

201. Schoemansville - 14.

202. Servituutkanaal - 12.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



203. Sewani se kraal - 16.

204. Silkaatsnek - 16.

205. Silkaatsnekloop - 15.

206. Silkaatsskavot - 16.

207. Silver Sands - 18.

208. Silverton - 24.

209. Silvertonrant - 24.

210. Silvertonnel - 23.

211. Skeurkloof - 6.

212. Skeurkloofloop - 6.

213. Skuinskloof - 11.

214. Skurwekop - 5.

215. Slangkoppie - 5.

216. Spitskloof - 11.

217. Spookplaas - 16.

218. Spruit, Die - 13.

219. Suidvoor - 12.

220. Swartkoppie - 5.

221. Swartrantjies - 6.

222. Swartspruit - 17, 18.

223. Swartspruitjie - 11.

224. Sunset View - 18.

225. Tarentaalkraal - 5.

226. Tierkloof - 5.

227. Tierkop - 6.

228. Turfsloot - 5.

229. Tweeboompienek - 8.

230. Vaalkop - 7.

231. Vaalkopspruit - 7, 8.

232. Vaalsloot - 8.

233. Valsspruit - 6.

234. Villieria - 21.

235. Vlakfonteinkloof - 23.

236. Vlei, Die - 10.

237. Vlermuisgat - 19.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



238. Voetpadnek - 17.

239. Vrolikspruit - 16.

240. Vrymansholte - 16.

241. Waterkloof - 12, 18.

242. Waterklofie - 8.

243. Waverley - 21.

244. Wesfort - 18.

245. Wildealsboskloof - 7.

246. Wildealshoek - 5.

247. Wildealskloof - 11.

248. Wildevyebos - 17.

249. Wilgerboom - 23.

250. Witkleikloof - 10.

251. Witkleisloot - 11.

252. Witkleispruit - 10.

253. Witklipkloof - 17.

254. Witklipsloot - 17.

255. Witkoppie - 9.

256. Witrantjie - 6.

257. Witwaterrivier - 6.

258. Witwatersberg - 6, 8-14.

259. Wolfhuiskloof - 11.

260. Wonderboomberg - 21.

261. Wonderboomfort - 21.

262. Wonderboomnek - 21.

263. Wonderboompoort - 21.

264. Wonderboomsuid - 21.

265. Xanadu - 16.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## LYS VAN KAARTE.

1. Die Groot Moot en omgewing.
2. Robert Moffat se Reise (1829 - 1860).
3. Dr. Andrew Smith se Reis (1834 - 1836).
4. Kapt. W.C. Harris se Reis (1836 - 1837).
5. Doornspruit 99.
6. Hekpoort 122.
7. Nooitgedacht 121.
8. Hartebeestfontein 118.
9. Hartebeestfontein 119.
10. Bultfontein 120.
11. Remhoogte 40.
12. Scheerpoort 60.
13. De Rust 19.
14. Hartebeestpoort 68.
15. Syferfontein 24.
16. Rietfontein 28.
17. Kameeldrift 82.
18. Uitzicht 586.
19. Boekenhoutkloof 263.
20. Zandfontein 93.
21. Voorstede in die Groot Moot geleë.
22. Koedoespoort 299.
23. Derdepoort 469.
24. Hartebeestpoort 308.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# LYS VAN BRONNE.

## I. GEPUBLISEERDE WERKE.

ARBOUSSET ET DAUMAS: Relation d'un voyage d' Exploration. Parys, 1842.

BECKER, C.J.: Guide to the Transvaal. Dublin 1878.

BOSHOFF, S.P.E.: Volk en Taal van Suid-Afrika. Amsterdam, 1921.

BOTHA, C.G.: Place Names in the Cape District, Kaapstad, 1917. Place Names in the Cape Province. Kaapstad 1926.

BREUTZ, P.L.: The Tribes of the Rustenburg and Pilansberg districts. Staatsdrukker, Pretoria 1953. The Tribes of the Marico district. Staatsdrukker, Pretoria 1953.

CACHET, F. LION: De Worstelstrÿd der Transvalers. Amsterdam, 1882.

CORNCROFT, H. AND BARNES, A.: Barnes's Transvaal Almanack and Directory. Pretoria, 1888.

DU PLESSIS, C.J.N.: Uit de Geschiedenis van de Zuid-Afrikaanse Republiek en van de Afrikaners. Pretoria 1898.

EEUFEES-ALBUM. Pretoria se eerste eeu in beeld: Pretoria 1952.

GYSSELING, M.: Toponimie van Oudenburg, Brussel 1950.

HARRIS, CAPT. W.C.: Wild Sports of Southern Africa. London, 1844.

HELSEN, DR. J.: Toponimie van Noorderwÿk, Brussel 1944.

HECKFORD, S.: A Lady Trader in the Transvaal. London, 1882.

JEPPE, C.: Geology of the Transvaal 1877.
The Kaleisdoscopic Transvaal, London 1906.

JOUBERT, G.: Oorsprong van Tweehonderd Zuid Afrikaanse Plaatsnamen. Pretoria, 1917.

KESTELL, J.D.: Christiaan de Wet. Bloemfontein, 1920.

LA GRANGE LOMBARD: Paul Kruger. Pretoria 1925.

LINDERMANS, DR. J.: Toponimische Verschÿnselen. Brussel 1940.

MANSION, J.: De Voornaamste bestanddeelen der Vlaamsche Plaatsnamen. Brussel 1935.

MAUCH, C.: Reisen im Innern von Süd Afrika, 1865 - 1872. Gotha, 1874.

MAURICE, SIR FREDERICK EN GRANT, M.H.: History of the War in South Africa 1899 - 1902. (Four Volumes) London, 1906.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



MOFFAT, R.: The Matabele Journals of Robert Moffat. Volumes I and II Edited by J.P.R. Wallis. London 1945.

PELZER, A.N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek Deel I. Wordingsjare. Kaapstad-Amsterdam, 1950.

PETTMAN, C.: Notes on South African Placenames. Kimberley 1914. Placenames of the Orange Free State. Queenstown 1922.

PIENAAR, J. LION: Die Ras-Kanonne, Brits, 1949.

PRELLER, G.S.: Andries Pretorius, Johannesburg, 1937. Ou-Pretoria. Pretoria, 1938.

PRELLER, G.S.: Dagboek van Louis Trichardt. Kaapstad 1938.

SCHÖNFELD, M.: Veldnamen in Nederland. Amsterdam, 1950.

SMITH, ANDREW: The Diary of Dr. Andrew Smith (1834-1836) Volumes I and II. Edited by P.R. Kirby. Cape Town 1939 - 1940.

VINC VAN WYK, P.: Boerderÿnamen, over hun oorsprong, geschiedenis en betekenis.

WANGEMANN, DR.: Ein Reise-Jahr in Süd-Afrika 1866-'67. Berlyn 1868.

WEILBACH, J.D. EN DU PLESSIS, C.J.N.: Geschiedenis van de Emigranten Boeren en van den Vrÿheidsoorlog. Kaapstad, 1882.

## II. ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGE:

T.A. DU PLESSIS: M.W. Pretorius in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat. D. Phil. Proefskrif, 1947, Universiteit van Pretoria.

PIETERSE, J.J.: Die Geskiedenis van Pretoria tot 1877. M.A.-verhandeling, 1942, Universiteit van Pretoria.

VAN DER MERWE, H.J.J.M.: Ondersoek in verband met die oorsprong van Plaasname in die oostelike gedeeltes van Carolina en Ermelo. M.A.-verhandeling, 1943, Universiteit van Pretoria.

## III. ARTIKELS IN BOEKE EN TYDSKRIFTE:

DIE BRANDWAG: Die Hartebeestpoortdam, 25 November 1919. Ou Pretoria, 24 Desember 1919.

DIE BURGER: Die Herkoms van Plekname 10 September 1938 - 29 Oktober 1938.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



DIE HUISGENOOT: Suid-Afrikaanse Plek- en Plaasname. 26 Mei 1933.
Pretoria en die Voortrekkers 1 Januarie 1937.
Mosega en Marico, 28 Oktober 1938.
Die Romantiek van ons Plekname, 27 Januarie 1939, 3 Februarie 1939.
Petrus Stephanus Rademeyer, 2 Junie 1939.

SOUTH AFRICAN JOURNAL OF SCIENCE: Hottentot Placenames Volumes XVII & XIX.

NIENABER, P.J.: Suid-Afrikaanse Plekname as Studievak uit: Bundel opstellen van Oud-Leerlingen aangeboden aan Prof. Dr. C.G.N. de Vooys. Groningen-Batavia 1940.

PRETORIANA: Alle uitgawes van hierdie maandblad sedert sy ontstaan in September 1951.

RAND DAILY MAIL: The Poetry of our Placenames 29 Augustus 1928.

DIE SUIDERSTEM: Op ons Taalakker, 7 Mei 1938. 2 Julie 1838 - 20 Augustus 1938.

DIE VADERLAND: Afrikaanse Plekname. Spieël van Volk se karakter. 9 Oktober 1936.

IV. <u>ARGIVALE BRONNE:</u>

(a) Borgaktes re toekenning van Burgerregte en Plase. 1867-71. Pretoria.

(b) Landdros. Aktes van Transport. 1852-1867. Potchefstroom.

(c) Landdros van Pretoria. 1857 - 1860.

(d) Preller-versameling.

(e) Register, Aantekening van plase. 1861 - '64. Potchefstroom.

(f) Register, Eienaars van Plase. Distrik Potchefstroom.

(g) Suid-Afrikaanse Argiefstukke.
Transvaalse Volksraadnotule: (i) 1845-1850.
(ii) 1851-1853.
(iii) 1854-1858.
(iv) 1859-1863.
(v) 1864-1866.

(h) Voortrekker Argiefstukke: (i) 1829-1849.
(ii) 1850-1853.

(i) Kaart: Dept. Geological Survey of the Transvaal 1904 - 1905.

V. <u>ANDER BRONNE:</u>

Kantoor van Aktes, Pretoria.

Driehoeksmetingkantoor, Pretoria.

Kantoor van die Landmeter-Generaal, Pretoria.

---

Pta. Duplicat

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026

## AANVULLENDE STELLINGS.

I. Die Eienaam is 'n heel besondere woord aangesien dit meer gebonde is aan tyd en plek. Hoewel 'n woord nie is soos 'n etiket op 'n bottel nie, is dit met die Eienaam wel deeglik die geval. Die Pleknaam in die besonder is aan 'n bepaalde omgewing verbonde. Dit sit vas aan die plaas ens of plek en die lotgevalle daarvan hang daarmee saam.
Om hierdie rede was 'n alfabetiese bespreking van die plaas- en plekname minder wenslik. Net soos die neiging in woordeboeke nou is om woorde nie meer alfabeties nie, maar in groepe te rangskik, net so word die plekname geografies gerangskik.
Aangesien die Eienaam meer situasie-gebonde is as die gewone woord, bring die naamstudie 'n mens in aanraking met terreine wat buite die suiwer taalkunde geleë is.

II. Omdat die taalkundelyn dikwels deur die naamstudie oorskry word, word die taalkundige sy dikwels verwaarloos en word die naamstudie die wetenskap van die historiese en aardrykskundige omstandighede.
So sê M. Gysseling in Toponymie van Oudenburg van die naamstudie dat dit „ een voortdurende combinatie van taalkunde, geschiedenis, geologie en geografie " is. (Bl.19)
M. Schönfeld in sy Veldnamen in Nederland beskou die veld van die naamstudie as 'n „grensgebied". (Bl.12)
Aangesien die pleknaamstudie meebring dat 'n mens jou gedeeltelik besig hou met dinge buitekant die taalkunde, moet 'n mens rekenskap gee daarvan. Deur die materiaal gelei, moet 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat daar nie veel taalkundige konklusies daaruit getrek kan word nie.
Selfs in Europa, indien taalkundige konklusies getrek wil word, moet die stofgebied baie versigtig gekies word.
In Toponymie van Oudenburg sê M. Gysseling :„ Het gaat niet op bv. een gemeente zonder Middeleeuws archiefmateriaal aan te pakken omdat de resultaten van een dergelijk ondersoek karig en, ter oorzake van die volksetymologieën en van het verdwijnen van zeer talrijke plaatsnamen sedert die Middeleeuwen, in grote mate onbetrouwbaar zijn." (Bl. 11)
Dit is dan die waardevolle gevolgtrekking uit hierdie proefskrif, hoewel negatief, dat pleknaamstudie in 'n jong gebied minder sin het vir die taalwetenskap soos a in ouer lande van Europa of selfs in ouer dele van ons eie land.

III. Soos die etimologie of oorsprong aangegee word in baie gevalle, sonder om nadere gegewens van informante te verstrek, is dit gebaseer op die eenstemmige informasie van gewoonlik 'n aantal informante wat dit van kleinaf so vernoem het as oorgelewer van die een geslag op die ander.
Daar is geen besondere rede om daaraan te twyfel nie, maar die invloed van die volksetimologie is nie volkome uitgesluit nie. Die vraag bestaan wel of 'n mens nie konvensionele kenmerke vind nie. Sommige name is duidelik oorspronklik, bv. Draaipaadjiekop en Voetpadnek. Daar was 'n moontlikheid om te onderskei tussen moontlik konvensionele en kennelik individuele name. Nadat alle moontlike omstandighede in die verband ondersoek is, sal die twyfel nog so groot bly dat dit nie die moeite werd gelyk het om hierdie onderskeiding te maak nie.

.................

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2026